

**DIE MILITÊRE BETROKKENHEID VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN
SUB-SAHARA AFRIKA: 1993 – 2001**

Abel Jacobus Esterhuyse

**Aangebied ter gedeeltelike voltooiing van die vereistes vir die graad Magister in
Veiligheidstudies, in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan Universiteit van
Pretoria.**

2003

Dankbetuiging

Ek is dank verskuldig aan my akademiese mentors, prof Kobus Kotze, dr Deon Visser en mnr Johan Burger, vir die belangstelling in die Krygswetenskappe wat hulle gekweek het. My dank aan prof Hough, my studieleier, vir sy geduld, advies en kennis. Hierdie studie sou egter nie moontlik gewees het sonder die aanmoediging van my ouers en die onderskraging van my Skepper nie. Ek dra dit graag op aan my vrou Lizl, 'n pilaar van liefde, hoop en ondersteuning.

Abel Esterhuyse

Saldanha

2003

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Inleiding	1
1. Agtergrond	1
2. Probleemstelling.....	2
3. Doel van studie	3
4. Stellings.....	3
5. Metodologie.....	4
6. Bronne.....	5
7. Hoofstukitleg	6
8. Verwysings.....	6
Hoofstuk 1	8
Veiligheid en militêre betrokkenheid in die post-Koue Oorlog-era: 'n konseptuele raamwerk	
1. Inleiding.....	8
2. Veiligheid as begrip.....	9
3. Die veranderde aard van veiligheid in die post-Koue Oorlog-era.	11
3.1 Nuwe denke rakende veiligheid.....	11
3.2 Faktore wat die veranderende aard van veiligheid bepaal	13
3.3 Derde Wêreldveiligheid: 'n alternatiewe benadering tot veiligheid	14
4. Nuwe veiligheidsbedreigings en die wyses waarop state dit oorhoofs hanteer.	18
5. Die belang van die militêre dimensie van veiligheid in die post-Koue Oorlog-era	20
6. Militêre betrokkenheid: 'n omskrywing	21
6.1 Die nut van militêre mag in die post-Koue Oorlog-era.....	21
6.2 Aard en omvang van militêre betrokkenheid	23
6.3 Militêre betrokkenheid en militêre intervensie	26
6.4 Militêre betrokkenheid by Derde Wêreldstate.....	27
7. Samevatting	28
8. Verwysings.....	29

Hoofstuk 2

32

Post-Koue Oorlog-veiligheid in Sub-Sahara Afrika

1. Inleiding.....	32
2. Sub-Sahara Afrika: die aard van die veiligheidsomgewing	32
2.1 Koue en Post-Koue Oorlog veiligheid in Sub-Sahara Afrika	33
2.2 Die nie-militêre dimensie van veiligheid in sub-Sahara Afrika na die Koue Oorlog.....	35
2.3 Die militêre dimensie van veiligheid in sub-Sahara Afrika na die Koue Oorlog.....	38
3. Gewapende konflik: die primêre bedreiging vir veiligheid in sub-Sahara Afrika	39
3.1 Die oorsprong van gewapende konflik in sub-Sahara Afrika.....	39
3.2 Die aard van gewapende konflik in sub-Sahara Afrika.....	42
3.3 Die impak en gevolge van gewapende konflik op die veiligheidsituasie in sub-Sahara Afrika.....	43
4. Die rol van eksterne moondhede by veiligheid in sub-Sahara Afrika.....	45
4.1 Die Koue Oorlog-tydperk.....	45
4.2 Die post-Koue Oorlog-tydperk.....	46
5. Samevatting.....	47
9. Verwysings.....	48

Hoofstuk 3

52

Militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika: die VSA se belange, beleid en strategie

1. Inleiding.....	52
2. Faktore wat histories of tradisioneel die VSA se belange, beleid en strategie met betrekking tot sub-Sahara Afrika onderlê.....	52
2.1 Die gebrek aan 'n binnelandse ondersteuningsbasis vir die VSA se betrokkenheid in sub-Sahara Afrika.....	53
2.2 Die VSA se burokratiese hantering van sub-Sahara Afrika.....	55
2.3 Die VSA se benadering tot sub-Sahara Afrika tydens die Koue Oorlog	56
3. Die VSA se belange in sub-Sahara Afrika tydens die Clinton-era	57
3.1 Die grondslae van die VSA se belange in sub-Sahara Afrika	57
3.2 Die VSA se ekonomiese belange in sub-Sahara Afrika	59
3.3 Die VSA se sosio-politieke belange in sub-Sahara Afrika	59

3.4 Die VSA se militêre en strategiese belange in sub-Sahara Afrika.....	60
4. Die VSA se beleid teenoor sub-Sahara Afrika tydens die Clinton-era	61
4.1 Die grondslae van die Clinton-administrasie se beleid jeens sub-Sahara Afrika	62
4.2 Die Clinton-administrasie se beleidsdoelwitte in sub-Sahara Afrika.....	63
5. Die VSA se strategie teenoor sub-Sahara Afrika met spesifieke verwysing na die veiligheidstrategie.....	65
6. Die rol van militêre mag in die uitvoering van die VSA se strategie in sub-Sahara Afrika	67
7. Samevatting	68
8. Verwysings.....	69

Hoofstuk 4

73

Die aard en omvang van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika: 1993 – 2001.

1. Inleiding.....	73
2. Die operasionalisering van die VSA se beleid en strategie met betrekking tot militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika	74
2.1 Die VSA se benadering tot militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika	74
2.2 Die oogmerke en middele van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika	75
3. Organisatoriese oorwegings vir die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika	78
4. Die VSA se programme vir militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika.....	80
4.1 "African Crisis Response Initiative": Die vlagskip van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika	80
4.2 "African Center for Strategic Studies": Die VSA se primêre beïnvloedingsmiddel	84
4.3 Militêre opleiding, oefeninge en operasies deur die VSA-weermag in sub-Sahara Afrika	86
4.3.1 Die VSA se betrokkenheid by militêre opleiding in sub-Sahara Afrika.....	87
4.3.2 Die VSA se betrokkenheid by militêre oefeninge in sub-Sahara Afrika	88
4.3.3 Die VSA se betrokkenheid by militêre operasies in sub-Sahara Afrika	89
5. Samevatting	91
6. Verwysings.....	92

Hoofstuk 5	96
Waardeskating	
1. Opsomming van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika tydens die Clinton-era.....	96
2. Toets van die aannames wat die studie onderlê.....	97
2.1 Die VSA se gebrek aan belange in sub-Sahara Afrika.....	97
2.2 Die VSA se onwilligheid om militêr in SSA op te tree.....	98
2.3 Die bemagtiging van weermagte in sub-Sahara Afrika deur die VSA se militêre betrokkenheid	99
3. Evaluering van diie VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika	101
4. Die VSA se toekomstige militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika.....	101
5. Verwysings.....	103
Opsomming	104
Bronnelys	107

INLEIDING

1. AGTERGROND

Die militêre betrokkenheid van die Verenigde State van Amerika (VSA) by veiligheid in sub-Sahara Afrika (SSA) tydens die termyn van president William J. Clinton (1993-2001) is om verskeie redes van belang. Clinton was die eerste Amerikaanse president wat in die post-Koue Oorlog-era aan die bewind gekom het en die eerste Demokraat sedert Franklin D. Roosevelt wat vir 'n tweede termyn verkies is. Onder leiding van die Clinton-administrasie “the U.S. enjoyed more peace and economic well being than any time in its history”.¹ Die Demokratiese Party, met 'n sterk Afro-Amerikaanse ondersteuningsbasis, plaas tradisioneel groter klem op verhoudinge met Afrika as die Republikeinse Party. Clinton is slegs die tweede Amerikaanse president wat SSA tot op hede besoek het en die eerste in die post-Koue Oorlog-era.² Clinton het ook ongetwyfeld meer aandag as enige van sy voorgangers aan Afrika gegee, veral tydens sy tweede termyn as president.³ Die Clinton-administrasie het die eerste omvattende wetgewing met betrekking tot Afrika in 'n baie lang tyd aanvaar.⁴ Alhoewel die *African Growth and Opportunity Act* (1998) nie direk of uitsluitlik op SSA of op veiligheid betrekking het nie, is SSA wel daarby ingesluit en het dit 'n definitiewe impak op die aard van die VSA se betrokkenheid by veiligheid in die streek – ook militêre betrokkenheid.

Clinton se voorganger, president George Bush (1989 – 1993), het met die idee van 'n “nuwe wêreldorde” na afloop van die VSA se sukses in die 1991-Golfoorlog na vore gekom. Volgens Daalder⁵ is daar twee faktore wat hierdie nuwe wêreldorde moontlik maak: die afwesigheid (na die ineenstorting van die Sowjetunie) van enige direkte bedreiging vir kritiese VSA-belange en tweedens, die vermoë van die VSA om as die enigste oorblywende supermoondheid die leiding te neem in internasionale pogings om bedreigings vir vrede en veiligheid te beveg. Hierdie twee faktore bevorder die uitbou van kern Westerse waardes soos demokrasie, markgerigte ekonomieë en menseregte deur gesamentlike internasionale optrede – insluitend die gebruik van militêre magte.

Die nuwe wêreldorde het aansienlike veranderinge in die betrekkinge van SSA met die groot- en supermoondhede teweeggebring. Aan die positiewe kant het dit die behoefte om SSA vir surrogaatkonflik te gebruik, beëindig. Tesame daarmee is die oormatige en uitgebreide militêre hulp deur die supermoondhede aan state in SSA beëindig. Dit het ook gelei tot vooruitsigte vir die suksesvolle uitvoer van VN-vredesoperasies om die beëindiging van konflik in die streek te fasiliteer. Aan die negatiewe kant het politieke en ekonomiese belangstelling in die streek afgeneem. Dit het gepaardgegaan met 'n afname in internasionale hulp aan state in SSA. SSA

word gevolglik uitgesonder as een van die mees gemarginaliseerde wêreldstreke in die post-Koue Oorlog-era. Voorts het die potensiaal vir hernieuwe etniese, godsdienstige en stamkonflik weer na vore gekom.⁶ Sommige is gevolglik van mening dat die einde van die Koue Oorlog 'n vakuum van belange in SSA geskep het.⁷

Veiligheid in SSA vertoon 'n pendulimagtige voorkoms in die era na die Koue Oorlog – stabiliteit en oproer, optimisme en Afro-pessimisme, vooruitgang en verval.⁸ Die algemene siening is egter dat veiligheid in SSA met twee kritiese probleme verband hou, naamlik, ekonomiese vooruitgang en interne politieke stabiliteit.⁹ Anders gestel: hierdie twee faktore onderlê SSA se soeke na veiligheid. Die algemene oortuiging in SSA dat die VSA – synde die toonbeeld van ekonomiese ontwikkeling en politieke stabiliteit – 'n meer aktiewe rol in die daarstelling van veiligheid kan (en moet) speel, is verstaanbaar.

Booker¹⁰ wys daarop dat die VSA histories nie met SSA en sy inwoners identifiseer nie. Die VSA was nie deel van die "scramble for Africa" nie¹¹ en het dus nie 'n koloniale geskiedenis in SSA nie.¹² Daar bestaan egter 'n historiese en kulturele verbintenis met Afrika weens slawehandel: 'n groot deel van sy bevolking is gevolglik van Afrika-afkoms.¹³ Tradisioneel verleen die VSA voorkeur aan die voormalige koloniale moondhede om militêr in SSA betrokke te raak, of raak in samewerking met hierdie moondhede betrokke¹⁴ Die VSA het nietemin tydens die Koue Oorlog 'n geskiedenis opgebou van militêre betrokkenheid in SSA, al was dit in baie gevalle beperk tot die verskaffing van wapens. Hierdie betrokkenheid was nie altyd positief van aard nie. In sommige kringe is dit trouens as destabiliserend beskou.¹⁵ In die post-Koue Oorlog-era hoef die VSA egter nie meer 'n "smekende" houding teenoor Afrikaleiers in te neem om sodoende hul steun in 'n globale kompetisie, soos tydens die Koue Oorlog, te verseker nie.¹⁶

Clark¹⁷ beklemtoon dit egter dat Clinton nie aan die bewind gekom het met 'n uitsonderlike klem op buitelandse en verdedigingsbeleid nie. Sy klem was deurgaans op die onsekeibaarheid van binne- en buitelandse beleid, sowel as die uitgangspunt van "our national security is largely economic".¹⁸ Dit is ooglopend dat SSA in die post-Koue Oorlog-era nie 'n hoë prioriteit in die VSA se veiligheidsbeleid en -strategie geniet nie.¹⁹

2. PROBLEEMSTELLING

'n Ontleding van die VSA se militêre betrokkenheid by die veiligheid van SSA bring 'n baie duidelike paradoks na vore. Aan die een kant wil dit voorkom asof die VSA tydens die Clinton-era nie veel belang by veiligheid in SSA gehad het nie en daarom veral nie militêr in SSA betrokke wou

raak nie. Uit die aard van die VSA se posisie as die enigste oorblywende supermoondheid in die post-Koue Oorlog-era het daar egter 'n verantwoordelikheid op die VSA gerus om wel militêr betrokke te wees by die daarstelling van veiligheid in SSA. Die VSA was gevolglik met 'n dualisme gekonfronteer wat sy militêre betrokkenheid in SSA betref: 'n gebrek aan belange teenoor 'gedwonge' betrokkenheid. Die probleemstelling van hierdie studie hou gevolglik verband met die mate waarin die VSA daarin kon slaag om 'n balans te vind tussen 'n gebrek aan belange in SSA aan die een kant, en aan die ander kant, druk om wel militêr in SSA betrokke te wees.

3. DOEL VAN STUDIE

Hierdie studie het ten doel om, ooreenkomstig bogenoemde probleemstelling, die militêre betrokkenheid van die VSA by veiligheid in sub-Sahara Afrika te ondersoek en te ontleed. Om hierdie doel te bereik, fokus die studie eerstens op 'n ontleding van die omstandighede wat die militêre betrokkenheid van die VSA by veiligheid in SSA tydens die Clinton-era genoodsaak het. Die aard van militêre mag, sowel as die eksterne aanwending daarvan, word ook beklemtoon. Tweedens word aandag geskenk aan die VSA se belange, beleid en strategie wat as grondslag vir sy militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era gedien het. Laastens word die aard van die VSA se militêre betrokkenheid by veiligheid in die streek tydens die Clinton-era ondersoek.

Die waarde en bydrae van die studie moet beoordeel word teen die agtergrond van die militêre invalshoek waarmee Amerikaanse betrokkenheid by veiligheid in SSA ondersoek word. Die studie behoort aan beleidmakers en diplomate insig te verskaf betreffende die aard van Amerikaanse militêre betrokkenheid in die streek. Dit behoort egter ook vir akademici in die politieke wetenskappe, strategiese en veiligheidstudies, sowel as die openbare en ontwikkelingsomgewing, van belang te wees. Die omvang van die studie word egter beperk deur die duidelike militêre invalshoek, die tydperk ter sprake (1993 tot 2001) en die geografiese afbakening van die studie met die klem op sub-Sahara Afrika.

4. STELLINGS

Daar word baie geskryf en gepraat oor die VSA se belange in SSA, maar met die uitsondering van olie en beperkte ekonomiese belange, was daar tydens die Clinton-era nie veel wat die VSA in SSA geïnteresseer het nie. Dit kan geargumenteer word dat die VSA tydens die Clinton-era min belange in SSA gehad het wat militêre beskerming genoodsaak het.

Tweedens word aanvaar dat die VSA, soos enige ander staat, 'n keuse het rakende sy militêre betrokkenheid in SSA. As vertrekpunt moet aanvaar word dat, weens die afwesigheid van noemenswaardige belange tydens die Clinton-era, die VSA slegs militêr betrokke sou raak indien omstandighede dit sou noodsaak. In die meeste gevalle was hierdie omstandighede die gevolg van huishoudelike druk in die VSA na aanleiding van bepaalde gebeure in SSA, soos humanitêre tragedies. Die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era was gevolglik meestal reaktief van aard.

VSA militêre betrokkenheid in SSA is deur die VSA se aandrang op die beperking van ongevalle, duidelike vooruitsigte vir sukses en 'n onttrekkingstrategie voor die ontplooiing van magte onderlê. Hierdie faktore, tesame met die idee van "gedwonge" betrokkenheid, het daartoe gelei dat die VSA nie noodwendig militêre magte in SSA wou ontplooi nie. Gevolglik kan geargumenteer word dat die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era, op die bemagtiging van SSA weermagte gerig was ten einde hul in staat te stel om hul eie probleme te hanteer. Aangesien die VSA 'n keuse het rakende sy militêre betrokkenheid in SSA en nie noodwendig omvattende strategiese hulpbronne in die streek wou investeer nie, word geargumenteer dat die VSA afspeelkeuses moes maak oor sy betrokkenheid in bepaalde situasies na aanleiding van omstandighede in SSA en die res van die wêreld. Baie state in SSA het dit ervaar as 'n onwilligheid van die VSA om betrokke te raak òf het die VSA se militêre betrokkenheid beskou as synde een met 'n verskuilde agenda. Regerings in SSA het daarom meestal antagonisties teenoor die VSA se militêre betrokkenheid by veiligheid in die streek gestaan.

5. METODOLOGIE

Die studie is beskrywend-analities aan die hand van 'n enkelstaatgevallestudie. Dit gee 'n beskrywend-analitiese oorsig van die VSA se militêre betrokkenheid by veiligheid in sub-Sahara Afrika. Ten einde hierdie oorsig te kan doen, is dit belangrik om twee vertrekpunte te benut om die studie in die regte konteks te plaas. Die eerste is 'n ontleding van die aard van veiligheid in die post-Koue Oorlog-era en die manifestasie daarvan in sub-Sahara Afrika. Die tweede is 'n ontleding van die veranderende aard van militêre mag in die post-Koue Oorlog-era en die wyses waarop dit benut word om ekstern betrokke te raak. Dit is egter ook belangrik om die VSA se militêre betrokkenheid in SSA in die regte konteks te plaas. Gevolglik is dit belangrik om die VSA se belange in sub-Sahara Afrika, tesame met sy beleid en strategie jeens sub-Sahara Afrika te ontleed. Hierdie ontledings verskaf die agtergrond waarteen die manifestasie van die VSA se militêre betrokkenheid in SSA bespreek word. Die studie verskaf 'n krities-beskrywende oorsig van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika. Daar word egter nie gepoog om dit te

vergelyk of in verband te bring met byvoorbeeld Britse en Franse militêre betrokkenheid in SSA nie.

6. BRONNE

Dit dien vermeld te word dat die meeste amptelike dokumente en persverklarings van die VSA-regering, insluitende dié van die Departement van Verdediging, op die internet beskikbaar is. 'n Kritiese en evaluerende benadering in die hantering van bronne sal voortdurend nagestreef word – veral in die geval van sekondêre bronne. Vir die voltooiing van hierdie studie sal daar grootliks op amptelike beleidsdokumente van die VSA gesteun word. In hierdie verband sal die fokus geplaas word op verdedigingsoorsigte, nasionale veiligheid- en militêre strategieë, sowel as die Departement van Verdediging se Afrikastrategie tydens die Clinton-era. Uiteraard moet aanvaar word dat hierdie dokumente die amptelike nie-geklassifiseerde en gepubliseerde weergawes van die beleidsdokumente en strategieë is. Die fokus word deurgaans op die benutting van primêre bronne geplaas.

Dit sal egter nie moontlik wees om slegs op primêre bronne te steun in die ontleding van die VSA se belange in sub-Sahara Afrika nie. Dit is nie altyd moontlik om presies te bepaal wat regerings se werklike belange is nie, veral as dit nie eksplisiet geformuleer word nie. Die uitsprake van sleutelbeleidmakers en persverklarings deur regerings, tesame met die afleidings van kenners op die gebied, kan egter as vertrekpunt dien vir sodanige ontleding.

Volgens die *National Research Foundation* is daar nie voorheen in Suid-Afrika 'n studie uitgevoer ten opsigte van die VSA se militêre betrokkenheid by veiligheid in sub-Sahara Afrika nie, of wat moontlik daarmee kan oorvleuel nie. Die militêre invalshoek van die studie, die tydperk onder bespreking, sowel as die fokus op sub-Sahara Afrika, maak hierdie studie uniek. Dr A.F. Pohl het wel 'n studie onderneem met die titel "Die Betrokkenheid van die VSA en die Sowjetunie in Afrika Suid van die Sahara: 1960 – 1980". Hierdie studie is reeds in 1989 afgehandel. Dr Martha Bridgeman het ook haar D.Phil in politieke wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi met 'n verhandeling oor die VSA se beleid teenoor postapartheid Suid-Afrika. Haar studie was op beleidsaspekte gefokus en was tot Suid-Afrika beperk.

7. HOOFSTUKUITLEG

Die volgende hoofstukindeling word gebruik:

- Inleiding.
- Hoofstuk 1: Veiligheid en militêre betrokkenheid in die post-Koue Oorlog-era: 'n konseptuele raamwerk.
- Hoofstuk 2: Post-Koue Oorlog-veiligheid in sub-Sahara Afrika.
- Hoofstuk 3: Militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika: die VSA se belange, beleid en strategie.
- Hoofstuk 4: Die aard en omvang van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika: 1993 – 2001.
- Hoofstuk 5: Waardeskating.

8. VERWYSINGS

¹ *Past Presidents, Biography of William J Clinton: Forty-Second President 1993-2001*, The White House, Washington DC. Beskikbaar op die Internet by:

[<http://www.whitehouse.gov/history/presidents/bc42.html>]

² Mills, G, "South Africa, the United States and Africa", *South African Journal of International Affairs*, Vol 6, No 1, Summer 1998, p 36.

³ Minter, W, "America and Africa: Beyond the Double Standard", *Current History*, Vol 99, No 637, May 2000, p 200.

⁴ Mills, G, *op cit*, p 36.

⁵ Daalder, I H, "The United States and Military Intervention in Internal Conflict", In: Brown, M E (Ed), *The International Dimensions of Internal Conflict*, MIT Press, Cambridge, 1996, p 461.

⁶ Bacon, J *et al*, *Sub-Saharan Africa: Pragmatism in the National Interest*, Studentewerkstuk, National Defense University, National War College, 1998, p 4.

⁷ Snow, D M, *Uncivil Wars: International Security and the New Internal Conflicts*, Lynne Reiner, London, 1996, p 43.

⁸ Mills, G, *op cit*, p 38.

⁹ Higgs, R W, "The United States and Sub-Saharan Africa", *Naval War College Review*, Vol XLIX, No 1, Winter 1996, p 90.

¹⁰ Booker, S, "The Colour Line: US Foreign Policy and National Interest in Africa", *South African Journal of International Affairs*, Vol 8, No 1, Summer 2001, p 3.

¹¹ Berman, E G & Sams, K E, *Peacekeeping in Africa: Capabilities and Culpabilities*, United Nations Publications, Geneva, 2000, p 267.

¹² Alden, C, "From Neglect to 'Virtual Engagement': The United States and Its New Paradigm for Africa", *African Affairs*, Vol 99, 2000, pp 355-356.

- ¹³ Simpson, D H, "U.S. African Policy: Some Possible Course Adjustment", US Army War College Strategic Studies Institute, Carlisle Barracks, Pennsylvania, August 1994, p 7. Sien ook Booker, S, *op cit*, se bespreking van hierdie faktor.
- ¹⁴ Dickson, D A, *United States Foreign Policy Towards Sub-Saharan Africa*, University Press of America, 1985, p 169. Sien ook Alden, C, *op cit*, p. 356 in die verband.
- ¹⁵ Snow, D M, *op cit*, p 33.
- ¹⁶ Berman E G & Sams, K E, *op cit*, p 15.
- ¹⁷ Clark, M T, "The Future of Clinton's Foreign and Defense Policy: Multilateral Security", *Comparative Strategy*, Vol 13, 1994, p 181.
- ¹⁸ *Ibid*, p 182
- ¹⁹ Sien byvoorbeeld die volgende dokument van die VSA-weermag rakende sy veiligheidstrategie in sub-Sahara Afrika: US, Department of Defense, *US Security Strategy for Sub-Sahara Africa*, Office of International Security Affairs, Washington DC, August 1995.

HOOFSTUK 2.

POST-KOUE OORLOG-VEILIGHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

1. INLEIDING

Die verband tussen die VSA se militêre betrokkenheid in SSA en die aard van veiligheid in dié streek hou verband met verskeie vrae. Dui die aard van veiligheid in SSA op 'n behoefte aan die VSA se militêre betrokkenheid? Is daar 'n rol vir die VSA in die daarstelling van veiligheid in SSA? Aan die ander kant moet aanvaar word dat die VSA se amptelike siening van die veiligheidsituasie in SSA een van die faktore is wat sy betrokkenheid, veral op militêre gebied, onderlê. Anders gestel, die VSA se persepsie van die aard en omvang van veiligheid in SSA is een van die vertrekpunte in die besluit tot betrokkenheid by veiligheid in SSA. Dit is 'n persepsie wat, volgens Minter¹, deur stereotipes beïnvloed en deur “slegte nuus” vanuit SSA oorskadu word.²

Hierdie hoofstuk bring 'n teenstrydigheid na vore waarmee rekening gehou moet word. Daar word opvallend min vanuit SSA oor veiligheid in die streek geskryf. Dit is gevolglik moeilik om 'n 'Afrika-persepsie' van veiligheid daar te stel. Daarteenoor word die internasionale persepsie van veiligheid in SSA – en soms ook die plaaslike siening – in 'n groot mate deur die VSA en Westerse nuusagentskappe en akademici se beskrywings en ontledings bepaal. Die hoofstuk het eerstens ten doel om 'n oorsig te verskaf van die veiligheidsituasie in SSA. Daar word tweedens gepoog om 'n kort oorsig te verskaf van eksterne betrokkenheid by veiligheid in die streek. Die hoofstuk is hoofsaaklik beskrywend van aard. Daar word nie spesifiek gepoog om 'n omvattende uiteensetting te verskaf van die beïnvloedende faktore van die veiligheidsituasie in SSA nie, alhoewel daar kortliks na verwys word.

2. SUB-SAHARA AFRIKA: DIE AARD VAN DIE VEILIGHEIDSOMGEWING

Afrika is die tweede grootste en die tweede digstbevolkte kontinent. Die Saharawoestyn verdeel die bevolking van die kontinent op 'n noord-suid basis op grond van ras, ekonomie en geloof. SSA bestaan uit 48 state met 600 miljoen mense wat 'n duisend verskillende tale praat.³ Dié streek is gevolglik een van die mees komplekse streke in die wêreld. Hierdie diversiteit spruit voort uit verskille wat op nasionaliteit, etnisiteit, subregionaliteit, taal, ekonomiese bande en geloof gegrond is. Die streek het egter groot potensiaal, hoofsaaklik weens minerale en ander

rykdomme. Die meeste van die wêreld se goud en diamante word byvoorbeeld hier geproduseer.⁴

SSA is een van die wêreld se mees gemarginaliseerde streke - van die 20 armste state in die wêreld word 18 hier aangetref.⁵ Cochran⁶ wys daarop dat SSA se veiligheid hoofsaaklik gedefinieer word in terme van die kombinasie van die swak en mislukte aard van state, die kwesbare aard van ekonomieë en die swak sosiale omstandighede wat hieruit voortvloei. Berman⁷ argumenteer dat hierdie situasie in 'n groot mate die gevolg is van die optrede van die politieke leiers in SSA, veral die wyse waarmee gepoog word om ekonomiese en politieke mag te konsolideer met behulp van spesifieke (outokratiese) owerheidsvorme.

Alhoewel die veiligheidsomgewing in SSA geweldig kompleks is, is daar twee groeperings waarneembaar. Die eerste is 'n duidelike streeksverdeling met betrekking tot veiligheid: 'n identifiseerbare westelike, oostelike, sentrale en suidelike streek. Dit is veral die westelike en suidelike groepering wat die meeste politieke samehang vertoon en wat gesentreer is rondom twee streeksmoondhede (Suid-Afrika en Nigerië). 'n Tweede waarneembare groepering is linguisties van aard: Anglofoon-, Frankofoon- en, in 'n mindere mate, Lusofoonsprekende groeperings.⁸ Die grondslag van hierdie verdeling is gekoppel aan die onderskeie streke se koloniale verledes.

2.1 Koue en Post-Koue Oorlog veiligheid in Sub-Sahara Afrika

Min state in SSA het 'n eksterne veiligheidsprobleem wat 'n bedreiging vir die voortbestaan van die staat inhou. Dit is volgens Jackson⁹ enersyds die gevolg van SSA se geografiese marginaliteit en die relatief negatiewe houding wat grootmoondhede op verskeie terreine teenoor die streek inneem. Andersyds is dit die uitvloeisel van die demokratiese norme van die post-koloniale internasionale gemeenskap wat 'n afkeer het in die uitbuiting van ontwikkelende state deur ontwikkelde state. Jackson¹⁰ wys ook daarop dat state in die streek nie noodwendig oor 'n organisasievermoë en geloofwaardigheid beskik nie. Hulle word wel teen eksterne bedreigings beskerm deur wetlike regte (soewereiniteit) en morele aansien (internasionale legitimititeit). Voorts word SSA gekenmerk deur die wydverspreide voorkoms van interne veiligheidsprobleme – veiligheidsproblematiek wat tiperend van Derde Wêreldveiligheid is.¹¹

Verskeie akademici huldig die mening dat die aard van post-Koue Oorlog-veiligheid in SSA hoofsaaklik in die nalatenskap van kolonialisme en die Koue Oorlog gesoek moet word. Kolonialisme en die Koue Oorlog word onder andere geblameer vir die belemmering van SSA se

politieke, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling. Kolonialisme se nalatenskap is te bespeur in arbitrêre grense, intrastaatlike diversiteit en antagonismes, sowel as die gebrek aan nasionale kohesie.¹² Kolonialisme het, volgens Stedman¹³, SSA vir gewelddadige konflik vatbaar gemaak weens die oneweredige verspreiding van hulpbronne en die gebrek aan toegang tot politieke mag. Snow¹⁴ wys ook daarop dat koloniale moondhede, ter wille van 'n ekonomie van skaal, groot geografiese eenhede (state) in SSA tot stand gebring het. In die meeste gevalle is weinig pogings deur koloniale moondhede aangewend om politieke integrasie en sosio-ekonomiese kohesie in hierdie state te bewerkstellig. Van nasiebou was daar dus nie sprake nie.

Die regerings wat na onafhanklikheid in SSA tot stand gekom het, was meestal afhanklik van eksterne steun. Die behoeftes van die bevolking is meestal geïgnoreer, terwyl daar nie veel waarde geheg is aan die binnelandse legitimiteit van regerings nie.¹⁵ State is veral benadeel deur die eksterne steun wat tydens die Koue Oorlog ontvang is, dikwels gekenmerk deur die voorsiening van wapens en die ondersteuning van outokratiese regerings.¹⁶ Eksterne bystand aan regerings is egter deur die einde van die Koue Oorlog en die triomf van vryemarkidees in die internasionale finansiële instellings^a ondermyn.¹⁷

Veiligheid in SSA gedurende die post-Koue Oorlog-era vertoon 'n *Janus*-agtige voorkoms. Aan die een kant is daar duidelike waarneembare pogings om vrede, veiligheid en stabiliteit daar te stel. Dit manifesteer in 'n strewe na demokratiese regerings, vrye verkiesings en markgerigte ekonomieë. Sedert 1990 is verkiesings in 40 state van SSA gehou.¹⁸ Aan die ander kant is daar voortgesette burgeroorlog, ekonomiese agteruitgang en humanitêre rampe, met inbegrip van omgewingsdegradasie, dwelmhandel, steun aan internasionale terrorisme, VIGS en ander siektes.¹⁹ Walker²⁰ beskryf SSA gevolglik as 'n streek ". . .marked by both great promise and great peril." Onveiligheid en onstabiliteit het sedert die einde van die Koue Oorlog in verskeie vorme in SSA na vore gekom. Kroniese konflik tussen nasionale weermagte en insurgente groepe, vlugteling wat die gasheer staat destabiliseer en geweld tussen etniese en klasgebaseerde faksies, kom voor. In sommige state gebruik onderdrukkende regerings die magsinstrumente van die staat om inwoners hul basiese menseregte te ontsê. In ander gevalle word lewens en eiendom deur gewelddadige kriminaliteit bedreig. Konflik word in vele gevalle gesien as synde die oorsprong van alle veiligheidsprobleme in SSA te wees.²¹

State in SSA vertoon al die belangrike kenmerke van swak state. Die staat is egter 'n belangrike akteur met betrekking tot veiligheid in die streek. State is nie net die voorsieners van veiligheid

^a Die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds

nie. In sommige gevalle bedreig state – of die regerings van state – ook veiligheid. Onveiligheid, onstabiliteit en konflik in SSA kan in vele gevalle egter nie na die veiligheid van die staat, die regering en die gebruik van militêre mag herlei word nie. Alhoewel die staat en regering daarom relatief 'veilig' mag wees, is dit nie noodwendig altyd die geval met die inwoners van die staat nie.

Dit is daarom belangrik om kennis te neem van die rol wat nie-militêre faktore speel as potensiële oorsake van onstabiliteit, konflik en onveiligheid in SSA. Die manifestasie van hierdie faktore op 'n nie-staatlike vlak het dikwels konflik, onstabiliteit en onveiligheid op die staatlike vlak tot gevolg. Die nie-militêre dimensie van veiligheid in SSA impakteer ook op state en regerings se vermoëns om konflik te beëindig, asook om stabiliteit en veiligheid daar te stel. Dit is ook belangrik om kennis te neem van hierdie faktore aangesien ander moondhede dikwels die regerings van SSA as die veiligheidsprobleem beskou. Gevolglik word daar dikwels gepoog om op 'n nie-staatlike vlak en wyse by veiligheid in SSA betrokke te raak en sodoende die regering as tussenganger uit te skakel. Dit word gedoen deur op die nie-militêre dimensies van veiligheid te fokus. Laasgenoemde faktore wat tot onstabiliteit, konflik en onveiligheid in SSA aanleiding gee, hou hoofsaaklik verband met die aard van sosio-ekonomiese, politieke en omgewingsveiligheid in Afrika.

2.2 Die nie-militêre dimensie van veiligheid in sub-Sahara Afrika na die Koue Oorlog

SSA se ryke verskeidenheid natuurlike hulpbronne, potensiële arbeidsbronne en sy groot onontginde uitvoermark, maak dit 'n wêreldstreek met geweldige potensiaal.²² Die post-Koue Oorlog-era het egter teenstrydighede op politieke terrein na vore gebring wat hierdie potensiaal onontgin laat. Praktyke soos persvryheid, gelykheid voor die gereg, vryemarkbeginsels en die voorkoms van uiteenlopende politieke belangegroepes is wel deels gevestig. In teenstelling daarmee het negatiewe faktore wat ontwikkeling teenwerk egter bly voortbestaan: korrupsie, regeringsparasitisme, militêre betrokkenheid in die politiek, etnies gesentreerde politiek, regionale en etniese geweld, onverdraagsaamheid teenoor politieke opposisie, 'n gebrek aan kapitaal en ekonomiese afhanklikheid.²³ Samevattend kan onomwonde verklaar word dat 'n gebrek aan ekonomiese lewensvatbaarheid en politieke onstabiliteit steeds die grootste bedreigings vir veiligheid in SSA blyk te wees.²⁴

Een van die grootste politieke veiligheidsprobleme in SSA is die verpersoonliking van veiligheid. Metz,²⁵ met verwysing na SSA, beklemtoon dat ". . .security policy - like politics in general - remains personalized", terwyl Berman van mening is dat verskeie van die veiligheidsprobleme in

SSA deur sy eie leiers veroorsaak word.²⁶ Interstaatlike samewerking en antagonisme reflekteer dikwels die verhoudings tussen individuele staatshoofde, eerder as nasionale belange.²⁷

Die ekonomiese beleidsrigtings van etlike state in SSA het sedert onafhanklikheid nie volhoubare vooruitgang meegebring nie. Die vlak van kapitaalinvestering is laag, terwyl die vervaardigingssektor in sy kinderskoene verkeer. Die infrastruktuur is ook swak ontwikkel en dateer oorwegend uit die koloniale era. Swak finansiële bestuur en lenings het sommige state met 'n skuldlast gelaat wat groter is as hul bruto binnelandse produk (BBP).²⁸ Sommige van die geld wat aan SSA geleen word, beland in die buitelandse bankrekenings van die streek se leiers. Ekonomiese groei word deur die geweldige verlies aan kundigheid aan bande gelê - studente vanuit SSA wat aan Europese, Amerikaanse en ander instellings studeer, keer nie na SSA terug nie. Kulturele faktore beïnvloed ook die ekonomie; verpligtinge teenoor die uitgebreide familie en plek van herkoms, ontnem vele voornemende entrepreneurs van hul kapitaal. Ekonomiese groei word nie net deur die gebrek aan infrastruktuur, korrupsie en 'n geskoolde werksmag aan bande gelê nie.²⁹ Faktore soos die volgehoue prysdalings vir die streek se uitvoerprodukte – hoofsaaklik grondstowwe en landbouprodukte – asook die buitensporige hoë salarisse wat in die formele sektor betaal word, dra ook tot die gebrek aan ekonomiese groei by.³⁰

Die swak state van SSA beskik nie oor die kapasiteit om hul ekonomieë te diversifiseer en hul menslike hulpbronnepotensiaal te ontgin nie. Die meeste state in SSA reflekteer die ou internasionale politieke ekonomie wat hul verplig om hoofsaaklik op die uitvoer van primêre produkte te steun. Die meeste van hierdie produkte word na Westerse lande uitgevoer. Daar is gevolglik relatief min handel tussen die onderskeie state in SSA. Die afhanklikheid van buitelandse hulp en die vereffening van buitelandse skuld inhibeer ook ekonomiese vooruitgang in verskeie state in SSA.³¹

Die wêreld se hoogste geboortesiferyfer en geboortesterfesyfer word in SSA aangetref: 'n gemiddeld van 16 per 1000 persone teenoor die wêreldgemiddelde van 11. Die streek se bevolkingsgroei koers is ook die hoogste in die wêreld (2,9 persent per jaar). Die gevolg is dat 45 persent van die bevolking onder die ouderdom van 15 jaar is.³² Hierdie kenmerke stel hoë eise in terme van voedsel en werk te midde van 'n reeds wankelende ekonomie. Siektes wat eens onder beheer was, kom weer na vore.³³ Voorts is 63 persent van alle MIV-positiewe individue en 81 persent van alle MIV-positiewe vroue in die wêreld in SSA woonagtig.³⁴ Bevolkingsbewegings is ook 'n groot probleem in SSA. Hierdie fenomeen hou eensyds verband met 'n verlies aan kundige en geskoolde mense wat die streek verlaat, andersyds hou dit verband met groot getalle, meestal ongeletterde, vlugtelinge in SSA.³⁵

In SSA versak die staat dikwels sy verantwoordelikheid op maatskaplike terrein. Internasionale organisasies, nie-regeringsorganisasies en verskeie VN-liggame raak toenemend meer betrokke by ontwikkeling, opvoeding en die gesondheidssektor. Selfs met eksterne steun vind state dit moeilik om die mas op te kom, veral wat die VIGS-pandemie betref.³⁶ Vanuit 'n veiligheidssoogpunt impliseer dit dat die staat nie meer die enigste rolspeler in die daarstelling van veiligheid is nie.

Sub-Sahara Afrika is 'n wêreldstreek waar, volgens Bacon, ". . .geographic isolation and unsurpassed natural resources conspired for centuries to make it a victim of, rather than a participant in, the advancement of industrial age revolution."³⁷ Simpson beklemtoon dit dat SSA in die verlede nie gehuiwer het om sy geostrategiese waarde teenoor die res van die wêreld te beklemtoon nie. Dit was aan twee aspekte gekoppel: die strategiese belang van die seeroete om Afrika en SSA se rykdom aan strategiese minerale. Beide hierdie aspekte het hul geostrategiese relevansie in die post-Koue Oorlog verloor en sodoende tot SSA se marginalisering bygedra.³⁸

Alhoewel SSA bekend is vir sy natuurskoon, het omgewingsprobleme na vore getree wat op die lang duur negatiewe gevolge vir veiligheid mag inhou. In wese behels dit dat 'n vinniggroeiende bevolking met 'n kwesbare ekologiese sisteem kompeteer. In afgeleë gebiede gee dit aanleiding tot ernstige omgewingsprobleme as gevolg van die ontbossing en woestynvorming. Bykans 90 persent van die bevolking in SSA gebruik hout as brandstof. Van nuwe aanplantings is daar weining sprake, terwyl primitiewe boerderypraktyke ook 'n prominente rol speel in die snelle omgewingsdegradasie.³⁹ Hierdie probleme word vererger deur groot droogtes, vloede en ander natuurrampe wat algemeen voorkom. Sekere state het selfs aan ontwikkelde lande toestemming verleen vir die storting van industriële afval (dikwels toksies) binne hul landsgrense.⁴⁰ Volgens skatting is tot 40 miljoen landmyne in 18 state in SSA ontplooi. Naas die 12 000 ongevallen wat dit jaarliks veroorsaak, maak dit groot gebiede onbewoon- en onbewerkbaar.⁴¹ Genoemde faktore – en daar is vele meer – beklemtoon die toenemende belangrikheid van die omgewing ten opsigte van (on)veiligheid in SSA.

Ngubane en Solomon⁴² wys daarop dat omgewingsveiligheid in SSA veral met water- en voedselskaarste in verband gebring kan word. Dit gee aanleiding tot hongersnood en ondervoeding. Waar SSA in 1960 byvoorbeeld selfvoorsienend was in sy voedselbehoefte, was 'n derde van sy bevolking teen die 1990's van ingevoerde voedsel afhanklik.⁴³ Indien die waterskaarste krisisafmetings aanneem, kan die vele transnasionale riviere in SSA wat in baie gevalle ook as landsgrense dien, 'n potensiële bron van konflik word. Die beskikbaarheid van

genoegsame water hou direk verband met belangrike strategiese humanitêre veiligheidsaangeleenthede, aangesien dit na gesondheid, energie en voedselveiligheid herlei kan word.⁴⁴

2.3 Die militêre dimensie van veiligheid in sub-Sahara Afrika na die Koue Oorlog

Die gebrek aan goeie opleiding is een van die belangrikste probleme rakende militêre veiligheid in SSA. Die gebrek aan militêre professionalisme, 'n uitvloeisel van swak opleiding, veroorsaak dat weermagte nie 'n waardesisteem met die breë gemeenskap deel nie. 'n Gebrek aan professionalisme lei in sekere gevalle daartoe dat soldate geredelik by politieke prosesse inmeng. Ook staan hulle nie die inmenging by en wanbestuur van (operasionele) militêre aangeleenthede deur die burgerlike owerhede teen nie.⁴⁵ In sommige gevalle is militêre leiers ook meer bevoeg as politieke leiers weens hul opleiding by Westerse militêre instellings. Hulle sien gevolglik hul weg oop om die politieke mag oor te neem om sodoende beter administrasie en orde in state te verseker.⁴⁶ Militêre magte in SSA is gevolglik belangrike aktors op politieke gebied. Gutteridge, met verwysing na SSA, beklemtoon dat "(t)he question is not whether armies will participate in politics, but to what extent and by what means."⁴⁷

State ondervind probleme om militêr in hul eie veiligheid te voorsien. Verskeie weermagte in SSA beskik nie oor die dissipline en toewyding om die staat te verdedig nie. Om in hul veiligheidsbehoefte te voorsien, orde daar te stel en te handhaaf en hul militêre magte op te lei, maak verskeie state in SSA van private veiligheidsmaatskappye gebruik. Hierdie instansies voorsien oor die algemeen goeie dienste aan die staat - solank as wat hul rekenings betaal word.⁴⁸ Die swakheid van state in SSA affekteer hul weermagte. Verdedigingsbegrotings is dikwels te klein om bestaande weermagte te ondersteun. Moontlike afskaling het die potensiaal om tot onrus en selfs staatsgrepe te lei. Bonnema⁴⁹ beklemtoon dat weermagte in SSA hulself in 'n besonder vreemde situasie bevind, in die sin dat verdedigingsbegrotings dikwels te klein is om in die basiese veiligheidsbehoefte van die staat te voorsien, terwyl dit in terme van die nasionale begrotings van hierdie state buitensporig voorkom.

Die grootste probleem is egter die onvermoë van sommige weermagte om konsensus te bereik oor die identifisering van nasionale bedreigings en die ooreenkomstige weermag te ontwikkel en te onderhou wat hierdie bedreigings kan elimineer. Min state in SSA beskik gevolglik oor 'n langtermyn militêre strategie.⁵⁰ Aangesien verskeie weermagte in SSA uit koloniale veiligheids- en insurgentemagte ontwikkel het, is daar 'n geneigdheid om op binnelandse aangeleenthede te fokus. Weermagte is byvoorbeeld dikwels meer besorg oor politieke afvalliges, smokkelaars en ander subversiewe elemente as oor belangrike veiligheidsaangeleenthede. Anders gestel,

weermagte in SSA word dikwels gesien as instrumente van die regering en nie van die staat nie. Dit gebeur selfs in sommige state dat die weermag deur een etniese groep of streek gedomineer word. Die verhouding tussen die weermag en die gemeenskap word daarom dikwels deur agterdog, wantroue en vrees gekenmerk.⁵¹ Vanuit 'n militêre oogpunt, is daar gevolglik twee bedreigings waarmee weermagte en state in SSA rekening moet hou: die moontlikheid dat weermagte in opponerende faksies kan fragmenteer én die aanloklikheid wat staatsgrepe vir weermagte inhou. Die primêre oogmerk van vele state se verdedigingsbeleid is gevolglik slegs om die weermagte in uniform te hou en die soldate tot hul barakke te beperk.⁵²

Ngubane en Solomon⁵³ wys laastens daarop dat die toename in streeksgebaseerde konflikte wat na die Koue Oorlog in SSA gemanifesteer het, bevestig dat militêre bedreigings 'n realiteit is waarmee regerings in die streek rekening moet hou. Gevolglik is daar 'n neiging by verskeie state in die streek om hul weermagte op 'n permanente gereedheidsgrondslag te hou. Een noodsaaklike element in hierdie opsig is uiteraard die versekering dat voldoende wapens beskikbaar is.

3. GEWAPENDE KONFLIK: DIE PRIMÊRE BEDREIGING VIR VEILIGHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

Die feit dat sewe miljoen mense in 38 jaar (1960 - 1998) in 32 oorloë in Afrika gesterf het, is 'n konkrete bewys dat gewapende konflik die belangrikste bedreiging vir die veiligheid van SSA se inwoners is. Nog nege miljoen het gevlug weens gewapende konflik en kan as interne misplaaste persone beskou word.⁵⁴ Daar is meer gewapende konflik in SSA as enige ander wêreldstreek.⁵⁵ Meer as 800 000 Rwandese is in net meer as twee maande in 1994 in 'n volksmoord uitgewis. Tussen 1991 en 1993 is meer as 400 000 Somalies dood weens oorlogverwante hongersnood.⁵⁶

3.1 Die oorsprong van gewapende konflik in sub-Sahara Afrika

Die regte historiese invalshoek om die oorsprong van gewapende konflik in die post-Koue Oorlog te verstaan, is belangrik. Kolonialisme en die Koue Oorlog is in dié verband uitgesonder. State in SSA is sedert onafhanklikwording in die 1960's deur politieke onstabieleit gekenmerk. Die oorsprong hiervan was hoofsaaklik te vinde in die politieke en ekonomiese omstandighede na onafhanklikheid, tesame met die beleidsrigtings wat regerings nagestreef het om politieke mag te behou en te konsolideer.⁵⁷ Dit is deur die veranderde houding van internasionale finansiële instellings aangehelp. Dié instellings het 'n toenemende onverdraagsaamheid jeens wanbestuur

en korrupsie deur regerings in SSA geopenbaar. Strenger eise ten opsigte van ekonomiese omstandighede moes nagekom word alvorens eksterne ekonomiese en finansiële hulp verkry kon word. Sommige state het egter op supermoondheidsteun staatgemaak om hierdie maatreëls te omseil. Die einde van die Koue Oorlog het egter die manipulerings van die supermoondhede deur regerings in SSA, in ruil vir hul steun in 'n globale geostrategiese stryd, beëindig.⁵⁸

Die logiese gevolgtrekking sou wees dat die einde van die Koue Oorlog SSA se kapasiteit vir konflik sou verminder. Die teendeel het egter gebeur. Die einde van die geostrategiese magstryd het inderdaad tot die verswakking van state aanleiding gegee en die voorkoms van opstand teen staatsgesag verhoog.⁵⁹ Konflik het nie net die state waarin dit fisies voorkom bedreig nie, maar het 'n rimpel-effek op streeksvlak en SSA as geheel tot gevolg gehad. Die oorspoel-effek van vlugtelingen is 'n goeie voorbeeld.⁶⁰ Voorts het die toenemende demokratisering van state in SSA regerings die slagoffers laat word van onrealistiese verwagtings van die publiek. Die publiek is ook meer krities teenoor onrealistiese beleidsrigtings, die swak benutting van nasionale hulpbronne, ondoeltreffende regering en die onbeholpe hantering van gemeenskapskrisisse.⁶¹

Twee neigings het in die post-Koue Oorlog-era die strategiese landskap in SSA help vorm. Aan die positiewe kant het leiers hul afhanklikheid van eksterne hulp probeer oorkom deur self verantwoordelikheid vir regionale veiligheid en stabiliteit te aanvaar. Die 1998 *Strategic Assessment from the Strategic Studies Institute* stel dit soos volg: ". . .the trend is clear: in the past African leaders would have looked to developed nations or the United Nations to oversee crisis resolution or organized efforts to deal with violence, but now are seeking to do so themselves."⁶² Dit het aanleiding gegee tot 'n soeke na maniere om konflik te beëindig. Aan die negatiewe kant was daar nie aanduidings dat politieke leiers in SSA afsien van hul geneigdheid om in naburige state in te meng nie. Die teendeel is eerder waar – in die 1990's is 'n toename van sodanige aktiwiteite ervaar. Metz⁶³, met verwysing na state in SSA, stel dit eksplisiet: ". . . they seem to have lost any inhibition on intervention in neighboring states." Inmenging in eksterne konflikte en die verspreiding van gewapende konflik in SSA het trouens 'n noue band. Daar is verskeie redes waarom state in SSA 'n geneigdheid openbaar om tydens gewapende konflik by ander state betrokke te raak:

- Rebelgroepe stig basisse of beset gebiede oor grense heen ten einde toegang tot hulpbronne of 'n toevlugsoord wat as beskerming teen die staat se veiligheidsmagte kan dien, te hê. Dit word dikwels gedoen met die toestemming van die naburige staat.

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- Regeringsmagte voer operasies in buurstate uit in 'n poging om rebellebasisse en logistiek te vernietig en die buurstaat sodoende te ontmoedig om as toevlugsoord vir rebellegroepe te dien.
- Gewelddadige konflik het ook na ander state versprei in gevalle waar regerings insurgensie gebruik om buurstate te verswak en te destabiliseer. Dikwels het dit ten doel om wedywing in regionale verband te neutraliseer. Steun aan rebellegroepe dien dan as plaasvervanger vir direkte interstaatlike konflik.

Hierdie optrede deur state moet gesien word binne die konteks van die drie pertinente oorsake van konflik in SSA wat deur Furley⁶⁴ geïdentifiseer word. Die eerste het 'n koloniaal-historiese grondslag naamlik, die onbevredigende aard van nasionale grense. Enersyds lei die verdeling van stamme oor staatsgrense heen tot poreuse grense wat maklik as toevlugsoord tydens insurgensiekonflikte gebruik kan word. Andersyds het dit veelvolkige state in SSA geskep. Nasiebou is gevolglik 'n voorvereiste vir veiligheid. Dit is dus verstaanbaar dat etnisiteit as tweede oorsaak van gewapende konflik uitgesonder word. Laastens skep die benarde ekonomiese toestand in vele state die grondslag vir armoede, nepotisme, korrupsie en 'n klasseverdeeldheid. Genoemde oorsake word wêreldwyd met lae-intensiteit, gewapende konflik geassosieer.

Furley se siening word weerspieël in die vyf oorsake van gewapende konflik in SSA wat deur die Sekretaris-generaal van die VN, Kofi Annan, in sy verslag aan die Veiligheidsraad in 1998, geïdentifiseer word. Dit sluit in:

- Historiese nalatenskappe. Die invloed van kolonialisme, die Koue Oorlog en onsuksesvolle post-Koue Oorlog-vredesoperasies (byvoorbeeld die tragedies in Somalië en Rwanda) word in die verband uitgesonder.
- Interne faktore. Erkenning word gegee aan die realiteit dat konflik in die streek nie slegs aan historiese faktore toegeskryf kan word nie. Swak politieke en ekonomiese besluitneming en 'n kultuur van "the-winner-takes-all", word in die opsig uitgesonder.
- Eksterne faktore. Die rol van eksterne moondhede in die aanhitsing van konflik op 'n indirekte wyse of deur direkte intervensie. Dit het ook betrekking op state in SSA wat by konflikte buite hul grense betrokke raak.
- Ekonomiese oorwegings. Die gebrek aan finansiële aanspreeklikheid, beleidsverskille oor die beheer van hulpbronne en die "winsmotief" wat in konflikte opgesluit is.

- Unieke situasies. Dit sou gevaarlik wees om slegs aan die algemene oorsake van konflik in SSA oorweging te skenk, sonder om die fokus te plaas op die oorsake wat gekoppel is aan die uniekheid van elke konfliksituasie.⁶⁵

Dit is duidelik dat die oorsake van konflik in SSA veelsoortig en uiteenlopend van aard is én die streek se diversiteit en kompleksiteit reflekteer. Sommige oorsake is suiwer huishoudelik, ander reflekteer die dinamika van die onderskeie streke, terwyl sommige belangrike internasionale dimensies het.⁶⁶

3.2 Die aard van gewapende konflik in sub-Sahara Afrika

Die meeste konflikte in SSA word gekenmerk deur die onkonvensionele aard daarvan. Ook is hierdie konflikte nie noodwendig tot die grense van een staat beperk nie. Hierdie regionaliteit skep verskeie veiligheidsprobleme naas die maatskaplike en politieke onstabiliteit wat daarmee gepaardgaan -waarvan die proliferasie van onwettige kleinwapens die belangrikste is.⁶⁷

Die post-Koue Oorlog-era het 'n verandering in die aard van oorlog in SSA meegebring in die sin dat die deelname van verskeie groepe en faksies dit in kompleksiteit laat toeneem het. Konflikte in SSA in die post-Koue Oorlog is in verskeie gevalle gekenmerk deur die verskyning van krygshere (*warlords*) en kultusbewegings, die toenemende kriminalisering van gewapende konflikte, asook die aanwending van huursoldate en private militêre- en veiligheidsmaatskappye. Konflikte in hierdie era word daarom dikwels as gemeenskapsoorloë gekenmerk. Dit het nie net binne gemeenskappe as sulks plaasgevind nie, maar die burgerlike bevolking of individuele groepe was dikwels die teken van die vegtende faksies.⁶⁸

Konflik in SSA in die post-Koue Oorlog-era is selde oor idees of ideologie; dit kan ook slegs op 'n indirekte wyse aan etnisiteit en identiteit toegeskryf word. Vir Westerlinge met hul Clausewitz-paradigma is voorgenoemde soms moeilik om te verstaan, aangesien alle konflikte in SSA nie noodwendig die verwesenliking van politieke oogmerke ten doel het nie. Bykans alle konflikte in SSA hou verband met natuurlike hulpbronne. Konflik vervul egter ook 'n sosiale funksie in SSA, synde dit 'n rol speel in "group bounding and psychic fulfillment".⁶⁹ Passie neem dikwels die plek in van rede.

Metz⁷⁰ wys daarop dat state in SSA selde op owerste wyse militêre mag teen buurstate aanwend; hulle steun eerder op indirekte aggressie en sogenaamde "proxy violence." Hierdie indirekte aggressie is die gevolg van religieuse, etniese en persoonlike konflik. Interne konflik wat

voortvloei vanuit 'n stryd om politieke beheer is egter algemeen en 'n groot bron van onstabieleit en onveiligheid. Sogenaamde "complex emergencies" is egter die grootste veiligheidsprobleem in SSA in die post-Koue Oorlog-era. Hierdie verskynsel is die uitvloeisel van verskeie faktore: swak state; etniese spanning; die onderdrukking van minderhede; korrupte en diktatoriale regeerders; ondersteuning van politieke leiers deur internasionale wapenhandelaars; kroniese armoede en onderontwikkeling; en die skuldmas van verskeie state in SSA. Metz wys daarop dat ". . .complex emergencies do not entail traditional force-on-force warfare, but sustained, low intensity (albeit often brutal) violence involving militias, warlord armies, state forces and, sometimes, private security forces."⁷¹

Lodge⁷² onderskei tussen sewe verskillende tipes gewapende konflikte in Afrika sedert 1990. Die meeste hiervan het in SSA voorgekom. Lodge se tipologie sluit die volgende in:

- Etniese kompetisie om politieke beheer.
- Regionale of sessesionistiese rebellies.
- 'n Voortsetting van bevrydingskonflikte.
- Fundamentalistiese godsdienstige teenstand teen sekulêre gesag.
- Konflik weens die disintegrasie en mislukking van state.
- Grensdispute.
- Uitgerekte konflik binne verpolitiseerde militêre groeperinge.

Die Britse Departement van Internasionale Ontwikkeling identifiseer vier tipes konflikte in Afrika in 'n konsultasiedokument getitel "The Causes of Conflict in Africa"⁷³, waarvan drie in SSA aanwesig is. Dit sluit in: faksionele konflikte; volksmoorde en etniesgebaseerde konflikte; en sogenaamde "new warfare" - regionale konflikte. Regionale konflikte word beskryf as sogenaamde nuwe konflikte, aangesien dit elemente van al die ander tipes bevat, insluitend konvensionele konflikte.

3.3 Die impak en gevolge van gewapende konflik op die veiligheidsituasie in sub-Sahara Afrika

Die voorkoms van veral intrastaatlike konflik het verskeie implikasies. Die staat se vermoë om te regeer word negatief geaffekteer en streeksveiligheid word bedreig, veral as gevolg van die voorkoms van rebellegroepe, onwettige wapens en vlugteling. State se vermoë om rebellegroepe te beheer, het gekwyn. In sommige gevalle het die rebelle groter onafhanklikheid ontwikkel weens hul benutting van natuurlike hulpbronne soos diamante en hout in die gebiede

onder hul beheer en die aanwending van huursoldate om hul vegvermoëns te verbeter. Die groot hoeveelhede wapens wat gebruik is tydens bevrydingoorloë is steeds in SSA in omloop. Sommige state het nie die fisiese vermoë of politieke wil om die verspreiding van wapens te stop nie. Die groot hoeveelhede wapentuig in SSA word voortdurend van een konflik na 'n volgende gesirkuleer.⁷⁴ In mislukte state dra die beskikbaarheid van wapens by tot 'n fragmentering van groepe, wat weer 'n onderhandelde skikking bemoeilik. Dit is ook bydraend tot die voorkoms van geweldadige kriminaliteit.⁷⁵

Gewapende konflik skep humanitêre tragedies in SSA. In 1999 het dertien state in SSA meer as 100 000 interne misplaaste persone gehad. Vlugteling, 'n uitvloeisel van gewapende konflik, is 'n algemene verskynsel in SSA.⁷⁶ State het dikwels onvoldoende infrastruktuur om die groot getalle vlugteling te hanteer.⁷⁷ Die maklikste wyse waarop dit meestal gedoen word, is deur die skepping van vlugtelingkampe. Hierdie kampe is egter weer 'n maklike werwingsbron vir rebelle. Tweedens kan groot getalle vlugteling gemeenskappe oorweldig en konflik oor kos, water en skuiling tot gevolg hê. Laastens is groot getalle vlugteling 'n ekonomiese las, terwyl ernstige gesondheidsprobleme in die gasheerstaat geskep kan word. Dit kan maklik tot vlugtelingehaat in 'n gasheerstaat aanleiding gee.⁷⁸ Konflikte in SSA word voorts gekenmerk deur die geweldadige aard daarvan. Die skepping van 'n kultuur van vrees, geweld en terreur is dikwels die enigste uitvloeisel daarvan. Kinders is dikwels die slagoffers, terwyl die benutting van kindersoldate 'n algemene wanpraktyk in sommige van die konflikte in SSA is.⁷⁹

Gewapende konflik het aansienlike ekonomiese implikasies vir SSA. Produksie en lewenskwaliteit word negatief geaffekteer. Toegang tot landbougrond word dikwels bemoeilik, nie net tydens konflikte nie, maar ook daarna. Die wydverspreide voorkoms van landmyne is 'n goeie voorbeeld. Produksie word verlaag deur 'n infrastruktuur wat deur gewapende konflik vernietig is. Gewapende konflik maak goeie regering – die voorsiening van goedere en dienste én die handhawing van wet en orde – dikwels onmoontlik. Voorts bring dit 'n finansiële skuld, die onbeheerde uitbuiting van hulpbronne en georganiseerde kriminaliteit mee. Dit benadeel nie net internasionale investering in die konflikgeteisterde gebiede nie, maar dikwels ook die streek.⁸⁰

Dit is nie slegs die voorkoms van konflik wat die veiligheidsituasie in SSA bemoeilik nie, maar ook die reaksie daarop. Volgens Stedman⁸¹ word ses regionale, kontinentale en internasionale reaksies ontlok:

- militêre steun of inmenging om een van die betrokke partye te ondersteun;
- vredesafdwinging om vegtende partye te dwing om 'n skikking te aanvaar;

- humanitêre inmenging ten einde die effek van konflik te minimaliseer;
- mediasie ten einde 'n onderhandelde skikking te bewerkstellig;
- voorkomende diplomاسie ten einde te voorkom dat konflik gewelddadig raak; en
- die opbou van 'n regionale vermoë om konflikte te bestuur.

Dit is duidelik dat die negatiewe gevolge van konflik nie streeksgebonde is nie. In sommige gevalle word die meegevoel van groepe buite die streek ook aangewakker, veral waar menslike lyding ernstige afmetings aanneem. Dit is slegs een van verskeie redes waarom eksterne moondhede dikwels betrokke raak by veiligheid in SSA.

4. DIE ROL VAN EKSTERNE MOONDHEDE BY VEILIGHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

Die einde van die Koue Oorlog het 'n verandering in die betrokkenheid van eksterne moondhede by veiligheid in SSA meegebring. Gevolglik is dit sinvol om te onderskei tussen betrokkenheid by veiligheid in SSA tydens die Koue Oorlog en die era daarna.

4.1 Die Koue Oorlog-tydperk

SSA was selde indien ooit van kritieke belang vir die supermoondhede tydens die Koue Oorlog. Gevolglik het dit nie dieselfde mate van betrokkenheid, ondersteuning en belangstelling ontlok as streke soos die Midde-Ooste en Suidoos-Asië nie. Die voormalige koloniale moondhede, veral Frankryk, het oorwegend die nodige beskerming en hulp aan voormalige kolonies verleen. In sekere gevalle het die VSA en die voormalige Sowjetunie egter ook op 'n omvattende wyse betrokke geraak, veral in die Horing van Afrika en Suider-Afrika. Die Horing van Afrika het nie 'n koloniale geskiedenis nie, terwyl geografiese naasliggendheid daarvan aan die Midde-Ooste van strategiese belang vir die grootmoondhede was. Suider-Afrika met sy vele insurgensiekonflikte was 'n arena van potensiële konfrontasie tussen supermoondhede. Supermoondheid betrokke was in dié geval veral instrumenteel van aard. Clapham stel dit soos volg: "They could afford to treat it as a resource on which they could draw, and which enhanced more than it threatened their own security, and the role which they play in world affairs."⁸²

Daar was gevolglik 'n onewewigtigheid rakende eksterne betrokkenheid in SSA tydens die Koue Oorlog. Indien 'n eksterne moondheid dit in sy belang geag het om betrokke te raak en nie ag te slaan op ander grootmoondhede se afkeer van sy optrede nie, kon geen staat in die streek dit voorkom nie, selfs nie die Organisasie van Afrika Eenheid (OAE) nie. Aan die ander kant is dit egter 'n realiteit dat geen Westerse staat of selfs die Sowjetunie en die Sjinese Volksrepubliek, of

enige ander belangrike moondheid buite die streek, ooit enige soewerein-onafhanklike staat in SSA bedreig het nie. Eksterne betrokkenheid is trouens meestal deur state in SSA verwelkom.⁸³

Supermoondheid betrokkenheid in SSA is tydens die laaste fase van die Koue Oorlog (vanaf 1970) verhoog. State is tydens hierdie era in meerdere of mindere mate by die Koue Oorlog-alliansiestrukture ingesluit. Dit was egter meestal teenproduktief, aangesien dit met omvattende wapenvoorsiening aan state in die streek gepaardgegaan het. Dit was teenproduktief tot die mate dat wapentuig nie veel waarde het indien die meganismes wat beheer daarvoor moes uitoefen, nie effektief gefunksioneer het nie. In vele gevalle was hierdie burgerlik-militêre beheerstrukture afwesig of ontoereikend. Regerings in SSA is gevolglik kwesbaar gelaat weens die eksterne betrokkenheid tydens die Koue Oorlog.⁸⁴

4.2 Die post-Koue Oorlog-tydperk

Hierdie kwesbaarheid is aanvanklik in die post-Koue Oorlog-era ondervang deur die Weste se herontdekking van die universele waardes van demokrasie en menseregte, tesame met die demokratisering van vele state in SSA. Die Weste se aanvanklike bereidwilligheid om, selfs militêr in die era direk na die Koue Oorlog, in SSA betrokke te raak, moet teen die agtergrond van hierdie fokus op demokrasie en dit wat daarmee gepaardgaan, gesien word. Hierdie bereidwilligheid om betrokke te wees, het egter nie lank geduur nie. Clapham stel dit soos volg: “Western states could not in any event have been expected to maintain an active commitment to democratisation and conflict resolution in Africa, once the first wave of enthusiasm had passed, and the costs of involvement – in a continent where their economic interests were negligible – had become apparent.”⁸⁵

Eksterne betrokkenheid by die veiligheid van state in SSA in die post-Koue Oorlog-era moet egter gesien word teen die agtergrond van ‘n herdefiniëring en verbreding van die konsep “soewereiniteit”. Die oorwegende siening was dat veral streeks- en globale instellings soos die OAE en die VN gemoeid moet wees, nie net ten opsigte van die voorkoming en oplossing van interstaatlike veiligheidsprobleme en konflik nie, maar ook met intrastaatlike veiligheidsprobleme en konflik. Hierdie idee is deur twee beginsels onderlê. Eerstens is daar geargumenteer dat eksterne betrokkenheid geregverdig kon word indien daar ‘n totale ineenstorting van wet en orde is; die bevolking aan onmenslike lyding onderwerp word; en daar ‘n groot moontlikheid is dat die situasie na buurstate kon oorspoel. Tweedens is aanvaar dat voorkomende optrede nodig mag wees, veral in gevalle waar die konflikpotensiaal groot is.⁸⁶

Daar is verskeie tendense waarneembaar wat eksterne betrokkenheid by die veiligheid van state in SSA tydens die post-Koue Oorlog-era betref. Die beëindiging van die Koue Oorlog het meegebring dat eksterne moondhede hul betrokkenheid in SSA in heroorweging geneem het ten einde dit in balans te bring met hul eie nasionale belange. In die meeste gevalle het dit tot verlaagde betrokkenheid in SSA gelei. Dit is gerugsteun deur die toenemende betrokkenheid van eksterne nie-staatlike akteurs by die veiligheid van SSA. Alhoewel direkte konflik tussen state steeds nie wydverspreid voorgekom het nie, is die era na die Koue Oorlog ook gekenmerk deur die indirekte betrokkenheid van verskeie state in SSA by die veiligheid van ander state in die streek – veral deur middel van die sogenaamde “war by proxy”. In die meeste gevalle behels dit die ondersteuning van die gewapende opposisie in buurstate. Hierdie konflikte is dikwels godsdienstig of etnies van aard. In ander gevalle het buurstate direk by konflikte betrokke geraak deurdat hul grondgebied as afspringplek deur oorlogvoerendes gebruik word. Dit is vergemaklik deur state se onvermoë om grense te beheer in onherbergsame gebiede of grense wat etnies- of stamverdelend van aard is.⁸⁷

Eksterne betrokkenheid het ook nuwe momentum gekry met die toenemende klem op vredesoperasies as middel om veiligheidsprobleme en konflik in SSA op te los. In hierdie verband is die rol van die VN en streeksinstellings, soos die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG), toenemend op die voorgrond geplaas. Twee duidelik waarneembare tendense rakende ekstern geïnisieerde vredesoperasies in SSA verdien vermelding. Eerstens het die mislukking daarvan in state soos Angola, Rwanda, Somalië en Sierra Leone daartoe gelei dat state soos die VSA, Frankryk, Brittanje en andere ‘n versigtigheid geopenbaar het om by sodanige operasies in SSA betrokke te raak. Hierdie state het egter tweedens inisiatiewe geïnisieer om ‘n inheemse regionale vredesmagvermoë te ontwikkel ten einde state in SSA in staat te stel om hul eie veiligheidsprobleme te hanteer. Programme deur state soos die VSA, Frankryk en Brittanje om streeksgebaseerde vredesmagvermoëns daar te stel, is minder kontroversieel as direkte militêre bystand aan spesifieke state.⁸⁸

5. SAMEVATTING

Is daar 'n behoefte in SSA aan militêre betrokkenheid deur die VSA by veiligheid in SSA? Die antwoord op hierdie vraag spruit voort uit die kompleksiteit van veiligheid in SSA. Dit kan nie ontken word nie dat SSA deur onstabiliteit en onveiligheid gekenmerk word nie. Een van die grootste probleme is die wydverspreide voorkoms van konflik wat in die meeste gevalle aan die afwesigheid van militêre veiligheid toegeskryf kan word. Die sosio-ekonomiese, politieke en omgewingsbedreigings is egter ineengewef met die voorkoms en oorspoeleffek van konflik. Dit

dra aan die een kant tot die voorkoms van konflik by, terwyl konflik weer aanleiding gee tot die voorkoms van sosio-ekonomiese, politieke en omgewingsbedreigings.

Die verbetering van, en behoefte aan, militêre veiligheid is egter nie noodwendig gekoppel aan die beëindiging van konflik of die voorsiening van militêre hulp nie. Net soos in die geval van die komplekse aard van veiligheid in SSA, sal die soeke na oplossings vir veiligheidsprobleme ook 'n geïntegreerde benadering vereis. Een aspek rakende die behoefte aan militêre hulp, steun en betrokkenheid by veiligheid in SSA is egter duidelik – dit mag nie die enigste vorm van eksterne veiligheidshulp wees nie. 'n Geïntegreerde benadering word vereis: enige vorm van militêre steun moet voorsien word in samehang met ekonomiese, politieke en ander vorme van steun. Ook mag militêre betrokkenheid nie net gefokus wees op die daarstelling van militêre veiligheid nie. Dit moet 'n bydrae lewer oor die breë spektrum van veiligheid, met inbegrip van die daarstelling en verbetering van SSA se sosio-ekonomiese, politieke en omgewingsveiligheid. Dit gee aanleiding tot die vraag rakende die wyse waarop weermagte aangewend kan word ter ondersteuning van sosio-ekonomiese, politieke en omgewingsveiligheid.

Die VSA sal nie militêr betrokke kan wees by die daarstelling van veiligheid in SSA sonder 'n deeglike begrip van die kompleksiteit van die streek se veiligheidsproblematiek nie. Ook sal die VSA se militêre betrokkenheid deel moet wees van 'n meer omvattende beleid en strategie om op 'n positiewe wyse tot die veiligheid van SSA by te dra. Die vraag is of die VSA se beleid en strategie met betrekking tot SSA tydens die Clinton-era voorsiening gemaak het vir 'n meer omvattende benadering ten einde die veiligheid van die streek op 'n konkrete wyse aan te spreek. Die antwoord op hierdie vraag word in die volgende hoofstuk ondersoek met 'n ontleding van die VSA, spesifiek die Clinton-administrasie, se belange, beleid en strategie teenoor SSA.

9. VERWYSINGS

¹ Minter, W, "United States and Africa: Starting Points for a New Policy Framework", *Foreign Policy in Focus*, Special Report #8, November 1999, p 1.

² Stedman, S J, "Conflict and Conciliation in Sub-Saharan Africa", In: Brown, M E (Ed), *The International Dimensions of Internal Conflict*, MIT Press, Cambridge, 1996, p 235.

³ Cochran, E S, "The Pivotal State: Post-Apartheid South Africa", *Parameters*, Vol XXX, No 4. Winter 2000-01, p 86,

⁴ Catiore, R C, "A CINC for Sub-Saharan Africa: Rethinking the Unified Command Plan", *Parameters*, Vol XXX, No. 4, Winter 2000-01, p 105.

⁵ *Ibid.*

⁶ Cochran, E S, *op cit*, p 89.

- ⁷ Berman, E G & Sams, K E, *Peacekeeping in Africa: Capabilities and Culpabilities*, United Nations Publications, Geneva, 2000, p 16.
- ⁸ Metz, S, "Refining American Strategy in Africa", *Strategic Studies Institute Monograph*, Strategic Studies Institute, US Army War College, Pennsylvania, February 2000, pp 3-4.
- ⁹ Job, B L (ed), *The Insecurity Dilemma: National Security of Third World States*, Lynne Reinner, London, 1992, pp 89-90.
- ¹⁰ *Ibid*, p 88.
- ¹¹ *Ibid*, p 90.
- ¹² Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, p 13.
- ¹³ Stedman, S J, *op cit*, p 236.
- ¹⁴ Snow, D M, *Uncivil Wars: International Security and the New Internal Conflicts*, Lynne Reinner, Bouldre, 1996, p 29.
- ¹⁵ Stedman, S J, *op cit*, p 236.
- ¹⁶ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, p 15.
- ¹⁷ Stedman, S J, *op cit*, p 236.
- ¹⁸ Cochran, E S, *op cit*, p 87.
- ¹⁹ US, Department of Defense, Office of African Affairs, *US DoD Africa Strategy*, August 1995, p 1.
Beskikbaar op die internet by:
[http://www.defenselink.mil/policy/isa/a...office_affrican_affairs_strategy.html]
- ²⁰ Walker, N J & Hanauer, L, "EUCOM and Sub-Saharan Africa", *Joint Forces Quarterly*, Spring 1997, p 103.
- ²¹ Henk, D, "Peace and Security in Africa: Contributions by the United States", *ISS Monograph No 35*, 1999, sien Henk se uiteensetting van onstabiliteit en onveiligheid in die inleiding.
- ²² Bacon, J *et al*, *Sub-Saharan Africa: Pragmatism in the National Interest*, Studentewerkstuk, National Defense University, US National War College, 1998, p 2.
- ²³ Tilford, E H (ed), "World View: The 1998 Strategic Assessment from the Strategic Studies Institute", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, 26 February 1998, p 68.
- ²⁴ Higgs, R W, "The United States and Sub-Saharan Africa", *Naval War College Review*, Vol XLIX, No 1, Winter 1996, p 90.
- ²⁵ Metz, S, "Refining American Strategy in Africa", *op cit*, p 2.
- ²⁶ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, p 16.
- ²⁷ Henk, D & Metz, S, "The United States and the Transformation of African Security: The African Crisis Response Initiative and Beyond", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, 5 December 1997, p 6.
- ²⁸ Cochran, E S, *op cit*, p 88.
- ²⁹ Sien Metz, S, "A Strategic Approach to African Security: Challenges and Prospects", *African Security Review*, Vol 9, No 3, 2000 se uitgebreide bespreking van hierdie aangeleenthede.

- ³⁰ Hammond, A, *Which World? Scenario's for the 21st Century*, Shearwater, Washington D.C. 1998, p 189.
- ³¹ Ngubane, S & Solomon, H, "Southern Africa's New Security Agenda", *Africa Insight*, Vol 32, No 1, March 2002, pp 63 - 64.
- ³² Verbrugge, K *et al*, *Sub-Saharan Africa: Adrift in a Sea of Misery. Defining U.S. National Strategy*, Studentewerkstuk, National Defense University, National War College, 1997, pp 2-3.
- ³³ US DoD Africa Strategy, *op cit*, p 6.
- ³⁴ Verbrugge, K, *op cit*, pp 2-3.
- ³⁵ Ngubane, S & Solomon, H, *op cit*, p 62.
- ³⁶ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, p. 17.
- ³⁷ Bacon, J, *op. cit*, p 1.
- ³⁸ Simpson, D H, *U.S. African Policy: Some Possible Course Adjustment*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pensylvania, August 1994, pp, 4-5.
- ³⁹ US DoD Africa Strategy, *op cit*, p 6.
- ⁴⁰ Metz, S, "A Strategic Approach to African Security: Challenges and Prospects", *op cit*, p 8.
- ⁴¹ Webbladsy: *International Federation of the Red Cross and Red Crescent Societies*. "Landmines in Africa" Beskikbaar op die Internet by: [<http://www.ifrc.org/WHAT/health/archi/fact/fmines.htm>]
- ⁴² Ngubane, S & Solomon, H, *op cit*, p 61.
- ⁴³ US DoD Africa Strategy, *op cit*, p 6.
- ⁴⁴ Ngubane, S & Solomon, H, *op cit*, p 61.
- ⁴⁵ Diomandé, M, "Strategy for Increased Stability in Africa", *Naval War College Review*, Autumn 1994, p 75.
- ⁴⁶ Snow, D M, *op cit*, p 33.
- ⁴⁷ Gutteridge, W, "Undoing Military Coups in Africa", *Third World Quarterly*, Vol 7, No 1, January 1995, p 79.
- ⁴⁸ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, p 18.
- ⁴⁹ Bonnemaïson, E, "Security Sector Planning in Africa: Military Force as a Public Good", *Africa Security Review*, Vol 11, no 2, 2002, p 33.
- ⁵⁰ *Ibid*,
- ⁵¹ Henk, D & Metz, S, *op cit*, pp 8-9.
- ⁵² Bonnemaïson, E, *op cit*, p 33.
- ⁵³ Ngubane, S & Solomon, H, *op, cit*, pp 60-61.
- ⁵⁴ *Die Burger*, (Kaapstad) 4 April 2002,
- ⁵⁵ Cochran, E S, *op cit*, p 89.
- ⁵⁶ Stedman, S J, *op cit*, p 235.
- ⁵⁷ *Ibid*, p. 238.
- ⁵⁸ *Ibid*, p. 243.
- ⁵⁹ Lodge, T, "Towards an Understanding of Contemporary Armed Conflict in Africa", In: "*Whither Peacekeeping in Africa?*", ISS Monograph No 36, April 1999, p 1.

- ⁶⁰ Minter, W, "America and Africa: Beyond the Double Standard", *Current History*, Vol 99, No 637, May 2000, p 208.
- ⁶¹ Bonnemaïson, E, *op cit*, p 32.
- ⁶² Tilford, E H, *op cit*, p 67.
- ⁶³ Metz, S, "Refining American Strategy in Africa." *op cit*, p 2.
- ⁶⁴ Furley, O, *Conflict in Africa*, Tauris, London, 1995, pp 2 - 4.
- ⁶⁵ Annan, K, "The Causes of Conflict and the Promotion of Durable Peace and Sustainable Development in Africa", *Secretary General's Report to the United Nations Security Council 16 April 1998*, pp 3-5.
- ⁶⁶ *Ibid*, p 3.
- ⁶⁷ Ngubane, S & Solomon, H, *op cit*, p 61.
- ⁶⁸ US, Department of State, "Arms and Conflict in Africa", *Report of the Bureau of Intelligence and Research*, Bureau of Public Affairs, July 1999, p 2.
- ⁶⁹ Metz, S, "Refining American Strategy in Africa." *op cit*, pp 45-49.
- ⁷⁰ *Ibid*, p 12.
- ⁷¹ *Ibid*. pp 45-49.
- ⁷² Sien Lodge, T, *op cit*. se artikel vir 'n volledige bespreking van hierdie tipologie.
- ⁷³ United Kingdom, *The Causes of Conflict in Africa*, Africa Policy and Economics Department, Department of International Development, Consultation Document, London, March 2001. pp 8-9.
- ⁷⁴ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, pp 19-20.
- ⁷⁵ Stedman, S J, *op cit*, p 247.
- ⁷⁶ *The Causes of Conflict in Africa*, *op cit*, p 10
- ⁷⁷ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, p 21.
- ⁷⁸ Stedman, S J, *op cit*, p 246.
- ⁷⁹ *The Causes of Conflict in Africa*, *op cit*, pp 10-11.
- ⁸⁰ *Ibid*, pp 11-12.
- ⁸¹ Stedman, S J, *op cit*, p 249.
- ⁸² Clapham, C, "International Relations in Africa after the Cold War", In: Hale, W & Kiele, E (eds), *After the Cold War. Security and Democracy in Africa and Asia*, Tauris, London, 1997, pp 100-101.
- ⁸³ Job, B L, *op cit*, pp 88-90.
- ⁸⁴ Clapham, C, *op cit*, p 103.
- ⁸⁵ *Ibid*, p 110.
- ⁸⁶ Rugumamu, S M, "State Sovereignty and Intervention in Africa", *Conflict Trends*, No 4/2001. p 4.
- ⁸⁷ Cilliers, J, "Security in Africa" Referaat gelewer tydens die Ministriële Konferensie rakende Veiligheid, Stabieleit, Ontwikkeling en Samewerking in Abudja, Nigerië, 8 Mei 2000. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.iss.co.za/Pubs/Other/Abudja.html>]
- ⁸⁸ *Ibid*.

HOOFSTUK 3

MILITÊRE BETROKKENHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA: DIE VSA SE BELANGE, BELEID EN STRATEGIE

1. INLEIDING

Sub-Sahara Afrika het nog altyd laaste op die VSA se buitelandse prioriteitslys verskyn, na Europa, Asië, die Midde-Ooste en die Amerikas. Hierdie prioritering is 'n logiese uitvloeisel van die VSA se oorkoepelende globale strategiese, politieke en ekonomiese belange. Ten spyte hiervan het die VSA egter nog altyd 'n redelike mate van betrokkenheid in SSA gehandhaaf. Laasgenoemde bly egter 'n komplekse streek met uiteenlopende veiligheidsprobleme en het die potensiaal om die VSA eensydig of deur middel van die VN of streeksorganisasies, by veiligheidsprobleme in die streek te betrek.¹

Perry, Minister van Verdediging in die Clinton-administrasie, wys daarop dat die VSA in die era direk na die Koue Oorlog daarna gestreef het om die verspreiding van demokrasie in die wêreld te bevorder; om volgehoue groei in nuwe handelsverhoudings vir die VSA te verseker; en om die verdere verspreiding van kommunikasiemiddele wêreldwyd te ondersteun. Daarteenoor is die VSA se vrese in dié era hoofsaaklik geskoei op die proliferasie van wapens van massavernietiging; etniese haat wat state uitmekaar skeur; terrorisme deur ekstremistiese groepe; en die streeksbedreigings wat sogenaamde “skurkstate” inhou.² Die VSA se belange, beleid en strategie in SSA moet teen die agtergrond van hierdie oorwegings ondersoek word.

'n Bespreking van die VSA se belange, beleid en strategie is 'n belangrike vertrekpunt vir 'n studie rakende die VSA se militêre betrokkenheid in SSA. As vertrekpunt is dit noodsaaklik om daardie faktore uit te sonder wat histories of tradisioneel die VSA se verhouding met die streek onderlê. Hierdie faktore geniet gevolglik aandag voordat die VSA se belange, beleid en strategie tydens die Clinton-era in groter detail bespreek word. Die bespreking word afgesluit deur kortliks te verwys na die faktore wat die VSA se militêre betrokkenheid in die streek onderlê het.

2. FAKTORE WAT HISTORIES OF TRADISIONEEL DIE VSA SE BELANGE, BELEID EN STRATEGIE MET BETREKking TOT SUB-SAHARA AFRIKA ONDERLÊ

Die VSA se beleid jeens SSA is nog altyd deur 'n voorkeur aan Europese belange in die streek gekenmerk. Europa geniet nie net voorkeur en prioriteit in die formulering van die VSA se

buitelandse beleid nie, maar SSA word ook tradisioneel as 'n deel van die Europese invloedseer gesien. Die VSA was daarom nog altyd baie versigtig om 'n beleid teenoor SSA te formuleer wat teenstrydig mag wees met dié van sy Europese bondgenote. Die VSA verleen gevolglik voorkeur aan sy Europese bondgenote in die hantering van, en optrede in, SSA.³

Booker wys daarop dat die VSA se hantering van SSA tradisioneel deur 'n mate van Eurosentrisme gekenmerk word: ". . .most Americans (blacks included) and their most influential institutions remain profoundly Eurocentric in their understanding or construction of the national interest."⁴ Volgens Dickson was daar ook nog altyd 'n mate van ongeërgdheid by die beleidmakende amptenare in die VSA te bespeur ten opsigte van inheemse politieke oorwegings in SSA. Dit is logies om te aanvaar dat kennis van die plaaslike omstandighede 'n voorvereiste is vir beleidmaking ten opsigte van enige spesifieke streek of staat. Minter wys juis daarop dat ". . . one indispensable requirement for constructive outside involvement with Africa is greater sensitivity to the diversity and complexity of African realities."⁵ Hierdie sensitiwiteit is nie 'n tradisionele kenmerk van die VSA se benadering tot SSA nie.

Schreader⁶ beklemtoon daarom dat die VSA se beleid teenoor SSA histories deur ". . .indifference, at worst, and neglect, at best" gekenmerk word. Daar is 'n kennisgaping rakende SSA by politici in die VSA. Dit is ook waarneembaar by die algemene publiek in die VSA wat, volgens Schreader, 'n *National Geographic*-beeld van SSA het. Hierdie beeld word veral geskep deur die media se safari-agtige verslaggewing oor SSA. Selfs onder akademiërs in die VSA is 'n gebrek aan grondige kennis oor SSA te bespeur. Dit is veral waarneembaar wat die studie van buitelandse beleid en internasionale verhoudings met betrekking tot Afrika betref.⁷ Daar is veral twee tekortkominge waaraan die VSA hom gevolglik dikwels skuldig maak: die onvermoë om te beseef wat in individuele state in SSA besig is om te gebeur en 'n onvermoë om die waarskynlike impak van spesifieke VSA-beleid op interstaatlike verhoudings in SSA te voorspel⁸

2.1 Die gebrek aan 'n binnelandse ondersteuningsbasis vir die VSA se betrokkenheid in sub-Sahara Afrika

Clough⁹ wys daarop dat die VSA se betrokkenheid in SSA in die VSA bevraagteken word. Weens die algemene publiek se beeld van, en 'n gebrek aan kennis met betrekking tot SSA, is dit moeilik om met die streek te assosieer, gesien in die lig van SSA se diverse, soms chaotiese en meestal depressiewe realiteite. Die gevolg is die afwesigheid van 'n kragtige, samehangende en blywende binnelandse ondersteuningsbasis vir die ontwikkeling van 'n effektiewe en volhoubare beleid teenoor SSA. In die afwesigheid van konkrete belange speel persepsies 'n belangrike rol in die

daarstelling van beleid teenoor SSA. Daar is, volgens Clough¹⁰, veral drie redes wat onderliggend is aan die algemene publiek se onvermoë om met SSA te assosieer en die VSA se beleid teenoor die streek te ondersteun:

- **Daar is geen 'Afrika' nie.** State soos Israel, Pole en Indië is vir baie Amerikaners 'n konkrete werklikheid waarmee hulle kan identifiseer en assosieer. Dit is egter nie die geval met spesifieke state of streke in Afrika nie. Die neiging is bloot om slegs 'Afrika' as 'n verwysingsraamwerk te gebruik. Afrika se diversiteit en uiteenlopendheid van state bestaan dus nie in baie Amerikaners se verwysingsraamwerk van die kontinent nie, om nie eens te praat van SSA. Die algemene publiek in die VSA het 'n kontinentale verwysingsraamwerk, "black Africa", in stede van 'n staats- of streekpersepsie met betrekking tot Afrika
- **Dit is nie duidelik wie die "Africans" is nie.** Net soos daar geen 'Afrika' is waarmee Amerikaners kan identifiseer nie, is daar ook geen "Africans" nie. Afrikane word gekenmerk aan hul diversiteit. Anders as in die geval van Duitsland, Frankryk en Italië byvoorbeeld, is die nasionale karakter van verskillende Afrikastate nie altyd opvallend sigbaar nie. Hoe lyk 'n tipiese Suid-Afrikaner? Wat is die ooglopende verskil tussen 'n Rwandees en 'n Ugandees? Deel van die probleem is om vas te stel wie werklik die mense van Afrika verteenwoordig. Tydens die onafhanklikheidskonflikte het beide die regerings en bevrydingsorganisasies daarop aanspraak gemaak dat hulle die belange van die inwoners verteenwoordig. In baie state maak opposisieleiers daarop aanspraak dat hul groter steun van die bevolking geniet as die regering. Zimbabwe is die mees onlangse voorbeeld in die verband.
- **Nuus uit Afrika is meestal slegte nuus.** Dit kan nie ontken word nie dat van die wêreld se grootste tragedies hul in Afrika afspeel: konflik, hongersnood, volksmoord en MIV, om slegs enkeles te noem. Die media slaag ook nie altyd daarin om 'n gebalanseerde beeld van Afrika oor te dra nie.

Die gevolge van hierdie faktore is velerlei. Dit ontmoedig investering deur die VSA; dit kortwiek openbare steun vir ontwikkelingsbystand; en dit ontmoedig swart Amerikaners om hulle positief met die kontinent te assosieer. Hierbenewens belemmer dit akademiese ontwikkeling met spesifieke fokus op Afrika, terwyl dit politici in die VSA ontmoedig om hulle met Afrika te bemoei.

2.2 Die VSA se burokratiese hantering van sub-Sahara Afrika

Al hierdie faktore dra daartoe by dat daar in die VSA 'n neiging is om die verantwoordelikheid vir die daaglikse hantering van SSA-kwessies aan middelvlakampptenare oor te laat. Daar is ook 'n neiging, volgens Schreder¹¹, om dit oor te laat aan daardie regeringsinstansies wat primêr op die politiek-militêre dimensies van buitelandse verhoudinge fokus soos die Departemente van Buitelandse Sake en Verdediging, die CIA (*Central Intelligence Agency*), asook daardie gespesialiseerde agentskappe wat spesifiek met SSA gemoeid is. Die burokrasie speel gevolglik 'n belangrike rol in beleidskwessies jeens SSA. Twee onderliggende faktore is hier ter sprake: die min aandag wat die president tradisioneel aan aangeleenthede in SSA skenk en die neiging dat die VSA se Europese bondgenote, weens hul koloniale verlede, verantwoordelikheid vir Westerse belange in die streek sal aanvaar.

Hierdie burokratiese hantering van beleid het twee gevolge. Eerstens lei dit daartoe dat Afrika elke vier tot agt jaar, of wanneer 'n nuwe administrasie die bewind in die VSA oorneem, 'herontdek' word. Gevolglik is daar 'n gebrek aan kontinuïteit in die VSA se beleid teenoor SSA.¹² Tweedens lei dit tot 'n neiging by die beleidmakers in die VSA om die streek te ignoreer totdat 'n krisis hul aandag verg. Dit skep 'n situasie waar beleid deur gebeure bepaal word, in stede daarvan dat beleid gebeurde rig.¹³ Dit veroorsaak fluktuasies in die VSA se beleid teenoor SSA. Schraeder¹⁴ wys gevolglik daarop dat die evolusie van die VSA se beleid met betrekking tot SSA 'n algemene patroon vorm met drie duidelik identifiseerbare stappe:

- Beleid wat verband hou met roetine situasies moet verstaan word teen die agtergrond van die invloed van die burokratiese agentskappe in die beleidsmakingsproses. In sodanige situasies is 'n inkrementele benadering tot veranderinge in beleid waarneembaar. Die beste voorspeller van toekomstige beleid is die huidige beleid.
- Waar omstandighede verander vanaf roetine na krisissituasies, sal die burokratiese invloed verminder. Die lokus vir besluitneming verskuif na die President en sy buitelandse beleidsadviseurs. Die kans vir beleidsverandering indien die Withuis beheer oorneem, is goed.
- Indien 'n krisissituasie verder voortduur is die kans goed dat meer belangegroepe betrokke sal raak, dat veranderinge in beleid gedebateer sal word, en dat dit sal oorspoel na die openbare sektor. Dit mag lei tot 'n situasie waar die beleidsmakingsproses grootliks afhang van die besluite deur die Huis van Verteenwoordigers. Alhoewel die kans vir 'n beleidsverandering goed is, mag die

touttrekkery tussen die Senaat en die Huis van Verteenwoordigers voorkom dat eenparige besluite geneem word.

Dickson¹⁵ wys gevolglik daarop dat burokratiese en geopolitieke oorwegings tradisioneel sentraal staan in die daarstelling van die VSA se beleid met betrekking tot SSA. Binnelandse nie-burokratiese en ekonomiese oorwegings neem 'n ondergeskikte of sekondêre rol in, terwyl kulturele oorwegings slegs van akademiese belang is. Booker¹⁶ argumenteer dat die primêre oogmerk van die VSA se beleid teenoor SSA tradisioneel daarop gerig word om te voorkom dat dit die VSA se beleidsoogmerke en betrekking met ander streke sal belemmer nie. Clough¹⁷ ondersteun hierdie siening deur daarop te wys dat amptenare nog altyd baie vryheid gehad het in die VSA se hantering van SSA, op voorwaarde dat hulle binne drie riglyne funksioneer:

- "Don't spend much money;
- Don't take stands that might create domestic controversies;
- Don't let African issues complicate policy toward other, more important, parts of the world."

SSA word gevolglik, volgens Schraeder¹⁸, as "backwater" hanteer in beleidmakende kringe indien dit vergelyk sou word met die tyd en hulpbronne wat aan ander streke bestee word. "The African lobby on Capital Hill suffers", volgens Berman en Sams, "from a lack of resources and has virtually no domestic constituency." ¹⁹ 'n Voormalige VSA-ambassadeur in Suid-Afrika, Princeton Lyman, wys egter daarop dat daar heelwat ironie te bespeur was in die Clinton-administrasie se hantering van SSA. Vir die eerste keer sedert die Kennedy-era was daar "high level attention and interest" teenoor SSA, maar die laagste vlak van effektiwiteit en invloed denkbaar.²⁰

2.3 Die VSA se benadering tot sub-Sahara Afrika tydens die Koue Oorlog

Die VSA se betrokkenheid in SSA tydens die Koue Oorlog het die grondslag gelê vir die daaropvolgende era. Tydens die Koue Oorlog is die idee van die indamming^a van kommunisme deur die VSA ook in SSA vooropgestel ten einde die invloed van die Sowjetunie te beperk, pro-Westerse regerings daar te stel en toegang tot minerale te verseker. Belangrik was egter die onaanvaarbaarheid van grootskaalse militêre optrede deur die VSA in die streek wat beslag gekry het. Dikwels is koverte optrede geloods om pro-Westerse regerings in die streek te ondersteun. Daar was egter geen wydverspreide steun in die VSA vir die investering en besteding van

^a "containment"

uitgebreide materiële bystand in SSA nie, ook nie op militêre terrein nie. Hoë uitvoerende amptenare het meestal onverskillig teenoor die VSA se betrokkenheid in SSA gestaan.²¹

Histories gesproke het die VSA baie min belang in SSA. Die VSA was nie deel van die "scramble for Africa" nie. Gevolglik is daar nie koloniale belange nie. Tydens die Koue Oorlog was sy belangstelling in SSA gesetel in geostrategiese oorwegings deurdat die VSA verskeie state ondersteun of teengestaan het. Dit is meestal gedoen deur die voorsiening of weerhouding van militêre uitrusting en finansiële hulp. Toegang tot die streek se strategiese hulpbronne en die gebruik van die Kaapse seeroete was vir die VSA van belang - veral in die geval van 'n moontlike konflik met die Sowjetunie. Die vraag is egter of die VSA tydens die Clinton-era enige konkrete belange in SSA gehad het om militêre betrokkenheid in die streek te regverdig?

3. DIE VSA SE BELANGE IN SUB-SAHARA AFRIKA TYDENS DIE CLINTON-ERA

Die daarstelling van 'n buitelandse en veiligheidsbeleid en die formulering van strategie vereis drie keuses, naamlik: die identifisering van oogmerke wat nagestreef word; die keuse van die toepaslikste middel(e) om daardie oogmerke te bereik; en die bepaling van die beste handelswyses om die middele te optimaliseer in optrede om die oogmerke te bereik. Belange en die beskikbaarheid van hulpbronne onderlê die besluite met betrekking tot die oogmerke, middele en optrede wat nagestreef word.

Haass²² waarsku egter teen die oorbeklemtoning van belange as 'n grondslag vir beleid en optrede, aangesien die praktiese waarde daarvan bevraagteken kan word. Belange is egter van groot waarde waar die gebruik van militêre mag oorweeg word. Hoe belangriker die belang(-e), hoe sterker is die aanvanklike aanname dat mag 'n toepaslike middel is om dit te beskerm of uit te brei. Duidelik gedefinieerde belange verminder die behoefte aan debatvoering en die voortdurende heroorweging van beleid, terwyl die kontinuïteit van beleid van een regering na 'n volgende verseker word. Waar daar twyfel oor belange bestaan, is beleid meestal sensitief vir die reaksie van die kiesers en middelvlak burokrate.²³

3.1 Die grondslae van die VSA se belange in sub-Sahara Afrika

Ooglopend stel die VSA nie baie hulpbronne beskikbaar vir optrede in SSA nie.²⁴ Henk²⁵ wys ook daarop dat daar nie algemene eenstemmigheid onder die breë publiek is rakende die VSA se "nasionale belange" in SSA nie. Geen administrasie het tot op hede 'n duidelike lys van die VSA se belange in SSA die lig laat sien nie. Tydens die Clinton-era is optrede wat tot vrede en

veiligheid in SSA sou kon bydra, ook nie voorafgegaan deur die identifisering van belange om enige optrede mee te regverdig nie - nie in die privaat- of openbare sektor nie. Ten minste stem Amerikaners saam dat daar wel belange in SSA is wat nagestreef moet word, hetsy dit geartikuleer word of nie. In baie gevalle is dit egter media-gedrewe en tydelik van aard.²⁶

Art²⁷ onderskei tussen lewensbelangrike^b en gewenste^c belange wat deur die VSA nagestreef word. Eersgenoemde staan sentraal met betrekking tot die VSA se fisiese veiligheid en ekonomiese vooruitgang. Volgens Art kan drie kategorieë in hierdie verband onderskei word: die voorkoming van 'n direkte aanval op die VSA; die versekering van vrede tussen die grootmoondhede in Eurasië; en derdens toegang tot veilige oliereserwes teen 'n stabiele prys ten einde ontwinging van die wêreld ekonomie en dié van die VSA in die besonder te voorkom. Gewenste belange word moeiliker met die aanwending van militêre mag verseker. Internasionale ekonomiese vryheid en die afwesigheid van maatreëls wat die vrye vloei van goedere en dienste tussen state aan bande lê, is die belangrikste in dié verband. Dit omvat egter ook die uitbreiding van demokrasie, die beskerming van menseregte en die voorkoming van volksmoorde, asook omgewingsprobleme soos globale verhitting. Indien genoemde belange krities in oënskou geneem word, is dit ooglopend dat, indien SSA nie 'n bedreiging van massavernietiging vir die VSA inhou nie, die VSA geen lewensbelangrike belange in die streek nastreef nie. Sekondêre belange is wel belangrik in dié sin dat gebeure in SSA nie negatief op die VSA se ekonomiese voorspoed; sy strewe om demokrasie en menseregte te bevorder; en sy oogmerk om massa- of volksmoorde te voorkom, moet inwerk nie.

Schraeder²⁸ identifiseer enkele faktore waarom Derde Wêreldstate in die post-Koue Oorlog-era vir die VSA van belang is. As ontluikende markte is hulle van potensiële belang vir handel en investering. Tweedens het die Derde Wêreld na die Tweede Wêreldoorlog 'n teater van konflik van toenemende omvang en intensiteit geword. Derde Wêreldstate beskik in toenemende mate oor konvensionele militêre vermoëns en wapens van massavernietiging. Dersens het strategiese denkrigtings in die VSA die voortdurende klem op 'n volskaalse konvensionele oorlog in Europa en elders verruil vir denke rakende die voorkoms van lae-intensiteit konflik in Derde Wêreldstate. Militêre strateë beklemtoon gevolglik die noodsaaklikheid dat die VSA sy militêre vermoëns heroriënteer om sodoende onkonvensionele bedreigings te hanteer. Ook is daar die oortuiging dat die VSA se belange in Derde Wêreldstate die grondslag vorm van sy militêre optrede en intervensies.

^b "Vital interests"

^c "Desirable interests"

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

Die einde van die Koue Oorlog het ook 'n afname in die VSA se belangstelling in SSA tot gevolg gehad. Daar is geen substansiële militêre teenwoordigheid in SSA nie. Die VSA se globale militêre struktuur dra in wese by tot die streek se marginalisering.²⁹ Die Nasionale Veiligheidsstrategie³⁰ van 1997 stel dit implisiet dat die VSA die volgende belange in SSA nastreef:

- Die bekamping van transnasionale bedreigings en wapens van massavernietiging;
- die beëindiging van regionale konflik;
- 'n stabiele streek gekenmerk deur volhoubare ekonomiese groei; en
- 'n streek waarin demokrasie en respek vir menseregte waarneembaar is.

Hierdie uiteensetting is egter baie wyd en vaag. Die vraag is of die VSA enige konkrete ekonomiese, sosio-politieke en strategies-militêre belange in SSA het?

3.2 Die VSA se ekonomiese belange in sub-Sahara Afrika

Volgens die veiligheidsstrategie wat in Augustus 1995 gepubliseer is, beskik die VSA slegs oor beperkte ekonomiese belange in SSA. Alhoewel dit nie juis 'n noemenswaardige persentasie van die VSA se totale uitvoere verteenwoordig nie, is goedere ter waarde van sowat \$4.4 biljoen in 1994 na SSA uitgevoer. Dit verteenwoordig 80 000 werkseleenthede in die VSA. Dit dien egter vermeld te word dat genoemde uitvoer hoofsaaklik tot sleutelstate soos Suid-Afrika en Nigerië beperk is.³¹

Die VSA besef egter dat SSA vanuit 'n ekonomiese oogpunt nie geïgnoreer mag word nie; dit beskik oor 'n bevolking van meer as 800 miljoen; beslaan 20 persent van die wêreld se grondgebied; en beskik oor 'n rykdom van natuurlike hulpbronne en biodiversiteit. Om ekonomies betrokke te wees, is gevolglik in die VSA se belang aangesien SSA 'n ontluikende mark is. Die VSA se veiligheidsstrategie beklemtoon egter dat ekonomiese groei en die uitbreiding van ekonomiese belange in die streek, stabiliteit en die voortgesette uitbouing van demokrasie vereis.³² In die lig van die feit dat die VSA ongeveer 15 persent van sy olie uit SSA invoer, is dit nie vergesog om toegang tot die natuurlike hulpbronne van SSA as van lewensbelang vir die VSA te beskou nie.³³

3.3 Die VSA se sosio-politieke belange in sub-Sahara Afrika

Politieke stabiliteit in Afrika - of die gebrek daaraan - is onderliggend aan verskeie van SSA se probleme. Heelwat van die VSA se belange in SSA sentreer gevolglik rondom politieke stabiliteit.

Sommige akademici is van mening dat die uitbreiding en beskerming van die VSA se politieke en ekonomiese invloed die enigste oogmerke behoort te wees wat in SSA nagestreef word.³⁴ Die VSA kan geen belange in SSA nastreef sonder 'n stabiele politieke omgewing nie, daarom die betrokkenheid by demokratiese politieke hervorming wat tot die ontginning van die volle potensiaal - veral ekonomies - van die streek en sy mense sal lei.³⁵

Gesondheidsoorwegings en die verspreiding van siektes soos MIV is vir die VSA van groot belang, synde dit nie deur doeanes en grensbeheer gekeer kan word nie. Dieselfde geld vir humanitêre krisisse, misplaaste persone en vlugteling.³⁶ Dit is veral humanitêre rampe - TV-beelde van hongersnood, vloede, geweld - wat die algemene publiek in die VSA tot optrede aanspoor en druk op die regering plaas om op te tree.³⁷ Die state van SSA verteenwoordig ook 'n groot persentasie van VN-lidstate en beskik oor aansienlike invloed by 'n verskeidenheid van forums waar hul steun vir die VSA tot voordeel mag wees.³⁸

3.4 Die VSA se militêre en strategiese belange in sub-Sahara Afrika

Volgens die veiligheidsstrategie van die VSA is sy veiligheidsbelang in SSA beperk:

"At present we have no permanent or significant military presence anywhere in Africa: We have no bases; we station no combat forces; and we homeport no ships. We do desire access to facilities and material, which have been and might be especially important in the event of contingencies or evacuations. But ultimately we see very little traditional strategic interest in Africa."³⁹

Die VSA se "Office of African Affairs DoD Africa Strategy" beklemtoon egter dat die VSA wel veiligheidsbelange in SSA het. Dit moet egter binne die raamwerk van die VSA se globale belange gesien word. Dit sluit in die bekamping van transnasionale bedreigings soos die proliferasie van wapens en materiaal vir wapens van massavernietiging; internasionaal georganiseerde misdaad; dwelmsmokkelary; en internasionale terrorisme. Toegang tot basisse en fasiliteite is belangrik, veral in gevalle waar ontruimingsoperasies uitgevoer moet word om die veiligheid van VSA burgers te verseker.⁴⁰ Dit het ook betrekking op humanitêre en bystandsoperasies tydens byvoorbeeld natuurrampe.

Dit is ooglopend dat die VSA baie min belang in SSA het. Naas toegang tot olievelde in sekere state, is daar nie lewensbelangrike belange wat nagestreef word nie. Sommige reduseer die VSA

se belange in SSA tot twee konsepte, naamlik stabiliteit en toegang.⁴¹ Dit is hierdie gebrek aan belange wat die grondslag vorm van die VSA se buitelandse en veiligheidsbeleid jeens SSA.

4. DIE VSA SE BELEID TEENoor SUB-SAHARA AFRIKA TYDENS DIE CLINTON-ERA

Die VSA se beleid teenoor SSA was met die Clinton-administrasie se bewindsaanvaarding by 'n kruispad:

- Die VSA kon voortgaan deur sy fokus in SSA van een krisis na 'n volgende te verplaas, kommer uit te spreek oor die veiligheidsituasie in die streek en die streek se inwoners te kritiseer vir hul mislukkings in die verlede, terwyl daar relatief min gedoen word om woorde in daade en hulpbronne te omskep.
- Die VSA kon openlik en eerlik verklaar dat sy belange in SSA minimaal en sy vermoë om 'n betekenisvolle rol te speel, beperk is, én dat die VSA hom gevolglik weerhou van optrede in die streek ten einde ander moondhede 'n kans te gee om 'n betekenisvoller bydrae in die streek te lewer.
- Die VSA kon poog om 'n realistiese beleid daar te stel om 'n volgehoue en konstruktiewe betrokkenheid in die streek te bevorder.⁴²

Clark⁴³ wys daarop dat Clinton nie baie klem op buitelandse en verdedigingsaangeleenthede tydens sy verkiesingsveldtog geplaas het nie. Die Clinton-administrasie het buitelandse beleidsaangeleenthede ooreenkomstig sekere riglyne hanteer. Die eerste was dat binne- en buitelandse beleid onlosmaaklik aan mekaar verbind is en nie op 'n betekenisvolle wyse in isolasie hanteer kon word nie. Hierdie riglyn is telkens deur die Clinton-administrasie toegepas. Selfs aan die einde van die Clinton-administrasie se bewind in Maart 2000, het Madeleine Albright, Minister van Buitelandse Sake, dit steeds beklemtoon: "With the Cold War behind us and the global economy encompassing us, there is no clear dividing line between domestic and international affairs."⁴⁴ Die tweede riglyn hou verband met "the moral principles most Americans share". Dit verwys in wese na die beginsels van demokratiese regering wat deur buitelandse beleidsoprede bevorder moes word. Laastens is beklemtoon dat die VSA se nasionale veiligheid hoofsaaklik in ekonomiese terme gedefinieer word. Dit kom daarop neer dat die Clinton-administrasie gepoog het om weg te beweeg van die buitelandse beleid wat gedurende die Koue Oorlog gevolg is en hoofsaaklik op magspolitiese geskoei was.⁴⁵

4.1 Die grondslae van die Clinton-administrasie se beleid jeens sub-Sahara Afrika

Clinton se buitelandse beleid teenoor SSA het gevolglik enersyds gesentreer rondom die bevordering van liberale demokrasie. Die "US Policy for a New Era in Sub-Saharan Africa" het dit in 1993 soos volg verduidelik: "Democratic systems that respect human rights and seek equitable economic growth are the best guarantees of peaceful change and stability. They provide the peaceful, stable environment essential to sustain development."⁴⁶ Andersyds was internasionale handel en ekonomiese oorwegings die fokuspunt: "The United States will work for sustained equitable development through market-based reforms that rely more on the private sector and promise to reduce dependence on external aid."⁴⁷ Verskeie faktore het in die guns van laasgenoemde benadering getel:

- die afwesigheid van 'n dreigende supermoondheidskonflik;
- ontwikkelingshulp wat grotendeels in Washinton in onguns verval het;
- die VSA wat in die era na die Koue Oorlog die langste periode van ekonomiese groei in sy geskiedenis beleef het; en
- ontwikkelende markte wat goeie opbrengste op investering gebied het.⁴⁸

Dit is egter belangrik om hierdie fokus in die regte konteks te plaas. Albright stel dit soos volg: "The fundamental purpose of America's foreign policy has not changed in more than two centuries. It is to protect our citizens, our territory, our livelihood, and our friends."⁴⁹ Die veranderinge in buitelandse beleid van een administrasie na 'n volgende, hou gevolglik verband met hoe hierdie oogmerk bereik kan word. Samehangend hiermee asook die klem op handel en ekonomiese oorwegings, is daar die onwilligheid van die algemene publiek in om ongevalle te aanvaar indien die direkte nasionale belange van die VSA nie bedreig word nie. Hierdie oorweging onderlê die VSA se onwilligheid om magte in die meeste Derde Wêreldstate te ontplooi, behalwe in gebiede soos die Midde-Ooste waar daar ooglopende VSA-belange ter sprake is.⁵⁰

Wat SSA betref, moes die VSA se buitelandse beleid met verskeie oorwegings rekening hou. Enersyds het die Clinton-administrasie, soos sy voorgangers, slegs beperkte hulpbronne vir dié bevordering en beskerming van belange in SSA beskikbaar gestel aangesien dit nie omvangryk van aard was nie. Andersyds was daar baie min belangstelling en steun in die Kongres en by die algemene publiek in die VSA te bespeur vir enige betrokkenheid in SSA. Ook was daar 'n redelike mate van besluiteloosheid by die politieke leierselement in hul hantering van SSA teenwoordig.⁵¹ Twee gebeure in Afrika aan die begin van die Clinton-administrasie se eerste termyn in die Withuis

het SSA egter baie vinnig op Washington se agenda geplaas: die dood van 18 VSA-weermagdele in Somalië in 1993 en die 1994-volksmoord in Rwanda. Die gebeure het die realiteit in Washington tuisgebring dat die Clinton-administrasie die verantwoordelikheid sou moes aanvaar vir die bepaling van die aard en omvang van die VSA se (militêre) betrokkenheid in SSA in die era direk na die Koue Oorlog.⁵²

4.2 Die Clinton-administrasie se beleidsdoelwitte in sub-Sahara Afrika

Clinton het deur sy eie optrede toenemend die belangrikheid van SSA beklemtoon, veral tydens sy tweede termyn. Daar is veral drie aspekte wat in hierdie opsig vermelding verdien. Die eerste was die aanstelling van prominente figure in ampte wat direk verband hou met Afrika-aangeleenthede. Eerw Jesse Jackson is benoem as Spesiale Afgevaardigde en Buitelandse Minister vir die Bevordering van Demokrasie in Afrika. Susan Rice, wat belangrike posisies in die Departement van Verdediging en Nasionale Veiligheidsraad beklee het, is aangestel as Adjunkminister van Buitelandse Sake belas met Afrika. Die tweede aspek wat SSA se belangrikheid beklemtoon het, was president Clinton se besoek aan SSA in Maart 1998.⁵³

Clinton se besoek moes, volgens Mills⁵⁴, vergoed vir die mislukking van sy beleid in Somalië en Rwanda tydens sy eerste ampstermyn. Die besoek het ook bygedra om die fokus te verplaas vanaf gebeure in Washington, veral die Monica Lewinsky en Paula Jones debakels. Clinton se besoek het ook die derde inisiatief van die Clinton-administrasie, naamlik om die belangrikheid van SSA te bevorder, beklemtoon. Dit was die aanvaarding van die "African Growth and Opportunity Act (AGOA)" in Maart 1998. Hierdie wetgewing het, volgens Minter⁵⁵, vergestaltung gegee aan en moet gesien word as, "a paradigm shift from aid to trade" in die VSA se hantering van SSA. Minter⁵⁶ kritiseer egter hierdie veranderde benadering as synde te beperkend van aard te wees. Handel en hulp moes nie as twee opponerende entiteite beskou word nie, maar eerder as komplementêr. Beide die besoek en die AGOA was egter daarop gerig om handel en investering tussen Afrika en die VSA aan te moedig en te formaliseer. Die AGOA maak voorsiening vir:

- die skepping van 'n VSA-Afrika forum;
- die daarstelling van 'n vryhandelsones tussen die VSA en sekere Afrikastate teen 2020;
- die uitbreiding van die Algemene Voorkeursisteesem;
- die ondersteuning van skuldverligting deur die VSA; en
- leenwaarborges om investering in Afrika te bevorder.⁵⁷

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

Die VSA se strategie met betrekking tot SSA is daarom op vier baie pertinente beleidsdoelwitte gebaseer:

- die bevordering van vrede deur konflikvoorkoming, -bestuur en -oplossing;
- die voorsiening van humanitêre bystand deur hongersnood en lyding te verlig;
- die aanmoediging van demokrasie en respek vir menseregte; en
- die ondersteuning van ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling.

Henk wys egter daarop dat hierdie beleidsdoelwitte onderverdeel kan word in minstens elf uitkomst wat ingeligte Amerikaners moontlik as wenslik sou beskou met betrekking tot SSA. Alhoewel elke uitkoms 'n buitelandse beleidsdoelwit in eie reg is, is dit interafhanklik, ineengewef en nie in prioriteitsvolgorde nie. Dit sluit in:

- regionale stabiliteit;
- toegang vir die VSA tot sleutelpersone, instellings, fasiliteite en ekonomiese geleenthede;
- informasie en waarskuwing met betrekking tot moontlike bedreigings vanuit die streek;
- veiligheid van VSA burgers in die streek;
- 'n streek vry van wapens van massavernietiging;
- regionale samewerking en beleefdheid teenoor die VSA;
- 'n streek vry van ondersteuners van en toevlugsoorde vir transnasionale bedreigings;
- 'n streek vry van grootskaalse lyding;
- regerings wat menslik, bestuursbedrewe en verantwoordelik is;
- volhoubare ekonomiese ontwikkeling; en
- onbedreigde natuurlike hulpbronne.

Die Clinton-administrasie het die indamming van kommunisme as hoofoorweging tydens die Koue Oorlog vervang met die bevordering van demokrasie in, en handel met SSA in die post-Koue Oorlog-era. Die beveiliging van VSA-burgers en -belange teen moontlike bedreigings vanuit die streek moet egter in samehang met die genoemde beleidsdoelwitte gesien word. Susan Rice⁵⁸ het dit in Oktober 1997 baie duidelik gestel dat die VSA se beleid met betrekking tot SSA op twee pilare staan: "(W)e seek to accelerate Africa's full integration into the global economy . . . (and) we must defend the United States from the threats to our national security that emanate from Africa."

5. DIE VSA SE STRATEGIE TEENOR SUB-SAHARA AFRIKA MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE VEILIGHEIDSTRATEGIE

Perry wys daarop dat die VSA se veiligheidsstrategie in die post-Koue Oorlog-veiligheidsomgewing op drie verdedigingsgrondslae gebaseer was. Eerstens moes voorkom word dat bedreigings manifester. Waar bedreigings wel manifester, moes die VSA van afskrikking gebruik maak om sy eie veiligheid te verseker. Indien voorkoming en afskrikking nie suksesvol is nie, moes militêre mag beskikbaar wees om die bedreiging op 'n effektiewe wyse te neutraliseer. Die beskikbaarheid en gebruik van militêre mag was egter noodsaaklik vir die sukses van elkeen van hierdie konsepte.⁵⁹

Die Clinton-administrasie se strategie in SSA reflekteer nie nêr hierdie verdedigingskonsep nie. Dit is ook 'n refleksie van die VSA se belange, beleidsdoelwitte en geostrategiese prioriteite. In die 1998- en 1999-veiligheidsstrategieë word 'n deeglike uiteensetting verskaf van drie voorvereistes wat nagestreef moet word om die manifestering van bedreigings vanuit SSA te voorkom en die VSA se beleidsdoelwitte in die streek te verwesenlik, naamlik die verbetering van veiligheid; die bevordering van welstand; en die daarstelling van demokrasie.⁶⁰

Wat die eerste komponent van hierdie strategie betref, het die Clinton-administrasie drie veiligheidsbedreigings in SSA geïdentifiseer. Die eerste was transnasionale probleme soos staatsgesteunde terrorisme, dwelmsmokkelary, internasionale kriminaliteit, omgewingsprobleme en siektes. Die tweede bedreiging is afkomstig van sogenaamde "skurkstate" wat oor konvensionele vermoëns beskik waarmee buurstate bedreig word. Die derde en dreigendste probleem is die bedreiging wat geweld en konflik, 'n uitvloeisel van politieke onstabiliteit in state soos Angola, Sierra Leone en die Demokratiese Republiek van die Kongo, vir streeksveiligheid inhou. Die veiligheidsstrategie beklemtoon voorts dat konflikte in die streek slegs beëindig kan word deur langdurige samewerking.⁶¹ Die Clinton-administrasie se benadering in die voorkoming en hantering van hierdie bedreigings was gevolglik om bondgenootskappe te stig om veiligheid te verbeter. Een sodanige inisiatief was die "African Crisis Response Initiative" (ACRI).

Die grondliggende aanname van die tweede komponent van die VSA se strategie in SSA is dat 'n vooruitstrewende en groeiende streek 'n beter bondgenoot vir die VSA sal wees ten opsigte van ekonomiese en veiligheidsaangeleenthede. Die VSA was ook daarvan oortuig dat ekonomiese groei, tesame met markgeoriënteerde hervormings vereis dat die streek in die globale ekonomie geïntegreer word. Die Clinton-administrasie het hierdie strategie gegrond op die "Partnership for

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

Economic Growth and Opportunity in Africa"-inisiatief wat in Junie 1997 deur die President aangekondig is. Dit poog aan die een kant om tegniese bystand te verskaf ten opsigte van aspekte soos ekonomiese hervormings, teenkorrupsie maatreëls en skuldverligting. Aan die ander kant voorsien dit steun aan Amerikaanse investering in SSA deur die *Ron Brown Commercial Center* wat in 1998 in Johannesburg tot stand gebring is. Dit verskaf inligting aan ondernemings in die VSA rakende SSA en moedig hulle aan om markte in die streek te ontgin.⁶²

Die bevordering van demokrasie is die derde komponent van die strategie. Die rasionaal word duidelik uiteengesit: "In Africa as elsewhere, democracies have proved stronger partners for peace, stability and sustained prosperity."⁶³ Metz wys egter daarop dat die VSA bereid is om hierdie vereiste oor die hoof te sien in sekere stabiele state wat goeie samewerking op ander terreine lewer.⁶⁴

Metz identifiseer 'n belangrike vereiste vir die suksesvolle uitvoering van die VSA se strategie in SSA: "American strategy must identify and cultivate partners".⁶⁵ Hierdie vereiste het die VSA tot 'n aantal konkrete maatreëls genoop om sy strategie in SSA te verwesenlik. Die eerste was die identifisering van "a cluster of pivotal states" in SSA wat deur beleidsontleders beskou is as belangrike bondgenote in die uitvoering van die VSA se beleid. Hierdie state het spesiale voorkeur geniet in terme van bystand, militêre opleiding en diplomatieke steun vanaf Washington. Suid-Afrika, Nigerië en Kenia was slegs enkele van die state wat in dié verband uitgesonder is. Dit is veral die verhouding tussen die VSA en Suid-Afrika wat uitgesonder word, gegewe die feit dat Suid-Afrika die enigste staat is wat deur die VSA se Departement van Handel gelys is as 'n ontluikende mark; Suid-Afrika se status as die streek se bes ontwikkelde ekonomie; en Suid-Afrika se status as 'n nuwe demokrasie. Die VSA het byvoorbeeld 'n binasionale kommissie met Suid-Afrika in 1994 tot stand gebring.⁶⁶

Die benadering om spilstate te identifiseer en te benut in die uitvoering van die VSA se buitelandse beleid, is aangevul deur die ondersteuning van nie-regeringsorganisasies om bystand te verleen aan demokratiese regeringsinstellings en die burgerlike samelewing. Finansiële bystand en logistieke ondersteuning op die terreine van kiesersregistrasie en -opleiding; verkiesingsmonitors; en die opleiding van parlementariërs, is enkele van die aktiwiteite wat in hierdie verband onderneem is.⁶⁷ Dit was 'n poging van die VSA om weg te beweeg vanaf 'n staatsgesentreerde benadering tot, en hantering van, SSA. Hierdie benadering is ondersteun deur die identifisering en gevolglike ondersteuning van sleutelinstellings in SSA waarvan die oogmerke redelike ooreenstemming toon met dit wat die VSA in die streek probeer nastreef. Dit is ook gekenmerk deur die ondersteuning van plaaslike regeringsinisiatiewe wat strook met die VSA se

beleidsdoelwitte. In hierdie opsig was die Clinton-administrasie waarskynlik die mees entoesiastiese ondersteuner van president Thabo Mbeki se idee van die Afrika Renaissance.⁶⁸

6. DIE ROL VAN MILITÊRE MAG IN DIE UITVOERING VAN DIE VSA SE STRATEGIE IN SUB-SAHARA AFRIKA

Die fisiese aanwending en grootskaalse ontplooiing van militêre mag in SSA tydens die Clinton-era is, net soos in die res van die wêreld, gerig deur 'n doktrine wat in 1996 deur Anthony Lake, Clinton se Veiligheidsadviseur, uitgespel is. Anders as die Weinberger- en Powell-doktrines, wat deur vorige administrasies in dié verband gebruik is, benodig die post-Koue Oorlog-veiligheidsomgewing, volgens Lake, 'n breër en meer buigsame benadering jeens die gebruik van mag.⁶⁹ Die Clinton-doktrine omvat ses spesifieke vrae waarop antwoorde verkry moes word, alvorens grootskaalse militêre mag deur die VSA ontplooi sou word:

- "(1) are cost and risk commensurate with the stakes?
- (2) have non-military means been given sufficient consideration?
- (3) is the use of force carefully matched to U.S. political objectives?
- (4) is there a reasonable assurance of support from the American people and their elected representatives?
- (5) is there an exit strategy?
- (6) will U.S. action bring lasting improvements?"⁷⁰

Alhoewel dit hieruit duidelik is dat die VSA nie grootskaalse militêre mag sou aanwend om sy strategie in SSA ten uitvoer te bring nie, beklemtoon Metz⁷¹ egter dat die weermag wel 'n belangrike rol vervul het in die implementering van die Clinton-administrasie se strategie in SSA. Die VSA se onwilligheid om magte in die streek te ontplooi, het egter hierdie betrokkenheid onderlê.⁷² Art⁷³ wys voorts daarop dat die weermag doeltreffender aangewend is in die indirekte ondersteuning van die VSA se belange. Anders gestel, die VSA sou nie tydens die Clinton-era in 'n oorlog betrokke raak om state meer demokraties te maak nie.

Die VSA se indirekte gebruik van die weermag ter ondersteuning van sy strategie in SSA het op verskeie maniere plaasgevind om optimale benutting te verseker. Hierdie sogenaamde 'militêre diplomatie' is tiperend van weermagte se rol en funksie in die post-Koue Oorlog-era. Militêre diplomatie hou verband met die Adjunkminister van Buitelandse Sake vir Politiek-Militêre Aangeleenthede in die Clinton-administrasie, Eric Newsom, se opmerking dat ". . .the ability of the United States to shape international events in ways that advance U.S. interests will in large

measure depend on whether the Department of State, together with the Department of Defense and other agencies, can respond creatively and cooperatively to the joint challenges we face in a changing world environment."⁷⁴

Die VSA se Departement van Verdediging het in Augustus 1995 'n duidelike uiteensetting gegee van die VSA weermag se oogmerke met sy betrokkenheid in SSA: ". . .to promote stable prosperous democracies and enhance African capabilities to conduct peacekeeping and humanitarian operations".⁷⁵ Hiervolgens is dit baie duidelik dat die VSA-weermag se strategie in SSA op drie fokusareas gerig was: konflikvoorkoming en -oplossing, humanitêre bystand; en steun vir demokratisering.⁷⁶ Aan die een kant was dit gefokus op die grondoorsake van onstabiliteit en konflik, veral armoede en onderontwikkeling. Aan die ander kant is gepoog om SSA se streeksleiers te bemagtig ten einde hul eie kapasiteit vir konflikvoorkoming en vredesmagte op te bou. Die strategie van die VSA se Departement van Verdediging verskaf 'n baie duidelike uiteensetting van wat presies met kapasiteitsbou bedoel word.⁷⁷ Dié departement moes aktiwiteite identifiseer en hulpbronne aanwend ten einde streekstabiliteit en positiewe politieke veranderinge te bevorder deur te verseker dat:

- weermagte in SSA die demokratiese beginsel van burgerlike beheer oor militêre magte aanvaar en onderhou;
- weermagte in SSA operasies en opleiding op 'n professionele wyse uitvoer, met die erkenning van internasionale menseregte en internasionale standaarde van militêre optrede;
- ministeries van verdediging in SSA geskep en weermagte georganiseer word in ooreenstemming met die vereistes van selfverdediging, en dat hulpbronne, wat deur die burgerlike owerhede beskikbaar gestel word, effektief deur weermagte bestuur word; en
- dat weermagte in SSA oor die vermoë beskik om hul state doeltreffend te verdediging om, in koalisieverband aan regionale humanitêre en vredesoperasies met beperkte internasionale steun, deel te neem.

7. SAMEVATTING

Dit is baie duidelik dat die VSA se belange, beleid en strategie in SSA tydens die Clinton-era hoofsaaklik op ekonomiese oorwegings geskoei was; humanitêre en veiligheidsaangeleenthede het 'n ondergeskikte rol ingeneem. Die demokratisering van state in SSA word voorts beskou as 'n belangrike grondslag en vertrekpunt vir die VSA se ekonomiese betrokkenheid in die streek. Die belangrikheid van ekonomiese oorwegings het daartoe gelei dat die Clinton-administrasie die

primêre verantwoordelikheid vir die betrokkenheid in SSA aan die privaatsektor in die VSA oorgelaat het.

Dit was 'n nuwe benadering in die hantering van SSA deurdat dit radikaal verskil het van die geopolitieke benadering tot SSA tydens die Koue Oorlog - die voorsiening van ekonomiese hulp en bystand was die hoofoorweging. Een van die belangrikste wyses waarop die VSA hierdie beleid beslag laat kry het, was om op sogenaamde spilstaats te konsentreer. Dit is state in SSA wat grotendeels reeds aan die VSA se kriteria vir samewerking voldoen en wat die nodige stabiliteit bied om die risiko's verbonde aan ekonomiese beleggings te loop. Hierdie state moes dien as wegspringplek vir ekonomiese betrokkenheid in die streek.

Dit is egter gebalanseer met die realiteit dat humanitêre en veiligheidsoorwegings hoofsaaklik oorgelaat is aan daardie regeringsagentskappe wat betrokke was in die veiligheidsdomein – die Departemente van Buitelandse Sake en Verdediging, die CIA en gespesialiseerde agentskappe wat spesifiek met SSA gemoeid was. Die Clinton-administrasie het in hierdie opsig nie afgewyk van die tradisie wat deur voormalige administrasies daargestel is nie en die ontplooiing van gewapende magte in SSA tot 'n minimum beperk. Die betrokkenheid van die VSA se gewapende magte is gevolglik deur sogenaamde “indirekte betrokkenheid” en “militêre diplomatie” gekenmerk. Die weermag moes op 'n indirekte wyse bydra tot die daarstelling van demokrasie, veiligheid en stabiliteit in SSA ten einde die verhoog vir ekonomiese betrokkenheid te skep. Die VSA-weermag se betrokkenheid in hierdie verband, word in die volgende hoofstuk ondersoek.

8. VERWYSINGS

¹ Mountcastle, J W, “Foreword”, In: Simpson, D H, “U.S. African Policy: Some Possible Course Adjustment”, *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, August 1994.

² Perry, W J, "Defense in an Age of Hope", *Foreign Affairs*, Vol 75, no 6, November/Desember 1996, p 64.

³ Dickson, D A, *op cit*, pp 168-169.

⁴ Booker, S, "The Colour Line: US Foreign Policy and the National Interests in Africa", *South African Journal of International Affairs*, Vol 8, no 1, Summer 2001, p 2.

⁵ Minter, W, "United States and Africa: Starting Points for a New Policy Framework", *Foreign Policy Focus. Special Report #8*, November 1999, p 4.

⁶ Schraeder, P J, *United States Foreign Policy Towards Africa: Incrementalism, Crisis and Change*, University Press, Cambridge, 1997, pp 3-4.

⁷ *Ibid*, p 5.

⁸ Dickson, D A, *op cit*, pp 172-173.

- ⁹ Clough, M, *Free at Last? U.S. Policy Toward Africa and the end of the Cold War*, Council of Foreign Relations Press, New York, March 1992, p 3.
- ¹⁰ *Ibid*, pp 23-25.
- ¹¹ Schraeder, P J, *United States Foreign Policy Towards Africa: Incrementalism, Crisis and Change*", *op cit*, p 12.
- ¹² Booker, S, *op cit*, p 11.
- ¹³ Henk, D & Metz, S, "The United States and the Transformation of African Security: The African Crisis Response Initiative and Beyond", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, 5 December 1997, p 12.
- ¹⁴ Schraeder, P J, *United States Foreign Policy Towards Africa: Incrementalism, Crisis and Change*", *op cit*, pp 49-50.
- ¹⁵ Dickson, D A, *op cit*, p 170.
- ¹⁶ Booker, S, *op cit*, p 11.
- ¹⁷ Clough, M, *op cit*, p 2.
- ¹⁸ Schraeder, P J, *United States Foreign Policy Towards Africa: Incrementalism, Crisis and Change*, *op cit*, p 3.
- ¹⁹ Berman, E G & Sams, K E, *Peacekeeping in Africa: Capabilities and Culpabilities*, United Nations Publications, Geneva, 2000, p 269.
- ²⁰ Minter, W, "America and Africa: Beyond the Double Standard", *Current History*, Vol 99, no 637, May 2000, p 200.
- ²¹ Dickson, D A, *United States Foreign Policy Towards Sub-Saharan Africa*, University Press of America, New York, 1985. pp 167-168.
- ²² Haass, R N, *Intervention. The Use of American Military Force in the Post-Cold War World*, Carnegie Endowment for International Peace, Washington, 1994, p 69.
- ²³ Clough, M, *op cit*, March 1992, p 14.
- ²⁴ Bacon, J *et al*, *Sub-Saharan Africa: Pragmatism in the National Interest*, Studentewerkstuk, National Defense University, National War College, 1998, p 1.
- ²⁵ Henk, D, "Why do Americans Care?", *Peace and Security in Africa: Contributions by the United States*, ISS Monograph No 35, March 1999. p 4.
- ²⁶ Henk, D, "Uncharted Paths, Uncertain Vision: U.S. Military Involvements in Sub-Saharan Africa in the Wake of the Cold War", *INSS Occasional Paper 18: Regional Series*, Institute for National Security Studies, US Air Force Academy, Colorado, March 1998, p 4.
- ²⁷ Art, R J, "Geopolitics Updated: The Strategy of Selective Engagement", *International Security*. Vol 23, No 3, Winter 1998/99, p 80. Sien ook sy uitgebreide bespreking van hierdie belange pp 83-99.
- ²⁸ Schraeder, P J, "Studying U.S. Intervention in the Third World", In: Schraeder, P J (ed), *Intervention into the 1990's. U.S. Foreign Policy in the Third World*, Lynne Rienner, Boulder, 1992, pp 5-11.
- ²⁹ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, pp 267-268.
- ³⁰ US, *A National Security Strategy for A New Century*, Washington DC, May 1997,

pp 37-38. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.fas.org/man/docs/strategy97.htm>]

- ³¹ US, Department of Defense, *U.S. Security Strategy for Sub-Sahara Africa*, US Department of Defense Office of International Security Affairs, Washington DC, August 1995, p 1. Available on the internet at: [<http://www.defenselink.mil/speeches/1995/s19950801-report.html>]
- ³² *Ibid.*
- ³³ US, Department of Defense, Office of African Affairs, *U.S. DoD Africa Strategy*, August 1995, p 2. Beskikbaar op die internet by: [http://www.defenselink.mil/policy/isa/a...office_affrican_affairs_strategy.html]
- ³⁴ Verbrugge, K *et al*, *Sub-Saharan Africa: Adrift in a Sea of Misery. Defining U.S. National Strategy*. Studentewerkstuk, National Defense University, National War College, 1997, p 1. Sien ook Higgs, R W, "The United States and Sub-Saharan Africa", *Naval War College Review*, Vol XLIX, No 1, Winter 1996, p 90.
- ³⁵ Bacon, J *et al*, *op cit*, p 3.
- ³⁶ *U.S. DoD Africa Strategy*, *op cit*, p 2.
- ³⁷ Higgs, R W, *op cit*, p 95.
- ³⁸ *Ibid*, p 94.
- ³⁹ *U.S. Security Strategy for Sub-Sahara Africa*, *op cit*, p 1.
- ⁴⁰ *Ibid*, p 2.
- ⁴¹ Henk, D & Metz S, *op cit*, p 12.
- ⁴² Clough, M, *op cit*, p 3.
- ⁴³ Clark, M T, "The Future of Clinton's Foreign and Defense Policy: Multilateral Security", *Comparative Strategy*, Vol 13, 1994, p 182.
- ⁴⁴ Albright, M, "The Making of U.S. Foreign Policy", *U.S. Foreign Policy Agenda*, Vol 5, no 1, March 2000, p 2.
- ⁴⁵ Clark, M T, *op cit*, p 182.
- ⁴⁶ USA: "Fact Sheet: US Policy for a New Era in Sub-Sahara Africa", *US Department of State Dispatch*, Bureau of Public Affairs, Vol 4, No 3, 18 January 1993, p 2.
- ⁴⁷ *Ibid.*
- ⁴⁸ Bridgeman, M, "The US-Africa Binational Commission", *South African Journal of International Affairs*, Vol 8 No 1, Summer 2001, p 90.
- ⁴⁹ Albright, M, *op cit*, p 2.
- ⁵⁰ Bridgeman, M, *op cit*, p 90.
- ⁵¹ Metz, S, "Refining American Strategy in Africa," *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, February 2000, p 40.
- ⁵² Alden, C, 2000, "From Neglect to 'Virtual Engagement': The United States and Its New Paradigm for Africa", *African Affairs*, 99, 2000, p 356.

- ⁵³ Tilford, E H (ed), "World View: The 1998 Strategic Assessment from the Strategic Studies Institute", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, 26 February 1998. p 70.
- ⁵⁴ Mills, G, "South Africa, the United States and Africa", *South African Journal of International Affairs*, Vol 6 no 1, Summer 1998, p 36.
- ⁵⁵ Minter, W, "United States and Africa: Starting Points for a New Policy Framework", *op cit*, p 6.
- ⁵⁶ Minter, W, "Africa", *Foreign Policy in Focus*, Overview Edition, Vol 2, no 26. March 1999. p 4.
- ⁵⁷ Sien die webbladsy van die *U.S. Department of Commerce* vir volledige informasie met betrekking tot die "African Growth and Opportunity Act" by: [<http://www.agoa.gov/index.html>]
- ⁵⁸ Rice, S, Assistant Secretary for African Affairs, African News Service, 22 October 1997. Beskikbaar op die internet by [<http://www.africanews.org>]
- ⁵⁹ Perry, W J, *op cit*, p 65.
- ⁶⁰ US, *A National Security Strategy for a New Century*, Washington DC, October 1999, pp 45-47. Beskikbaar op die internet by [<http://www-cgsc.army.mil/djco/documents/nss1998.htm>]
- ⁶¹ *Ibid*, p 45.
- ⁶² *Ibid*, p 46-47.
- ⁶³ *Ibid*, p 47.
- ⁶⁴ Metz, S, *op cit*, p 38,
- ⁶⁵ *Ibid*, p 30.
- ⁶⁶ Alden, C, *op cit*, pp 358-359.
- ⁶⁷ *Ibid*, pp 359-360.
- ⁶⁸ *Ibid*.
- ⁶⁹ Mokhiber, J and Young, R, "The Uses of Force", *Frontline*, p 4. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.pbs.org/wgbh/pages/frontline/shows/military/force/>]
- ⁷⁰ Lanham, R W, *Beyond the Clinton Doctrine: U.S. Military Intervention Policy*, 1997, p 26. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.globalsecurity.org/military/library/report/1997/Lanham.htm>]
- ⁷¹ Metz, S, *op cit*, p 38.
- ⁷² "Fact Sheet: US Policy for a New Era in Sub-Sahara Africa", *op cit*, pp 2-3.
- ⁷³ Art, R J, *op cit*, p 99.
- ⁷⁴ Newson, E D, "Uniting the Tools of Force and Diplomacy to Enhance Security", *U.S. Foreign Policy Agenda*, Vol 5, no 1, March 2000. p 9.
- ⁷⁵ *U.S. DoD Africa Strategy*, *op cit*, p 2.
- ⁷⁶ *U.S. Security Strategy for Sub-Sahara Africa*, *op cit*, p 6.
- ⁷⁷ *U.S. DoD Africa Strategy*, *op cit*, p 2.

HOOFSTUK 4

DIE AARD EN OMVANG VAN DIE VSA SE MILITÊRE BETROKKENHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA: 1993 – 2001.

1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat in die afwesigheid van enige konkrete belange in SSA, die VSA se beleid en strategie tydens die Clinton-era hoofsaaklik deur die soeke na stabiliteit en toegang tot die streek onderlê is. Die VSA se beleid in SSA was gevolglik gerig op die bevordering van vrede deur die voorkoming, bestuur en oplossing van konflik; die voorsiening van humanitêre bystand om hongersnood en lyding te verlig; die aanmoediging van demokrasie en respek vir menseregte; en die ondersteuning van ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling. Die bevordering van demokrasie en handel is as die kern van die VSA se beleid teenoor SSA gesien.

Die VSA se veiligheidstrategie in SSA tydens hierdie era het binne die raamwerk van bogenoemde breë beleidsdoelwitte beslag gekry. Hierdie strategie was hoofsaaklik gefokus op die bevordering van stabiliteit in SSA en die voorkoming van bedreigings teen die VSA vanuit die streek. Binne die raamwerk van die breë beleidsoorwegings en met voorgenoemde faktore as grondslag, het die VSA se veiligheidstrategie voorsiening gemaak vir die verbetering van SSA se veiligheid. 'n Veilige SSA sou meer ontvanklik wees vir ekonomiese groei en die vestiging van demokrasie. Weens die afwesigheid van konkrete belange, was daar slegs 'n geringe moontlikheid dat die VSA dit enigsins sou oorweeg om militêr in konflikte in SSA betrokke te raak ten einde vrede en stabiliteit in die streek te verseker. Die VSA-weermag moes gevolglik primêr deur middel van indirekte metodes tot vrede en veiligheid in die streek bydra.

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig te verskaf van die aard en omvang van die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era. Die bespreking word ingelei deur 'n kort uiteensetting van die VSA-Departement van Verdediging se operasionalisering van sy beleid en strategie met betrekking tot SSA. Ook word kortliks aandag gegee aan die VSA-weermag se organisatoriese struktuur vir militêre betrokkenheid in SSA – die struktuur wat gebruik moes word om die beleid en strategie te operasionaliseer. Laastens word 'n oorsig verskaf van die vernaamste programme van militêre betrokkenheid van die VSA-weermag in SSA tydens die Clinton-era.

2. DIE OPERASIONALISERING VAN DIE VSA SE BELEID EN STRATEGIE MET BETREKKING TOT MILITÊRE BETROKKENHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

Aspin, Minister van Verdediging in die Clinton-administrasie, het twee denkskole beskryf rakende die aanwending van militêre mag deur die Clinton-administrasie: 'n "alles-of-niks"-denkskool en 'n "beperkte doelwitte"-denkskool. Die sentrale gedagte ten opsigte van eersgenoemde berus op die siening dat toekomstige konvensionele militêre magte soos kernwapens sal wees: baie duur met, naas afskrikking, min gebruikswaarde. Dit sal daarom nie juis 'n nuttige instrument wees om beleidsdoelwitte na te streef nie, en sal slegs in uitsonderlike gevalle aangewend word. Militêre mag sal daarom nie baie relevant wees om die probleme wat die VSA in die toekoms in die gesig sal staar, op te los nie. Die "beperkte doelwitte"-denkskool daarenteen behels dat die instandhouding van militêre magte as afskrikingsmiddel en om in uitsonderlike gevalle aangewend te word, dit juis beklemtoon dat militêre mag in die toekoms steeds nuttig sal wees ten opsigte van minder belangrike aangeleenthede. Aan die een kant wil die "alles-of-niks"-denkskool die VSA-weermag daarom slegs aanwend in die geval van volskaalse oorlog, terwyl die "beperkte doelwitte"-denkskool aan die ander kant dit op 'n positiewe wyse as 'n dwang- en diplomatieke middel wil aanwend.¹

Newson, Adjunk-minister van Buitelandse Sake vir Politiek-Militêre Aangeleenthede in die Clinton-administrasie, het daarop gewys dat diplomاسie en die benutting van militêre magte nie as opponerende pole op die spektrum van nasionale beleid gesien moet word nie – dat die een gebruik word indien die ander misluk nie. Intendeel, hulle is aanvullend tot mekaar ten einde 'n beter effek te verkry. Hierdie siening het meegebring dat die VSA-weermag 'n belangrike buitelandse beleidsinstrument geword het op die terreine van veiligheidsbystand, militêre opvoeding en opleidingsprogramme, veiligheidsdialoog en maatreëls om wedersydse vertroue tussen state te skep. Al hierdie inisiatiewe is gesien as magsvermenigvuldigers wat tot beter veiligheidsbetrekkinge tussen state aanleiding moes gee. Dit is deur die Departement van Buitelandse Sake van 'n beleid en begroting voorsien, terwyl die Departement van Verdediging dit moes uitvoer.² Die "beperkte doelwitte"-denkskool het gevolglik in die praktyk beslag gekry ter ondersteuning en uitvoering van die VSA se buitelandse beleid, ook in SSA.

2.1 Die VSA se benadering tot militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika

Cohen³ beklemtoon dat die VSA se benadering tot konflikbestuur deur 'n gebrek aan politieke wil en besluiteloosheid gekenmerk is. "It lacks the political will to intervene in third world (*sic*) conflicts, and the political will to stay out." Aan die een kant wou die VSA nie gebrandmerk word as synde

onverskillig te staan teenoor lyding in SSA nie, terwyl dit aan die ander kant gepoog het om dit duidelik te maak dat die VSA se vermoë om ander state se probleme te hanteer, beperk is. Alhoewel die VSA-weermag oor goeie logistieke, vervoer- en organisasievermoëns beskik waarin ander state tekortsiet, is daar kompeterende geostrategiese belange wat op hierdie vermoëns aanspraak maak. Dit beteken dat die moontlikheid baie skraal was dat die VSA op groot skaal magte sou ontplooi om probleme in SSA aan te spreek.⁴ Deur militêr op 'n indirekte wyse by veiligheidkwessies in SSA betrokke te wees, het die inherente voordeel gebied dat die VSA sy uitgebreide kundigheid en wydverspreide informasienetwerk beskikbaar kon stel, maar dit aan Afrikastate kon oorlaat om die leidende rol daarin te vervul.⁵

Die VSA se nasionale militêre strategie tydens die Clinton-era beklemtoon dat die VSA-weermag se wêreldwye betrokkenheid op twee oogmerke gerig was, naamlik “. . .promoting stability and thwarting aggression”.⁶ William Perry, voormalige Minister van Verdediging in die Clinton-administrasie, wys daarop dat militêre betrokkenheid in hierdie opsig 'n sleutelement was van die VSA se sogenaamde “voorkomende verdedigingstrategie”. Dit was geskoei op die aanvaarding dat die weermag van enige nuwe demokrasie 'n belangrike funksie vervul en, in baie gevalle, die mees samehangende organisasie is, aangesien dit dikwels 'n groot deel van die staat se opgevoede élité insluit en belangrike hulpbronne beheer. Die weermag bepaal daarom in baie gevalle die sukses van 'n nuwe demokrasie. In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat die VSA se militêre betrokkenheid in SSA gerig was op die bevordering van weermagte se bydrae en ondersteuning vir demokratiese regering en ekonomiese hervorming. Ook moes SSA se weermagte ondersteun word ten einde 'n positiewe bydrae te kon lewer ten opsigte van konflikoplossing in die streek. Deur die idee van voorkomende verdediging is 'n verskeidenheid van middele gevolglik ontplooi om aan state te illustreer hoe weermagte binne 'n demokrasie behoort te funksioneer, terwyl dit ook tot die bevordering van vertroue en openlikheid tussen state in SSA bygedra het.⁷

2.2 Die oogmerke en middele van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika

Die VSA se "Office of African Affairs DoD Africa Strategy"⁸ beklemtoon dat optrede van die Departement van Verdediging in SSA ten doel gehad het om op 'n proaktiewe wyse aktiwiteite te vorm, eerder as om reaktief te wees. Dit het onder andere die identifisering van die regte vormende en voorbereidende aktiwiteite en die nodige hulpbronne vir sodanige aktiwiteite behels ten einde regionale stabiliteit en positiewe politieke verandering aan te moedig. In die bespreking van die VSA se strategie in die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die "U.S. Security Strategy for Sub-Saharan Africa"⁹ drie fokusareas uitgesonder het waarop aktiwiteite en hulpbronne toegespits

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

moes word: konflikvoorkoming en -oplossing; humanitêre bystand; en die bevordering van demokrasie deur die voorsiening van opvoeding, opleiding en uitrusting aan weermagte.

Ten einde te verseker dat alle aktiwiteite van die Departement van Verdediging op hierdie drie fokusareas gerig was, het die Kantoor van die VSA se Minister van Verdediging sewe verdedigingsdoelwitte vir die VSA-weermag daargestel vir militêre betrokkenheid in SSA. Dit sluit die volgende in:

- **Die vorming van militêre magte vir hul nasionale en regionale verpligtinge.** Dit sluit in die bevordering van positiewe burgerlik-militêre verhoudings; respek vir demokrasie, menseregte en die oppergesag van die reg; en voorbereiding om effektief in krisissituasies op te tree.
- **Die ontwikkeling van vennootskappe met sleutelstate.** Sodanige vennootskappe moes gerig wees op die bevordering van die VSA se invloed in SSA, waarby inbegrepe die bereiking van beleidsoogmerke in die streek.
- **Interaksie met probleemstate.** Die skepping van wedersydse vertroue tussen state moes verhoudings en stabiliteit bevorder.
- **Aktiewe interaksie met substreekorganisasies.** Streeks- en substreeksorganisasies moes as middel dien vir konflikoplossing en die bevordering van stabiliteit.
- **Samewerking en koördinerings, eerder as om te kompeteer met geallieerdes en vriende.** Gesamentlike interaksie in SSA het geleenthede gebied om verhoudings met geallieerdes te versterk. Dit het ook aan state in SSA die deursigtigheid van die VSA se aktiwiteite en die strewe om aktiwiteite met ander state te sinkroniseer, gedemonstreer.
- **Versterking van strategiese leierskap om vir 'n nuwe era voor te berei.** Die vaslegging van demokratiese konsepte en die verkryging van toegang tot 'n nuwe generasie van Afrikaleiers, was essensieel vir die ontwikkeling van militêre verhoudings en samewerking op veiligheidsgebied.
- **Verstandige voorbereiding en, wanneer nodig, besliste optrede.** Ten einde die VSA se belange te beskerm, moes bevelvoerders afskrikkingsaktiwiteite onderneem en, indien nodig, beslissend optree. Die VSA kon nie die verantwoordelikheid ignoreer om sy belange, waar nodig, met militêre mag te beskerm nie.¹⁰

Verskeie metodes is geïdentifiseer waardeur beplanning en implementering gekoördineer en gemaksimaliseer kon word om een of meer van bogenoemde oogmerke te bereik:

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- **Verdedigingshervorming.** Polities neutrale weermagte moes ontwikkel word wat verdedigingsvereistes, ekonomiese vermoëns en magstrukture in ewewig kon bring met die toepaslike rolle wat nodig sou wees om veilige state in SSA te skep.
- **Militêre professionalisme.** Regionale stabiliteit moes bevorder word deur die militêre vermoëns van sleutelstate in die streek met behulp van professionalisering te verbeter. Hierby ingesluit is die ontwikkeling van intersamewerkingsvermoëns^a, bevel en beheer en voldoende uitrusting vir basiese verdediging en noodoptrede.
- **Konflikoplossing en vredesoperasies.** 'n Verbeterde konflikoplossingsvermoë was die sekerste wyse om geweld in SSA en die behoefte aan die VSA se militêre ontplooiing in die streek, te verminder.
- **Tegnologie.** Die oordrag van toepaslike militêre-tegnologie, veral veeldoelige infrastrukturele verbeterings, kon positiewe ontwikkeling op industriële en veiligheidsgebied in SSA tot gevolg hê.
- **Gesondheid en omgewing.** Alhoewel soms misken kan samewerking op mediese en omgewingsterrein belangrik wees vir die VSA se veiligheid en die Departement van Verdediging se verhoudinge met SSA.¹¹

Ten spyte van hierdie geïdentifiseerde doelwitte en wyses van optrede en die realiteit dat SSA nie 'n beleidsprioriteit vir die VSA was nie, is die streek om twee addisionele redes nie baie hoog aangeslaan wat militêre optrede betref nie. Eerstens kon die aard van optrede wat die VSA-weermag in die meeste gevalle in SSA moes onderneem, na sogenaamde sekondêre rolle of nie-tradisionele take herlei word wat weermagte, dikwels teensinnig, moet uitvoer. Die konserwatiewe aard van weermagte bring mee dat aspekte soos struktuur, opleiding en toerusting hoofsaaklik op die primêre funksie gerig is - die beskerming van die staat teen eksterne aggressie. Weermagte is oor die algemeen nie baie positief oor sekondêre of nie-tradisionele take nie. Dit is gevolglik verstaanbaar dat die VSA-weermag nie altyd positief was oor betrokkenheid in SSA nie. Die tweede probleem is diestrukturele aard van die VSA-weermag wat nie bevorderlik was vir effektiewe militêre betrokkenheid in SSA nie.¹² Anders as in eersgenoemde geval, was dit nie 'n probleem wat verband hou met organisatoriese ingesteldheid nie; dit was eerder tegniese van aard.

^a "interoperability"

3. ORGANISATORIESE OORWEGINGS VIR DIE VSA SE MILITÊRE BETROKKENHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

Die VSA-weermag se wêreldwye betrokkenheid na die Tweede Wêreldoorlog het in 1946 gelei tot die skepping van 'n sogenaamde "Verenigde Bevelsplan". Hiervolgens is die wêreld in verskillende regionale kommandemente verdeel. 'n Regionale kommandement is militêr verantwoordelik om die VSA se belange in 'n spesifieke streek - teater van operasies - te beskerm of uit te brei.¹³ Regionale kommandemente word deur die VSA-weermag benut om die strategiese omgewing in hul onderskeie streke te vorm; op te tree in alle krisisse wat mag voorkom; en voorbereid te wees vir toekomstige gebeurlikhede. Hierdie kommandemente word aangevul met funksionele kommandemente. Dit is kommandemente wat 'n baie spesifieke taak of funksie binne die weermag vervul, byvoorbeeld strategiese lugvervoer en spesiale operasies.

Die bevelvoerder van 'n kommandement, bekend as 'n CINC ("Commander In Chief"), is verantwoordelik vir die beplanning en uitvoering van alle militêre operasies, insluitend interaksie met ander weermagte, in die kommandement se verantwoordelike gebied. Die CINC dien gevolglik as die enkele nodale kontakpunt vir alle militêre aktiwiteite binne die spesifieke kommandement se operasionele teater.¹⁴ Volgens Catoire¹⁵ behels dié verantwoordelikhede van die CINC die volgende: die uitvoer van gesamentlike operasies om oorlog te voorkom; die bestuur van die oorgang na vyandelikhede indien nodig; en die uitvoering van MOOTW ("Military Operations Other Than War"). In die geval van vyandelikhede teen die VSA, is die CINC verantwoordelik vir die beplanning en suksesvolle uitvoering van militêre veldtogte binne die betrokke operasionele teater. Die CINC het ook 'n belangrike diplomatieke rol om in sy streek te vervul. Met die aanwending van militêre hulpbronne moet toegang en invloed bevorder word deur op 'n gereelde basis met senior buitelandse en militêre leiers oor 'n verskeidenheid van aangeleenthede te skakel. Geen ander instelling van die regering is toegerus om 'n regionale rol van hierdie omvang te vervul nie.

Verantwoordelikheid vir Afrika tydens die Clinton-era was verdeel tussen vier van die VSA se vyf wêreldwye regionale kommandemente. Verantwoordelikheid vir SSA is ook tussen verskeie regionale kommandemente verdeel. Die Europese Kommandement, EUCOM ("U.S. European Command"), was verantwoordelik vir die grootste deel van SSA. Die Sentrale Kommandement, CENTCOM ("U.S. Central Command"), se verantwoordelike gebied was die Horing van Afrika - Djibouti, Egipte, Ethiopië, Eritrea, Kenia, Somalië en Soedan. Die Stille Oseaan Kommandement, PACOM ("U.S. Pacific Command"), was verantwoordelik vir Madagaskar en al die eilandstate aan

die ooskus van Afrika. Die Atlantiese Kommandement, ACOM ("U.S. Atlantic Command") was verantwoordelik vir al die eilandstate aan die weskus van Afrika.¹⁶

Afrika is die enigste kontinent wat nie die uitsluitlike verantwoordelikheid van 'n spesifieke regionale kommandement was nie.¹⁷ Sub-Sahara Afrika was ook nie die hoofverantwoordelikheid van enige van die regionale kommandemente nie. EUCOM, wat verantwoordelik was vir die grootste deel van SSA, se hooffokus is ooglopend op Europa gerig. Europa is nie slegs die VSA se belangrikste invloedsg gebied nie, maar die VSA is ook ten nouste betrokke by NAVO (Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie). Die CINC van EUCOM het in wese 'n dubbele aanstelling. Enersyds is hy die bevelvoerder van EUCOM, met sy hoofkwartier in Stuttgart, Duitsland. Andersins is hy ook die militêre bevelvoerder van NAVO ("Supreme Allied Commander Europe") met sy hoofkwartier in Mons, België.¹⁸

Die "Verenigde Bevelsplan" is sedert totstandkoming reeds 18 keer hersien ten einde voorsiening te maak vir veranderende strategiese omstandighede, tegnologiese vooruitgang en die globale betrokkenheid van die VSA-weermag. Volgens wetgewing wat in 1979 aanvaar is, moet die president dit elke twee jaar hersien.¹⁹ Argumente ten gunste van die skepping van 'n AFCOM ("U.S. Africa Command") is aan die toeneem, nie net onder militêre strateë nie, maar akademici en diplomate.²⁰ Daar word geargumenteer dat Afrika nie die primêre verantwoordelikheid van enige van die bestaande regionale kommandemente is nie; gevolglik is daar 'n gebrek aan doelgerigte of doeltreffende militêre betrokkenheid in die streek. Die prioritisering van die VSA se strategiese belange en die konsekwente nastrewing daarvan in SSA, word gevolglik negatief geïmpakteer. Die verdeling van verantwoordelikheid vir SSA tussen die verskillende kommandemente, tesame met die diverse en komplekse aard van die streek, bring mee dat die VSA se strategie in die streek slegs verder gekompliseer word. Aangesien die VSA-weermag se optrede in die streek gevolglik nie op 'n oorkoepelende wyse geïntegreer kan word nie, word die implementering en effektiwiteit van bykans alle veiligheidsverwante programme deur die VSA-weermag in die streek negatief beïnvloed.²¹

In teenstelling hiermee argumenteer sommige dat die bevelsplan slegs 'n weerspieëling is van die VSA se globale strategiese prioriteite. Alhoewel die positiewe gevolge van 'n moontlike AFCOM terdeë besef word, is daar ook die standpunt dat dit die militêre dimensie van die VSA se buitelandse beleid jeens Afrika sal oorbeklemtoon. Die gevaar bestaan dat die skepping van sodanige kommandement die weermag op die voorpunt sal plaas van die VSA se beleid in die streek en dat dit uit pas sal wees met ander buitelandse beleidsinstrumente. Sodanige benadering kan in wese teenproduktief wees, aangesien te veel klem geplaas word op die militêre dimensie in

'n streek waar aandag en hulpbronne eerder op nasiebou en nie-militêre oplossings vir probleme toegespits moet wees.²²

Die realiteit is egter dat die VSA se militêre betrokkenheid in die streek deur verskeie van sy wêreldwye, regionale kommandemente verteenwoordig word. Die grootste deel van SSA het tydens die Clinton-era in die verantwoordelike sfeer van EUCOM geval. Laasgenoemde, in samewerking met een van die weermag se funksionele kommandemente, SOCOM ("U.S. Special Operations Command"), was gevolglik tydens die Clinton-era grotendeels verantwoordelik vir die VSA se militêre betrokkenheid in SSA.

4. DIE VSA SE PROGRAMME VIR MILITÊRE BETROKKENHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

Alhoewel die VSA tydens die Clinton-era op 'n wye verskeidenheid wyses militêr in SSA betrokke was, was daar tog enkele programme wat in belangrikheid uitgestaan het. Hul belangrikheid was grootliks gekoppel aan die ondersteuning in terme van hulpbronne en nuusdekking wat dit ontvang het, terwyl dit andersins ook 'n duidelike weerspieëling was van die VSA se beleid en strategie in die streek. Hierdie programme was ook spesifieke inisiatiewe van die Clinton-administrasie vir voortgesette militêre betrokkenheid in SSA, sonder om noodwendig op 'n omvattende wyse magte te ontplooi. Die belangrikste programme in hierdie verband was ACRI ("African Crisis Response Initiative") en die ACSS ("African Center for Strategic Studies"). Beide hierdie inisiatiewe verteenwoordig indirekte betrokkenheid deur die VSA-weermag by veiligheid in SSA. Hierdie twee programme word vervolgens bespreek alvorens aandag geskenk word aan enkele van die ander wyses van militêre betrokkenheid, naamlik opleiding, oefeninge en operasies.

4.1 "African Crisis Response Initiative": Die vlagskip van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika²³

Die Mei 1994 *Presidensiële Besluitnemingsdirektief 25* van President Clinton het dit baie duidelik gestel dat die VSA nie in toekomstige buitelandse krisisse gaan inmeng indien daar nie afdoende bewyse bestaan dat sy belange wel bedreig word nie en alvorens daar nie 'n duidelike doelwit en onttrekkingstrategie in plek is nie.²⁴ Daarteenoor het die menseslagtings in state soos Rwanda, Burundi, die DRK en Sierra Leone die internasionale gemeenskap tot die besef gebring dat daar 'n behoefte is om metodes te ontwikkel om vinnig en effektief in konflikte in te gryp. Die idee van 'n veiligheidsmag in SSA wat deur die VSA-weermag opgelei en toegerus word ten einde op gebeurlikhede in die streek te kan reageer, kan gevolglik aan verskeie gebeure en faktore toegeskryf word.

Dit was duidelik dat die VSA in die toekoms 'n Somalië-tipe situasie wou vermy waar dit met goeie bedoelings by 'n vredesmissie betrokke raak, maar inisiatiewe om die situasie te stabiliseer met ongevalle gepaard gaan. Daarteenoor het die volksmoord in die Rwandese burgeroorlog vrae by die internasionale gemeenskap laat ontstaan waarom veral die VSA nie op die gebeure gereageer het om die menseslagting en lyding te beëindig nie. Hierdie was slegs een van die voortslepende konflikte in die Grootmeregebied. Die Clinton-administrasie het dit telkens beklemtoon dat daar na Afrika-oplossings vir die streek se probleme gesoek moes word. Laastens was daar ook binnelandse oorwegings, waaronder die VSA se presidensiële verkiesing van November 1996 wat op hande was.²⁵

Die VSA se Minister van Buitelandse Sake, Warren Christopher, het in Oktober 1996 tydens 'n besoek aan Afrika die totstandkoming van 'n "African Crisis Response Force" aangekondig. Dit is voorsien dat dié mag, bestaande uit 10 000 troepe wat deur die VSA opgelei en toegerus sou word, aangewend sou kon word om vinnig op humanitêre krisis te reageer. Die idee was nie dat sodanige mag by vyandelikhede moes inmeng nie, maar veel eerder dat dit onskuldige burgerlikes in veilige gebiede moes beskerm en humanitêre bystand verleen. Hierdie inisiatief is egter met skeptisisme in SSA ontvang.²⁶ Na konsultasie met verskeie leiers in SSA en Europa, sowel as met amptenare van die VN en die OAE, is besluit om nie 'n permanente mag te skep nie, maar om eerder deur opleiding aan bereidwillige state in die streek hulle in staat te stel om hul eie vredesmagvermoëns te ontwikkel en te verbeter. ACRI, wat uit hierdie voorstelle voortgespruit het, is gevolglik 'n opleidingsinisiatief deur die VSA-weermag en nie 'n poging om 'n permanente militêre mag tot stand te bring nie.²⁷

Die missie van ACRI word baie duidelik omskryf. Dit het ten doel om vredesmagte vir verskeie Afrikastate op te lei en toe te rus ten einde gereed te wees vir vinnige ontplooiing na krisisareas in Afrika. Dit streef na:

- Die samewerking tussen die vredesmagte van verskillende state deur die standaardisering van kommunikasie-uitrusting en die hou van gesamentlike oefeninge;
- die ontwikkeling van die vermoë om vinnig en effektief op krisissituasies in Afrika te kan reageer;
- betrokkenheid in tradisionele vredesmagverantwoordelikhede soos gemagtig volgens hoofstuk 6 van die VN-handves, ten einde politieke skikkings te handhaaf en konfliktsituasies te stabiliseer; en

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- bystand tydens humanitêre hulpverleningsmissies.²⁸

Teen die middel van 1997 het sewe state in SSA hul bereidwillig verklaar om deel te wees van die inisiatief. Vanuit hierdie sewe state is 'n totaal van sewe bataljons en 'n brigade-hoofkwartier vir opleiding beskikbaar gestel.²⁹ Magte van Senegal, Uganda en Malawi het in 1997 met hul opleiding begin. EUCOM en CENTCOM was oorhoofs verantwoordelik vir die implementering van ACRI. Opleiding is hoofsaaklik verskaf deur SOCOM, spesifiek die "3rd and 5th Special Forces Group" van Fort Bragg in Noord-Carolina. Gespesialiseerde opleiding is egter ook verskaf deur logistieke "spesialiste" van die "18th Airborne Corps". ACRI-opleiding was oor 'n periode van drie jaar versprei, met 'n aanvanklike opleidingsperiode van 70 dae en op internasionale vredesmagdoktrines gebaseer was. Opleiding was gerig op:

- menseregte-opleiding;
- humanitêre beskerming en die bestuur van vlugteling;e;
- samewerking met humanitêre organisasies;
- skietopleiding;
- militêre administrasie en logistieke opleiding;
- staf en leierskapopleiding;
- taktiese besluitneming;
- konvooiveiligheid; en
- bemanning van padblokkades en kontrolepunte,³⁰

ACRI is gevolglik 'n kapasiteitsbouprogram deur middel van opleiding aan weermagte in SSA deur die VSA-weermag. Twee aspekte is van belang. Eerstens is daardie state met militêre regerings by die inisiatief uitgesluit, aangesien ACRI as 'n vorm van militêre bystand deur die VSA beskou is. Die VSA-Kongres het in wese 'n tweeledige vereiste daargestel vir deelname aan ACRI: deelnemende state moes enersyds oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik en andersyds nie 'n geskiedenis van erge menseregteskendings hê nie. Tweedens bly alle magte wat opgelei word onder die bevel van hul onderskeie state.³¹ Dit impliseer dat magte wat opgelei is nie noodwendig deur hul onderskeie regerings vir ontplooiing beskikbaar gestel sou word nie. Dit is egter voorsien dat ontplooiing wel sal plaasvind as deel van:

- 'n VN-operasie onder politieke beheer van die VN;
- 'n multinasionale mag met goedkeuring van die VN se Veiligheidsraad, maar waar vredesmagte op 'n vrywillige grondslag deur state voorsien word;

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- 'n mag bestaande uit lidstate van, en beheer deur, 'n streeksorganisasie – verkieslik met die goedkeuring van die Veiligheidsraad van die VN; of
- 'n operasie onder leiding van die OAE, gegewe dat die OAE 'n meer aktiewe rol in vredesbewaring sou speel.³²

ACRI is egter ook 'n program vir die voorsiening van uitrusting aan deelnemende state. Die uitrusting wat voorsien word, is nie-lewensgevaarlik nie, aangesien die meeste weermagte in SSA oor die nodige dodelike uitrusting beskik vir die uitvoer van vredesoperasies. Veral radio's, satelietkommunikasiesisteme, nagsig-, mynopsporings- en watersuiweringsuitrusting word voorsien, asook uniforms en swaardiens persoonlike uitrusting.³³ Met die toename in die aantal deelnemende state, het ACRI se begroting ook toegeneem: vanaf \$15 miljoen in 1997 tot \$20 miljoen in die 2000 finansiële jaar.³⁴

Alhoewel ACRI oor die algemeen in die VSA en SSA as 'n sukses beskou word, was daar tog probleme met die program. Die belangrikste hou verband die redes waarom state in SSA daarby betrokke geraak het. Daar word geargumenteer dat deelnemende state se primêre oogmerke nie noodwendig op die verbetering van hul vredesmagvermoëns gerig was nie, maar veel eerder om hul eie militêre vermoëns te verbeter vir doeleindes van teeninsurgensie-operasies en militêre inmenging in regionale konflikte. Omach is verder van mening dat die veiligheidsbystand wat deur ACRI voorsien is, binnelandse politieke uitkomst sou beïnvloed en daarom tot die militarisering van verskille sou bydra. State in SSA se keuse om by ACRI betrokke te raak is gevolglik onderlê deur 'n waardering van hul eie veiligheidsbehoefte en die mate waartoe hul assosiasie met die VSA hul eie nasionale belange sou bevorder.³⁵

Ook is daar probleme met die bevel-en-beheer van die program. Alhoewel die VSA die opleiding verskaf, met inbegrip van waarborg van legitimititeit en deursigtigheid, is die verantwoordelikheid vir ontplooiing gesetel in die regering van die onderskeie state. Die VSA het gevolglik geen waarborg dat die uitrusting en vermoëns wat verskaf is, aangewend sal word vir die aanvanklike doeleindes daarvan nie.³⁶ Nogtans is daar verskeie positiewe uitkomst. Militêre magte in SSA is met tasbare vaardighede toegerus om met groter effektiwiteit aan vredesoperasies deel te neem. Burgerlik-militêre verhoudinge in SSA vind baat by die program en samewerking tussen weermagte in SSA en die VSA-weermag word verbeter. Veral die VSA-weermag raak meer bekend met die operasionele omstandighede in SSA, terwyl niemand dit kan ontken dat hierdie faktore op 'n positiewe wyse bydra tot die verbetering van veiligheid in SSA nie.

4.2 "African Center for Strategic Studies": Die VSA se primêre beïnvloedingsmiddel

Die VSA beskou die ACSS as sy primêre middel vir die beïnvloeding van hoëvlak, burgerlike besluitnemers en militêre leiers in SSA.³⁷ Die idee vir die skepping van sodanige sentrum is reeds in 1994 geopper – twee jaar voordat ACRI beslag gekry het. Dit is ook onwaarskynlik dat die VSA se Departement van Verdediging die sentrum sou geskep het indien dit nie was vir die druk wat deur die swart kookus in die Kongres uitgeoefen is nie. Die besluit om die ACSS tot stand te bring is in 1997 geneem. Dit is in 1999 gestig. Die sentrum word gesien as 'n bron van akademiese, dog praktiese, opvoeding wat daarop gerig is om die vaardighede van demokratiese regerings te bevorder in besluitnemeningsprosesse rakende nasionale veiligheid. Ook word dit as 'n bron van substantiewe gesprekvoering met demokratiese gesinde Afrikaleiers insake die beplanning van verdedigingsbeleid gesien.³⁸

Die ACSS is een van vyf sodanige instellings van die VSA se Departement van Verdediging. Die ander is die "George C Marshall Center for Security Studies" in Duitsland wat fokus op die veiligheid van Europa; die "Asia-Pacific Center for Security Studies" in Honolulu wat fokus op die veiligheid van die Stille Oseaan-gebied en Asië; die "Center for Hemispheric Defense Studies" wat in Washington gesetel is, maar fokus op die veiligheid van Sentraal- en Suid-Amerika; en die "Near East South Asia Center for Strategic Studies" wat fokus op die veiligheid van die Midde-Ooste en omliggende streke. Hierdie sentrums word gesien as essensieel vir bilaterale en multilaterale interaksie tussen militêre en burgerlike amptenare in die betrokke state. Professionele militêre opleiding, burgerlike verdedigingsopvoeding en verwante akademiese aktiwiteite vorm die grondslag vir die bereiking van hierdie instellings se doelwitte.³⁹

Dit word deur die VSA aanvaar dat die proses van kommunikasie en interaksie wat op akademiese grondslag geskoei is, spanning binne die verskillende streke sal ontloot; burgerlik-militêre verhoudings sal versterk; en kritiese veiligheidsuitdagings binne streke sal kan hanteer. Die VSA-weermag se regionale kommandemente is primêr verantwoordelik vir die aanbieding en ondersteuning van die programme van die verskillende regionale sentrums. EUCOM en CENTCOM is die belangrikste rolspelers in die realisering van die ACSS se programme in SSA.⁴⁰ Hierdie sentrums moet voorts gesien word as "pillars of America's efforts to shape the world in ways that reinforce and reflect our values and national security interests."⁴¹

Die ACSS strewende na die professionalisering van Afrika se militêre en burgerlike leiers. Dit word deur die ACSS beklemtoon dat dit nóg 'n sentrum vir konflikoplossing nóg 'n militêre kollege is. Dit

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

moet veel eerder as 'n akademiese instelling gesien word, bestaande uit internasionale akademici, sowel as burgerlike en militêre veiligheidskenner. Die ACSS het gevolglik ten doel om demokratiese owerheidsvorms in Afrika te ondersteun deur middel van 'n praktiese, maar grondige akademiese program in burgerlik-militêre verhoudings, nasionale veiligheidstrategie en verdedigingseconomie vir senior burgerlike en militêre leiers.⁴² Die sentrum streef gevolglik daarna om:

- Die rol van die weermag in 'n demokrasie te bevorder deur middel van ingeligte en produktiewe debatvoering tussen burgerlike en regeringsleiers, amptenare en militêre offisiere;
- begrip te kweek vir die weermag se rol in die vorming van nasionale veiligheidstrategieë en die beplanning van verdedigingshulpbronne;
- langtermyn en voortgesette interaksie met en tussen belanghebbendes te bevorder rakende aangeleenthede wat in verband staan met die sentrum se missie;
- addisionele navorsing, seminare, konferensies en ander uitruilaktiwiteite ten opsigte van relevante onderwerpe in Afrika, Europa en die VSA te ondersteun; en
- interaktiewe onderrigmetodes te gebruik om hoëvlak deelname te verseker en 'n praktiese benadering tot burgerlik-militêre verhoudings te ontwikkel.⁴³

Die ACSS se program bestaan uit verskeie elemente waarvan die senior-leierseminaar die belangrikste is. Dit is 'n akademiese program wat spesifiek fokus op burgerlik-militêre verhoudings, veiligheidstrategie en verdedigingseconomie. Die program word jaarliks oor 'n periode van twee weke vir hoëvlak besluitnemers in regerings en offisiere op generaalsvlak aangebied. Aangesien die ACSS in Washington DC gesetel is, word die plek van aanbidding tussen die state van SSA geroteer. Seminare is al in verskillende state in die streek aangebied, waaronder Ghana en Botswana. Ook word leierseminare aangebied. Die inhoudelike van die leierseminaar is dieselfde as dié van die senior leierseminaar, maar word vir die ranggroep luitenant-kolonel en kolonel, asook gelykstaande regeringsamptenare aangebied. Seminare wat fokus op spesifieke streke met hul eiesoortige veiligheidsprobleme word ook aangebied.⁴⁴

Die ACSS beskik oor verskeie sogenaamde kernwaardes ten einde die sentrum in staat te stel om legitimiteit, akademiese uitnemendheid en beleidsrelevantheid te verseker, naamlik:

- “Consultation in Approach.” Die noodsaaklikheid om raadplegend te werk te gaan vereis dat daar met Afrika- en Europese regerings, die VN en regionale organisasies,

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

akademië en Afrika-kenners, nie-regeringsorganisasies, die privaatsektor en verskeie VSA-agentskappe gekonsulteer word.

- “Partnership in Execution.” Die noodsaaklikheid van ‘n vennootskapsbenadering vereis dat akademië uit Afrika, Europa en die VSA byeengebring moet word vir die aanbied van seminare en ander aktiwiteite.
- “Excellence in Program.” Die program noodsaak ‘n breë spektrum van idees en konsepte met die kernfokus op burgerlik-militêre verhoudings, veiligheidstrategie en verdedigingseconomie.
- “Non-Attribution and Academic Freedom.” Alle aktiwiteite van die ACSS moet plaasvind in ‘n atmosfeer wat polities neutraal en ontvanklik is vir eerlike en openhartige debatvoering waarin menings vrylik gelug kan word.
- “Relevance to African Leaders.” Die ACSS se programme moet voorsiening maak vir die bevordering van kritiese denke rakende Afrika se veiligheidsuitdagings deur regerings en militêre leiers in die streek.
- “Significance for U.S. Policy.” Die beleid van die VSA en in die besonder dié van sy Departement van Verdediging, word bevorder deur die interaksie met en advies aan die huidige en toekomstige Afrika-leiers wat by die program betrokke is.⁴⁵

Dit is duidelik dat die VSA die ACSS tydens die Clinton-era gebruik het as ‘n middel om begrip te kweek vir die regmatige rol van weermagte in die skep van ‘n veilige omgewing vir die mense en regerings van ware demokrasieë. Ook was daar ‘n strewe om begrip vir die komplekse aard van die streek se veiligheidskwessies te bewerkstellig. Die totstandkoming van die ACSS verteenwoordig daarom in ‘n groot mate ‘n nuwe benadering tot SSA se probleme, naamlik om die inwoners en leiers van die streek te bemagtig om hul eie veiligheidsituasies te hanteer soos hulle dit nodig mag ag.⁴⁶ Niemand kan dit ontken nie dat die ACSS hulpbronne beskikbaar stel vir SSA se huidige en toekomstige leiers om die hantering van veiligheidsprobleme op ‘n objektiewe en akademiese grondslag te beoordeel en te bespreek nie. In hierdie opsig lewer die VSA se Departement van Verdediging en verskeie van die regionale kommandemente, op indirekte wyse ‘n bydrae tot die verbetering veiligheid in die streek.

4.3 Militêre opleiding, oefeninge en operasies deur die VSA-weermag in sub-Sahara Afrika

ACRI het tydens die Clinton-era tot ‘n groot mate die feit oorskadu dat die VSA-weermag op ‘n verskeidenheid van wyses in SSA betrokke was in die vorm van opleidingsprogramme, oefeninge en operasies. Hierdie programme het die weermagte in die streek van ‘n wye verskeidenheid tegniese vaardighede, sowel as professionele militêre kennis voorsien. Studente vanuit SSA het

elke vlak van opleiding wat aan die militêre personeel van die VSA verskaf word, meegemaak: tegnies, takties, operasioneel en strategies.

4.3.1 Die VSA se betrokkenheid by militêre opleiding in sub-Sahara Afrika

Die VSA was op verskeie maniere by die opleiding van militêre magte in SSA betrokke. Die IMET-program was egter die belangrikste en omvattendste in terme van die verskaffing van professionele militêre opvoeding en opleiding aan militêre personeel van onder andere SSA, hoofsaaklik by militêre instellings en kolleges in die VSA. Die program stel militêre personeel nie net bloot aan die etiese dimensies van 'n professionele Westerse weermag nie, maar stel studente ook bekend aan die VSA se waardes en ervaring. Die IMET-begroting vir SSA het tussen 1994 en 1998 van \$4 tot \$8 miljoen toegeneem. Veertig van die 48 state in SSA het gedurende hierdie tydperk aan die program deelgeneem.⁴⁷

Die oorhoofse oogmerke van die program sluit in:

- die bevordering van regionale stabiliteit deur middel van effektiewe onderlinge verhoudings tussen weermagte wat kulmineer in toenemende wedersydse begrip en samewerking op die gebied van verdediging tussen die VSA en deelnemende state;
- die voorsiening van opleiding om die vermoëns van die deelnemende state se weermagte aan te vul, ten einde gesamentlike operasies en intersamewerking met VSA-magte te ondersteun; en
- die verbetering van die vermoë van die militêre en burgerlike personeel van ander state om basiese demokratiese waardes te vestig en te handhaaf én internasionaal erkende menseregte te beskerm.⁴⁸

Bedreweheid in Engels word as 'n minimum vereiste vir kommunikasievaardighede gestel vir diegene wat die kursusse meemaak. Die IMET-program lewer 'n groot bydrae tot die professionalisering van militêre magte in SSA. Dit hou egter ook baie voordele in vir die VSA deurdat dit aan ambassadepersoneel in die deelnemende state toegang verleen tot senior personeel binne weermagte. Henk wys egter daarop dat die program in die verlede om verskeie redes kritiek ontlok het. Die bestuur van die program is baie kompleks. Dit vereis goeie koördinering tussen verskillende burokratiese instellings in die VSA en dié van die deelnemende state. Dit maak die identifisering van die "regte persoon", wat in sy eie land 'n verskil op 'n spesifieke terrein kan maak nadat opleiding in die VSA deurloop is, baie moeilik. Voorts is daar vrae in die VSA rakende die 'kritiese massa' van studente uit 'n spesifieke staat wat die opleiding

moet deurloop om 'n verandering in hul land van herkoms teweeg te bring. Ook is daar in baie Frankofoniese state in SSA dikwels 'n gevoel dat daar teen studente gediskrimineer word wat hul kursusse in die VSA deurloop in stede van in Frankryk.⁴⁹

4.3.2 Die VSA se betrokkenheid by militêre oefeninge in sub-Sahara Afrika

Die VSA maak van sy sogenaamde JCET-program (“Joint/Combined Exchange Training”) gebruik om gesamentlike oefeninge met weermagte in SSA te onderneem. Tussen 1996 en 1998 was meer as 20 state in SSA die gasheer vir die JCET-program. Dit fokus op veldopleiding en groepsoefeninge. Anders as die ander programme, is JCET spesifiek daarop gemik om die militêre vermoë van VSA-magte te verbeter deur hulle aan verskillende omgewings en omstandighede bloot te stel. Die weermagte van state in SSA vind egter ook baat by hierdie oefeninge, aangesien die gasheerstaat se magte wat aan die oefening deelneem, meestal groter is as die kontingent uit die VSA. Die oefeninge word in relatief klein groepe – peloton- en kompanievlak – onderneem en deur die VSA gefinansier. Die oefeninge is kort, en in die meeste gevalle duur dit nie langer as 'n maand nie.⁵⁰

In sommige gevalle onderneem die verskillende regionale kommandemente van die VSA-weermag ook bilaterale of multilaterale oefeninge in hul onderskeie verantwoordelikegebiede. Die oefeninge is egter primêr gerig op die verbetering van die vermoëns van die VSA-magte in die spesifieke kommandement. Die magspele wat aan hierdie oefeninge deelneem, is gewoonlik redelik hoog. “Natural Fire”, 'n CENTCOM-oefening wat in 1998 in Kenia plaasgevind het, is byvoorbeeld deur 400 weermaglede van die VSA en 2100 lede van Uganda en Tanzanië gehou.⁵¹

Die VSA-weermag onderneem ook sogenaamde MEDFLAG-oefeninge in SSA. Dit is mediese oefeninge wat die EUCOM in samewerking met die weermagte van verskeie state in SSA hou. Sedert die instelling daarvan in 1988 is daar reeds 21 sodanige oefeninge in 17 SSA-state gehou. MEDFLAG-oefeninge sentreer rondom 'n gesamentlike mediese taakmag van die VSA-weermag^b wat in 'n spesifieke staat vir 'n tydperk van tot drie weke ontplooi. Die oefeninge sentreer rondom die mediese opleiding van die gasheerstaat se personeel, 'n ramphanteringsoefening en 'n gekombineerde (magte van die VSA en die gasheerstaat), burgerlike bystands-program waar mediese hulp aan die plaaslike bevolking voorsien word.⁵²

^b 'n Gesamentlike mediese taakmag bestaan uit elemente van die VSA Leër, Lugmag, Vloot en Mariniers.

In die meeste van die gevalle word oefeninge ondersteun deur sogenaamde ERC-projekte (“Exercise Related Construction”). ERC word omskryf as “an unspecified minor construction project, outside the Continental United States, in support of an in-progress, or planned, CJCS [Chairman, Joint Chief of Staff] exercise that remain, in any part, after the end of the exercise”.⁵³ Die konstruksieprojekte wat op hierdie wyse onderneem is, sluit ‘n wye verskeidenheid in soos instandhoudingsprojekte vir bestaande infrastruktuur; die bou van skietbane en wateropgaardplekke; en die bou van slaaplokale vir die magte betrokke by ‘n oefening.

4.3.3 Die VSA se betrokkenheid by militêre operasies in sub-Sahara Afrika

Naas die ontplooiing in Somalië, is die ongeveer 200 mariniers wat as wagte by die VSA se ambassades in die streek diens gedoen het, die enigste grondmagte van die VSA-weermag wat tydens die Clinton-era in SSA ontplooi is. Voorts was daar sowat 100 militêre attachés, veiligheidsassistenten en ander tegniese personeel in SSA. Slegs twee klein vliegtuie was in SSA gestasioneer om militêre aktiwiteite te ondersteun. Die VSA het egter by verskeie geleenthede getoon dat sy magte baie vinnig in SSA ontplooi kon word indien nodig, meestal om nie-vegtende ontruimingsoperasies uit te voer. Magte is egter ook ontplooi om humanitêre- en vredesteun te verleen. In vergelyking met die ontplooiing in Somalië, was hierdie ontplooiings egter klein en van korte duur.⁵⁴ ‘n Voorbeeld in dié verband is die VSA se “Humanitarian Demining Program” (HDP). Magte van SOCOM is tydens die Clinton-era in Mosambiek, Namibië, Rwanda en Zimbabwe ontplooi “to assist designated countries with the funding, equipping, training, mine awareness and development of a permanent infrastructure to dispose of hazardous land mines within their country”.⁵⁵

“How to keep the peace in Africa without sending troops” was volgens O’Halon⁵⁶ die probleem wat die VSA gedurende die Clinton-era in SSA moes operasionaliseer. In ‘n artikel in *The New York Times* wys O’Halon daarop dat die VSA weens hierdie probleem eerder politieke advies as militêre bystand in SSA tydens krisisse verleen het. Selfs in gevalle waar magte vir nie-operasionele doeleindes in SSA ontplooi moes word, is daar by verskeie geleenthede van MPRI, ‘n private militêre maatskappy met sy hoofkantoor in Alexandria, Virginia, gebruik gemaak.⁵⁷

In die gevalle waar die VSA militêre mag op ‘n meer aktiewe wyse, in sommige gevalle selfs offensief, in SSA aangewend het, is dit op sodanige wyse gedoen dat dit nie nodig was om grondmagte te ontplooi nie. Alhoewel die VSA-weermag oor die inherente vermoë beskik het om dit wel te doen, was hierdie neiging ook ‘n reaksie op die VSA se ervaring in Mogadishoe, Somalië in Oktober 1993 toe 18 van sy soldate in ‘n vredesoperasie omgekom het. Die opvallendste

operasie van die VSA in SSA is uitgevoer in reaksie op die bomaanvalle op VSA-ambassades in Nairobi en Dar es Salaam op 7 Augustus 1998. Die VSA se onmiddellike reaksie was om noodreddingspanne van die Departemente van Verdediging en Buitelandse Sake na die streek te stuur. Dit het mediese personeel, noodreddingskundiges, kriminele ondersoekbeamptes en teen-terrorisme spesialiste ingesluit.⁵⁸

Genoemde bomontploffings was deel van 'n reeks terroristaanvalle op VSA-teikens wêreldwyd. Dié aanvalle, in SSA en elders, het druk op president Clinton en sy administrasie geplaas om op te tree. Die VSA het gevolglik gereageer deur op 20 Augustus 1998 'n missielaanval met 75 kruisermisiele vanaf skepe langs die ooskus van Afrika uit te voer. Die teiken was 'n chemiese fabriek in Soedan wat, volgens die VSA, deur terroristegroepe gebruik is om chemiese wapens te vervaardig. Die VSA het egter later erken dat dit 'n fout was om die fabriek aan te val.⁵⁹ Die aanvalle het enersyds duidelik bewys dat die VSA se offensiewe militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era 'n aangeleentheid van keuse was; andersyds het die VSA nie gehuiwer om eensydig te besluit om militêre offensief in SSA op te tree indien dit nodig geag is nie.

Dit was egter duidelik dat daar 'n ongemak te bespeur was by die Clinton-regering aangaande omvattende militêre optrede, veral offensiewe betrokkenheid, in SSA. Verskeie argumente word in dié verband aangevoer. Volgens Henk byvoorbeeld was dit die algemene siening in die VSA dat eksterne inmenging die vind van moontlike oplossings vir konfliktsituasies in SSA sou verlangsaam.⁶⁰ Ook is geargumenteer dat konfliktoplossing en ekonomiese vooruitgang nie van buite die streek afgedwing kan word nie en dat state in SSA self verantwoordelikheid daarvoor moes aanvaar.⁶¹ Laastens was daar 'n siening dat daar minder entoesiasme by die algemene publiek in die VSA te bespeur was vir militêre ontplooiing in SSA as in ander wêrelddele.⁶² Militêre inmenging, al was dit ook om humanitêre redes, was daarom volgens die algemene siening in die VSA, nie die effektiwste wyse vir die skep van omstandighede wat ontvanklik was vir konfliktoplossing in SSA nie. Volgens Henk was dit vergelykbaar met die behandeling van 'n pasiënt nadat 'n terminale siekte gediagnoseer is.⁶³

Volgens Perry kan die lae vlak van militêre betrokkenheid in SSA toegeskryf word aan die feit dat baie min veiligheidsituasies en konflikte in SSA voldoen het aan die Clinton-administrasie se kriteria vir die gebruik van militêre mag.^c "When those are met, whether it's in Africa, Europe or Asia, we would be willing to support the peacekeeping operation there."⁶⁴ Al Gore, die VSA se vise-president tydens die Clinton-era, was ook van mening dat die VSA nie militêr in enige

^c Sien hoofstuk 3 vir 'n volledige uiteensetting van hierdie kriteria.

operasie in SSA betrokke kon raak, alvorens daar nie duidelikheid oor twee aspekte bestaan het nie:

- kon die VSA 'n verskil maak aan die situasie deur militêre magte te ontplooi; en
- het die VSA enige bondgenote wat ondersteuning kon verleen.⁶⁵

In samehang hiermee argumenteer Kuperman⁶⁶ dat VSA-grondmagte in die algemeen nie vir humanitêre inmenging tydens voortslepende burgeroorloë gebruik moes word nie, maar dat volksmoord, soos in Rwanda in 1994, 'n uitsondering behoort te wees. Ten spyte van hierdie argument, is Kuperman egter nie daarvan oortuig dat die tydige ontplooiing van VSA-magte die lewensverlies kon verminder of voorkom het nie. Indien hierdie argumente holisties in oënskou geneem word, is daar begrip vir die feit dat die VSA soms van selektiewe inmenging beskuldig word, veral wat SSA betref.⁶⁷

5. SAMEVATTING

Die VSA-weermag se betrokkenheid in SSA was op twee oogmerke gerig: aan die een kant wou die VSA stabiliteit in SSA bevorder en aan die ander kant wou dit enige moontlike bedreigings wat vanuit SSA teen die VSA gerig mag wees, neutraliseer, voordat dit kon manifesteer. Verskillende maniere is geïdentifiseer waarvolgens die VSA-weermag hierdie oogmerke in SSA kon bereik, naamlik verdedigingshervorming; militêre professionalisering; die skep van konflikoplossings en vredesoperasievermoëns in die streek; die verskaffing van toerusting; en die verbetering van gesondheids- en omgewingsomstandighede in SSA. Die VSA se militêre betrokkenheid in SSA is eerstens beïnvloed deur die realiteit dat take wat uit hierdie betrokkenheid vir die VSA-weermag voortgespruit het, hoofsaaklik nie-tradisioneel van aard was. Weermagte is tradisioneel geneig om sekondêre take in 'n negatiewe lig te sien. Tweedens was die VSA-weermag se organisatoriese struktuur nie bevorderlik vir effektiewe militêre betrokkenheid in SSA nie.

Die VSA se Departement van Verdediging het tydens die Clinton-administrasie egter verskeie programme in SSA van stapel gestuur. Veral twee was belangrik wat tydens die Clinton-administrasie beslag gekry het. Die "African Crisis Response Initiative" moes SSA-weermagte ondersteun in hul pogings om 'n vredesmag- en konflikhanteringsvermoë daar te stel. Die "African Center for Strategic Studies" daarteenoor was gerig op die bevordering van demokrasie in SSA deur middel van die verbetering van burgerlik-militêre verhoudings en verdedigingsbegroting-bestuur asook die daarstelling van effektiewe veiligheidstrategieë.

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

Die VSA-weermag het 'n belangrike rol vervul in die implementering van die Clinton-administrasie se strategie in SSA. Dit was veral sigbaar in die toenemende skakeling en samewerking tussen weermagte tydens hierdie era. Die VSA se militêre betrokkenheid was egter gefokus op opleiding, veiligheidsbystand, humanitêre en vredesoperasies en nie-vegtende ontruimingsoperasies. Slegs in 'n enkele geval is militêre mag offensief aangewend. Net soos in Somalië in 1993, was die VSA se optrede in Soedan in 1998 nie 'n ooglopende sukses nie. Die VSA-weermag het gevolglik nie 'n positiewe rekord opgebou ten opsigte van offensiewe magsaanwending in SSA nie; daar is egter gepoog om professionele en demokratiesgeoriënteerde militêre magte in SSA te kweek. Regionale benaderings ten opsigte van vredesbewaring en humanitêre krisisse is ook aangemoedig. Dit is gedoen op bilaterale wyse binne streeksverband. Waar krisisse wel voorgekom het, het die VSA egter die situasie probeer stabiliseer, terwyl state en agentskappe in die streek aangemoedig is om verantwoordelik op te tree. Vir die VSA was professionele militêre opvoeding egter die sleutel waardeur militêre betrokkenheid tot positiewe hervorming van state in SSA moes bydra. Daar is geargumenteer dat professionele militêre opvoeding burgerlik-militêre verhoudings verbeter; meer effektiewe weermagte daarstel; en 'n effektiewe verhouding tussen die weermagte van die VSA en die state in SSA vestig wat veral waardevol is tydens koalisie-operasies.

6. VERWYSINGS

-
- ¹ Lanham, R W, *Beyond the Clinton Doctrine: U.S. Military Intervention Policy*, 1997, p 24. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.globalsecurity.org/military/library/report/1997/Lanham.htm>]
- ² Newson, E D, "Security Assistance: The Bridge Between Diplomacy and the Use of Force", *U.S. Foreign Policy Agenda*, Vol 4 no 3, December 1999, p 9.
- ³ Cohen, H J, "Africa and the Superpower – An Agenda for Peace", In: Sorbo, G M & Vale, P, *Out of Conflict. From War to Peace in Africa*, Nordiska Afrikainstitutet, Uppsala, 1997, p 167.
- ⁴ *Ibid*, p 168.
- ⁵ *Ibid*, p 171.
- ⁶ Sien die volledige bespreking van die VSA se militêre doelwitte in USA: *A Strategy of Flexible and Selective Engagement - National Military Strategy*, Joint Chiefs of Staff, Washington DC, February 1995. Beskikbaar op die internet by [http://www.fas.org/man/docs/nms_feb95.htm]
- ⁷ Perry, H, "Defense in an Age of Hope", *Foreign Affairs*, Vol 75 no 6, November / December 1996. pp 68-69.
- ⁸ US, Department of Defense, Office of African Affairs, *U.S. DoD Africa Strategy*, August 1995, p 2. Beskikbaar op die internet by: [http://www.defenselink.mil/policy/isa/a...office_affrican_affairs_strategy.html]
- ⁹ US, Department of Defense, *U.S. Security Strategy for Sub-Sahara Africa*, US Department of Defense Office of International Security Affairs, Washington DC, August 1995, pp 6-11. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.defenselink.mil/speeches/1995/s19950801-report.html>]
- ¹⁰ *Ibid*, pp 3-4.
- ¹¹ *Ibid*, p 4.
- ¹² Fox, C W, "Military Medical Operations in Sub-Saharan Africa: The DoD 'Point of the Spear' for a New Century", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, 24 June 1997, p 3.
- ¹³ Catoire, R G, "A CINC for sub-Sahara Africa? Rethinking the Unified Command Plan", *Parameters*, Winter, 2000-01, p 102.
- ¹⁴ Campbell, J E, "Sub-Sahara Africa and die Unified Command Plan", *Joint Forces Quarterly*, Autumn/Winter 2001-02, p 72.
- ¹⁵ Catoire, R G, *op cit*, pp 102-103.
- ¹⁶ Walker, N J, & Hanauer, L, "EUCOM and Sub-Saharan Africa", *Joint Forces Quarterly*, Spring 1997, p 105.
- ¹⁷ Simpson, D H, *U.S. African Policy: Some Possible Course Adjustment*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, August 1994. p. 16.
- ¹⁸ Campbell, J E, *op cit*, p 105.
- ¹⁹ Catoire, R G, *op cit*, p 102.
- ²⁰ Sien byvoorbeeld die artikels deur Catoire, R G, *op cit* en Simpson, D H, *op cit*.
- ²¹ Catoire, R G, *op cit*, p 104.

- ²² Sien die artikel van Campbell, J E, *op cit* vir 'n volledige uiteensetting van argumente teen die skepping van 'n Afrika kommandement.
- ²³ Hooks, A, "Promoting Security in Africa – The U.S. Contribution". Paper presented by Ambassador Aubrey Hooks to the Council of Foreign Relations in a meeting series entitled *American Policymakers on Africa* in New York, 10 February 2000. Beskikbaar op die Internet: [<http://usinfo.state.gov/regional/af/acri/hookstx.htm>]
- ²⁴ US, "U.S. Policy on Reforming Multilateral Peace Operations", *Presidential Decision Directive 25*, Bureau of International Organisational Affairs, U.S. State Department Publication 10161, 5 Mei 1994
- ²⁵ Sien Williams, R, "Don't Hold the African Crisis Response Force Hostage to Unrealistic Demands", *ISS Papers No 20*, April 1997, p 1, en "African Crisis Response Inisiatie (ACRI): A Peacekeeping Alliance in Africa", *Project on Peacekeeping and the United Nations*, vir 'n bespreking van die oorsake vir die totstandkoming van die ACRI. Laasgenoemde is beskikbaar op die internet by: [<http://www.clw.org/pub/clw/un/acri.html>]
- ²⁶ Malan, M, "US Response to African Crises: An Overview and Preliminary Analysis of the ACRI", *ISS Papers No 24*, August 1997, p 1.
- ²⁷ Bridgeman, M, *Between 'Partnership' and Disengagement: Mapping the Contours of US Policy Towards Post-Apartheid South Africa*, Dissertation presented for the Degree of Doctor of Philosophy at the University of Stellenbosch, December 1999, p 120.
- ²⁸ "African Crisis Response Inisiatie (ACRI): A Peacekeeping Alliance in Africa", *op cit*, p. 2
- ²⁹ Henk, D & Metz, S, "The United States and the Transformation of African Security: The African Crisis Response Initiative and Beyond", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, 5 Desember 1997.
- ³⁰ Levitt, J, "The African Crisis Response Initiative: A general Survey", *Africa Insight*, Vol 28 no 3/4, 1998, p 101.
- ³¹ *Ibid.*
- ³² Malan, M, *op cit*, p 2.
- ³³ Levitt, J, *op cit*, p 101.
- ³⁴ US, Department of State, "Summary of the African Crisis Response Initiative", *International Information Programs*, p 2. Beskikbaar op die internet by: [<http://usinfo.state.gov/regional/af/acri/acrisumm.htm>]
- ³⁵ Omach, P, "The African Crisis Response Inisiatie: Domestic Politics and Convergence of National Interests", *African Affairs*, Vol 99, 2000, pp 73-74.
- ³⁶ Sien byvoorbeeld die volgende artikel in die verband: Brower, S E & Simons, A, "The ACRI Command and Control Challenge", *Parameters*, Winter 2000-01, pp 118-127.
- ³⁷ RSA, South African National Defence Force, "USA: Security Policy Towards Africa", *Defence Intelligence Assessment*, No 19/2, 4 April 2002, p 2.
- ³⁸ Shaw, B, Aanbieding deur dr Bryant Shaw, Akademiese Dekaan van die ACSS, ACSS-Botswana Seminaar, 3 Julie 2000.

- ³⁹ US, Department of State, "Foreign Military Training and DoD Engagement Activities: Joint Report to Congress", Bureau of Political-Military Affairs, Washington DC, January 2001, p 2-3. Beskikbaar op die internet by [<http://www.state.gov/t/pm/rls/rpt/fmtrpt/2001/2569.htm>]
- ⁴⁰ *Ibid.*
- ⁴¹ Webbladsy: "About the Center"-webbladsy van die *African Center for Strategic Studies*. Beskikbaar op die internet by: [http://www.africacenter.org/english/e1000_center.htm]
- ⁴² US, Department of Defense, "DoD Launches African Center for Strategic Studies", News Release, 22 July 1999, p 1. Beskikbaar op die internet by: [http://www.defenselink.mil/news/Jul1999/b07221999_bt343-99.html]
- ⁴³ Aanbieding deur Shaw, B, *op cit*, sien ook die aanbieding wat beskikbaar is op die web-bladsy van die ACSS, *op cit*
- ⁴⁴ *Ibid.*
- ⁴⁵ Webbladsy: *African Center for Strategic Studies*, *op cit*,
- ⁴⁶ Neethling, T & Esterhuyse, A J, "US Involvement in African Security Requirements: Some Notes and Reflections", *African Armed Forces Journal*, September 2000, p 23.
- ⁴⁷ Berman, E G & Sams, K E, *Peacekeeping in Africa: Capabilities and Culpabilities*, United Nations Publications, Geneva, 2000, p 281-282.
- ⁴⁸ "Foreign Military Training and DoD Engagement Activities: Joint Report to Congress", *op cit*, p 2.
- ⁴⁹ Henk, D, "Uncharted Paths, Uncertain Vision: U.S. Military Involvements in Sub-Saharan Africa in the Wake of the Cold War", *INSS Occasional Paper 18: Regional Series*, Institute for National Security Studies, US Air Force Academy, Colorado, March 1998, pp 27-30.
- ⁵⁰ Berman, E G & Sams, K E, *op cit*, pp 279-280.
- ⁵¹ *Ibid*, p 280.
- ⁵² Fox, C W, *op cit*, pp 14-15.
- ⁵³ Sien Prinslow, K E, "Building Military Relations in Africa", *Military Review*, May-June 1997 vir 'n volledige bespreking van hierdie projekte.
- ⁵⁴ Anon, "Chapter 8: Sub-Sahara Africa", *1998 Strategic Assessment: Engaging Power of Peace*, National Defense University, Institute for National Strategic Studies, 1998. p 8/16. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.ndu.edu/inss/sa98/sa98ch8.htm>]
- ⁵⁵ US, Army Public Affairs, "U.S. Army Training and Operations Update", *US Army News Release No 98-007*, Washington DC, 8 April 1998, p 5.
- ⁵⁶ *The New York Times*, (New York) 8 January 2001.
- ⁵⁷ Sien byvoorbeeld die webbladsy van MPRI vir 'n uiteensetting van hul betrokkenheid by VSA-militêre gesteunde aktiwiteite in SSA. Beskikbaar op die internet by: [http://www.mpri.com/subchannels/int_africa.html]
- ⁵⁸ US, Department of State, Fact sheet released by the Bureau of Public Affairs, "Bombings in Nairobi, Kenya and Dar es Salaam, Tanzania August 7, 1998", 7 Augustus 1998, p 1.
- ⁵⁹ *Globale Issues*, "The Strike against Afghanistan and Sudan", p 1. Beskikbaar op die internet by:

[<http://www.globalissues.org/Geopolitics/MiddleEast/AfghanSudan.asp>]

⁶⁰ Henk, D, *op cit*, pp 18-22.

⁶¹ Nye, J S, *op cit*, p 18.

⁶² Program on International Policy Attitudes, "Humanitarian Military Intervention in Africa", *Americans & The World*. Beskikbaar op die Internet by: [http://www.americans-world.org/digest/regional_issues/Africa/africa4.cfm]

⁶³ Henk, D, *op cit*, pp 18-22.

⁶⁴ CNN, *U.S. Choosy about Military Intervention*, 22 Mei 1996. Beskikbaar op die Internet by: [<http://www.cnn.com/US/9605/22/us.military.africa/>]

⁶⁵ Issues 2002, *Al Gore on Foreign Policy*, Beskikbaar op die internet by: [www.issues2000.org/Al_Gore_Foreign_Policy.htm]

⁶⁶ Kuperman, A J, "Rwanda in Retrospect", *Foreign Affairs*, January/February 2000, Inleiding. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.foreignaffairs.org/>]

⁶⁷ Kuperus, T, The Center for Public Justice, "Kosovo and Rwanda: Selective Interventionism?" *Public Justice Report*, p 1, Beskikbaar op die Internet by: [[http://www.cpjustice.org/stories/storyReader\\$646](http://www.cpjustice.org/stories/storyReader$646)]

HOOFSTUK 5

WAARDESKATTING

1. Opsomming van die VSA se militêre betrokkenheid in sub-Sahara Afrika tydens die Clinton-era

Daar is 'n definitiewe fokusverskuiwing in veiligheid te bespeur sedert die einde van die Koue Oorlog. Veiligheid in die post-Koue Oorlog-era bring toenemend daardie veiligheidsaspekte na vore wat veral met Derde Wêreldstate geassosieer word. Dit hou verband met nie-militêre veiligheidsdimensies; 'n samewerkende benadering ten opsigte van veiligheid tussen state; en 'n mindere klem op die staat as veiligheidsobjek ten gunste van 'n fokus op substaatlike en transnasionale objekte. Die staat bly egter steeds 'n belangrike entiteit, en militêre mag steeds essensieel vir die daarstelling van veiligheid. Die nut van militêre mag in die post-Koue Oorlog-era omvat egter meer as bloot die beskerming van nasionale soewereiniteit teen eksterne aggressie. Die aanwending van militêre mag in hierdie era word gekenmerk deur die nie-tradisionele rolle wat weermagte vervul. Onderliggend aan hierdie verskynsel is die behoefte aan groter militêre betrokkenheid deur die VSA en die ander grootmoondhede van die Eerste Wêreld by die veiligheid van Derde Wêreldstate. In die algemeen is gestreef na militêre betrokkenheid wat grootliks buite die tradisionele raamwerk van militêre intervensie of inmenging val.

In geen ander wêreldstreek was die veranderende aard van veiligheid en militêre betrokkenheid so opvallend soos in SSA nie. Aan die een kant is daar 'n duidelike poging in SSA om vrede, veiligheid en stabiliteit daar te stel. Aan die ander kant is daar egter voortgesette burgeroorlog, ekonomiese agteruitgang en humanitêre rampe. In die meeste gevalle is die soeke na oplossings vir baie van die veiligheidsprobleme in SSA gekenmerk deur 'n fokus op nie-militêre oplossings; 'n samewerkende benadering tot oplossings in streksverband; en 'n poging om nie-staatlike entiteite by die vind van oplossings te betrek. Die konflikte wat in die post-Koue Oorlog-era in SSA gemanifesteer het, het egter daartoe gelei dat militêre bedreigings 'n realiteit was waarmee regerings in SSA rekening moes hou. State het gevolglik gepoog om hul weermagte toegerus en op 'n gereedheidsgrondslag te hou.

Die afwesigheid van konkrete belange het die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era deurgrond. Die VSA se beleid was daarom gefokus op die vestiging van demokratiese owerheidsvorms en 'n klem op ekonomiese en handelsoorwegings. Binne hierdie konteks het die veiligheidstrategie voorsiening gemaak vir die bevordering van stabiliteit in SSA en die voorkoming

van enige bedreigings vanuit SSA vir VSA-belange. Hierdie strategie is onderlê deur die VSA se basiese onwilligheid om militêre mag in SSA te ontplooi. Met die uitsondering van militêre optrede in Somalië en Soedan, is militêre mag meestal op 'n indirekte wyse aangewend om die VSA se veiligheidsoogmerke in die streek te ondersteun. Dit is hoofsaaklik gedoen deur middel van militêre opleidingsprogramme en militêre oefeninge.

2. TOETS VAN DIE AANNAMES WAT DIE STUDIE ONDERLÊ

Dit is nodig om die stellings wat in die inleiding rakende die VSA se militêre betrokkenheid in SSA gemaak is, te toets ooreenkomstig die bevindinge van hierdie studie. Hierdie stellings hou verband met die VSA se gebrek aan belange in SSA; die VSA se onwilligheid om militêr by veiligheidsaangeleenthede in SSA betrokke te raak; en die VSA se fokus op die bemagtiging van weermagte in SSA.

2.1 Die VSA se gebrek aan belange in sub-Sahara Afrika

Stelling: “Daar word baie geskryf en gepraat oor die VSA se belange in SSA, maar met die uitsondering van olie en beperkte ekonomiese belange, was daar tydens die Clinton-era nie veel wat die VSA in SSA geïnteresseer het nie. Dit kan geargumenteer word dat die VSA tydens die Clinton-era min belange in SSA gehad het wat militêre beskerming genoodsaak het.”

Die VSA se belange, beleid en strategie in SSA word tradisioneel deur 'n voorkeur aan Europese belange in die streek gekenmerk. Histories het die VSA baie min belang in SSA. Naas slawerny, het die VSA geen historiese bande met SSA nie, hoewel SSA 'n belangrike onluikende mark met aansienlike potensiële ekonomiese opbrengste is. Naas die invoer van 15 persent van sy olie uit SSA, was die VSA se ekonomiese betrokkenheid in SSA tot op hede baie beperk en onontgin. Toegang tot potensiële markte in SSA onderlê die VSA se ekonomiese belangstelling in die streek.

Die VSA se politieke en strategiese belange in SSA sentreer rondom die voorkoming van alle bedreigings vir die VSA wat vanuit die streek mag manifesteer: vanaf gesondheidsbedreigings soos die verspreiding van dodelike siektes tot internasionale terrorisme. Oor die algemeen word aanvaar dat 'n stabiele SSA die minimalisering van bedreigings vir die VSA tot gevolg sal hê. Dit lei tot die aanname dat die VSA wel belang by stabiliteit in SSA het. Daar was egter geen konkrete VSA-belange tydens die Clinton-era wat militêre optrede in SSA genoodsaak het nie. Selfs in die geval van die militêre optredes in Somalië en Soedan bestaan daar twyfel oor die konkrete belange wat die VSA se optrede geregtig het. Die militêre optrede in Somalië was die gevolg

van 'n VN-gesteunde vredesoperasie wat vredesafdwinging vereis het. Die aanvalle op die chemiese fabriek in Soedan was 'n reaksie op die bomontploffings by die VSA se ambassades in Nairobi en Dar es Salaam. Die stelling is gevolglik as korrek bewys.

2.2 Die VSA se onwilligheid om militêr in SSA op te tree.

Stelling: “Tweedens word aanvaar dat die VSA, soos enige ander staat, 'n keuse het rakende sy militêre betrokkenheid in SSA. As vertrekpunt moet aanvaar word dat weens die afwesigheid van noemenswaardige belange tydens die Clinton-era, die VSA slegs militêr betrokke sou raak indien omstandighede dit sou noodsaak. In die meeste gevalle was hierdie omstandighede die gevolg van huishoudelike druk in die VSA na aanleiding van bepaalde gebeure in SSA, soos humanitêre tragedies. Die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era was gevolglik meestal reaktief van aard.”

Nie die bevordering van stabiliteit in SSA òf die voorkoming van bedreigings gemik teen die VSA vanuit SSA, vereis noodwendig die ontplooiing en aanwending van militêre mag in SSA nie. Die aanval in Soedan het getoon dat die aanwending van militêre mag deur die VSA nie noodwendig die ontplooiing daarvan in die streek vereis nie. Waar ontplooiing van magte wel plaasgevind het, soos in die geval van Somalië, was dit in die uitvoering van 'n vredesoperasie. Militêre optrede in SSA moes geskied in ooreenstemming met die Clinton-doktrine. Dit het ses spesifieke vrae omvat waarop antwoorde verkry moes word alvorens die VSA militêre mag in enige deel van die wêreld ontplooi sou word. Die afleiding kan dus gemaak word dat die VSA se lae vlak van militêre magsaanwending in SSA tussen 1993 en 2001, daarop neerkom dat baie min van die veiligheidsituasies en konflikte in die streek voldoen het aan die Clinton-administrasie se algemene kriteria vir die gebruik van militêre mag. Die Clinton-doktrine verskaf aan VSA duidelike kriteria vir militêre optrede in SSA en elders. Alle state oefen keuses uit ten opsigte van eksterne militêre betrokkenheid. Die VSA beskik egter oor eksplisiete kriteria wat as riglyn in hierdie verband dien. In die lig van die Weinberger en Powell-doktrines wat die Clinton-doktrine voorafgegaan het in onderskeidelik die Reagan en Bush-administrasies, word aanvaar dat die VSA ook in die toekoms van sodanige kriteria gebruik sal maak in sy keuse rakende militêre betokkenheid in SSA.

In die praktyk is hierdie keuse beïnvloed deur ander faktore soos die onhanteerbaarheid van konflikte in SSA; die brutaliserende impak daarvan op alle betrokke partye; die feit dat buitestaanders soos die VSA dikwels die veiligheidsituasie vererger eerder as verbeter; die VSA se sensitiwiteit vir moontlike lewensverlies; en die gebrek aan moontlike bondgenote. Hierdie realiteite is ondersteun deur die gebrek aan konkrete belange in SSA; die feit dat die VSA nie

bereid was om omvattende hulpbronne vir enige optrede in SSA beskikbaar te stel nie; en die VSA se globale strategiese prioriteite wat voorrang aan ander wêreldstreke verleen het. Die VSA se strewe om indien enigsins moontlik nie militêr in SSA op te tree nie, het gevolglik sy keuse rakende militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era beïnvloed.

Die VSA se status as die enigste oorblywende supermoondheid, tesame met die gebrek aan belange in SSA, het daartoe gelei dat laasgenoemde nie as een van die Clinton-administrasie se geostrategiese prioriteite uitgesonder is nie. Al die VSA se veiligheidstrategieë tydens die Clinton-tydperk plaas SSA laaste in die prioriteitsorde van die verskillende wêreldstreke. Dit moet ook gesien word in samehang met die volgende: die VSA se tradisionele geneigdheid om nie omvattende hulpbronne vir optrede in SSA beskikbaar te stel nie; die gebrek aan binnelandse steun vir optrede in SSA; en die strewe om te verhoed dat sy optrede in SSA inmeng met verantwoordelikhede in ander wêreldstreke. Benewens hierdie kriteria vir militêre optrede, was dit ook vanuit 'n geostrategiese oogpunt duidelik dat die VSA aan ander wêreldstreke voorkeur verleen het.

Die VSA het baie duidelike kriteria vir militêre optrede in SSA nagekom, terwyl die streek ook nie 'n geostrategiese prioriteit was nie. In hierdie verband is die stelling rakende die VSA se keuse vir militêre optrede in SSA as korrek bewys.

2.3 Die bemagtiging van weermagte in sub-Sahara Afrika deur die VSA se militêre betrokkenheid

Stelling: "VSA militêre betrokkenheid in SSA word onderlê deur die VSA se aandrang op die beperking van ongevallen, duidelike vooruitsigte vir sukses en 'n onttrekkingstrategie voor die ontplooiing van magte. Hierdie faktore, tesame met die idee van "gedwonge" betrokkenheid, het daartoe gelei dat die VSA nie noodwendig militêre magte in SSA wou ontplooi nie. Gevolglik kan geargumenteer word dat die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era, op die bemagtiging van SSA weermagte gerig was ten einde hul in staat te stel om hul eie probleme te hanteer."

Die weermag is wel deur die Clinton-administrasie benut om die VSA se belange in SSA te bevorder. Deur middel van "militêre diplomatie" was sy militêre betrokkenheid in SSA daarop gerig om te verseker dat weermagte in SSA die demokratiese beginsel van burgerlike beheer oor militêre magte aanvaar en onderhou; dat operasies en opleiding op 'n professionele wyse uitgevoer word met inagneming van universele menseregte en algemeen aanvaarde militêre

standaarde van optrede; dat ministeries van verdediging in SSA geskep word en militêre magte georganiseer word in ooreenstemming met die vereistes vir nasionale selfverdediging; dat hulpbronne wat deur die burgerlike owerhede beskikbaar gestel word, effektief bestuur word; en dat militêre organisasies in SSA oor die vermoë beskik om nasionale selfverdediging te behartig en aan subregionale humanitêre en vredesoperasies met beperkte internasionale steun, deel te neem.

Die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era behels twee oogmerke: kapasiteitsbou en die voorkoming en neutralisering van bedreigings vanuit die streek teen die VSA in die algemeen, en in die besonder teen VSA-belange in die streek. Om hierdie oogmerke te bereik was die VSA-weermag by 'n wye verskeidenheid aktiwiteite in SSA betrokke, waaronder militêre opvoeding en opleiding, militêre oefeninge en, in die geval van Soedan en Somalië, militêre optrede. Die omvang van hierdie aktiwiteite was egter baie beperk. Die belangrikste program was waarskynlik die *African Crisis Response Initiative* (ACRI), 'n kapasiteitsbouprogram vir die daarstelling van 'n inheemse vredesmag en humanitêre hulpverleningsvermoë. Die *African Center for Strategic Studies* was 'n meer omvattende inisiatief aangesien meer state daaraan deelgeneem het. In al die opleidingsprogramme het die VSA geworstel met die probleem om die regte individue in SSA te identifiseer om daaraan deel te neem; persone wat 'n bydrae tot die verbetering van veiligheid in hul onderskeie state kon lewer.

Militêre betrokkenheid tydens die Clinton-era in SSA deur middel van militêre oefeninge was beperk en meestal daarop toegespits om die VSA-weermag se eie vermoëns te verbeter en dit aan omstandighede in SSA bloot te stel. Dit beteken egter nie dat die weermagte van SSA nie by die oefeninge baat gevind het nie. Die VSA-weermag se optrede in SSA was hoofsaaklik beperk tot die voorsiening van wagte by ambassades; die teenwoordigheid van militêre attachés; en die teenwoordigheid van veiligheidsassistenten en tegniese personeel in verskillende state. Waar die VSA wel militêr by 'n krisis betrokke geraak het, was dit meestal reaktief van aard. Alle moontlike politieke en ander handelswyses moes reeds uitgeput gewees het. Die VSA het verkies om, indien militêre mag wel in SSA aangewend moes word soos in die geval van Soedan in 1998, dit te doen deur van langafstand presisiewapens gebruik te maak. Geen grondmag is in die streek ontplooi om dié operasie te ondersteun of uit te voer nie.

Die stelling is gevolglik as korrek bewys, aangesien die VSA nie die begeerte gehad het om militêr in SSA op te tree nie. Die fokus van sy militêre betrokkenheid in SSA was eerder gerig op die bemagtiging van weermagte in die streek om hul eie probleme te hanteer.

3. EVALUERING VAN DIE VSA SE MILITÊRE BETROKKENHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

Die studie het ten doel om die militêre betrokkenheid van die VSA by veiligheid in sub-Sahara Afrika tydens die Clinton-era, 1993 tot 2001, te ondersoek en te ontleed. Twee kriteria word gevolglik gebruik om die VSA se betrokkenheid in die streek te evalueer, naamlik die aard van veiligheid in SSA, en die aard van militêre betrokkenheid in die post-Koue Oorlog-era. Dit is ook belangrik om aandag te skenk aan die benutting van militêre mag in nie-tradisionele aktiwiteite.

Die aard van veiligheid in SSA tydens die Clinton-era was 'n duidelike weerspieëling van die aard van veiligheid in die post-Koue Oorlog-era. Dit het toenemend die nie-militêre veiligheidsdimensies beklemtoon as middel om die veiligheid van individue, substaatlike groepe, state en streke te verseker. Gevolglik was militêre optrede deur die aanwending van militêre mag in SSA deur 'n Eerste Wêreldmoondheid soos die VSA, internasionaal en in SSA minder aanvaarbaar. Die VSA se aanval op Soedan in 1998 het hom die kritiek van ander moondhede en SSA op die hals gehaal. Die VSA se basiese onwilligheid om militêr in SSA op te tree kan daarom nie net aan die relatiewe afwesigheid van konkrete belange in die streek toegeskryf word nie; internasionale standpunte moes ook in oorweging geneem word.

Die VSA se militêre betrokkenheid in SSA tydens die Clinton-era was tiperend van die aard van militêre betrokkenheid deur die Eerste Wêreld in Derde Wêreldstate. Die Clinton-era is gekenmerk deur 'n onwilligheid van Eerste Wêreldstate om deur middel van militêre optrede die veiligheid van SSA te verbeter. Die VSA was in hierdie opsig geen uitsondering nie. Net soos die VSA het ander Eerste Wêreldstate met inisiatiewe vorendag gekom om SSA en ander Derde Wêreldstreke militêr te bemagtig om self hul unieke en komplekse veiligheidsprobleme in streeksverband te hanteer. Die VSA se militêre betrokkenheid tydens die Clinton-era in SSA was gevolglik meestal positief van aard, synde dit ten doel gehad het om enersyds SSA se militêre vermoëns te verbeter en andersyds die veiligheid van die streek te bevorder. Om dit te bereik het die VSA sy weermag hoofsaaklik in nie-tradisionele militêre aktiwiteite in SSA aangewend.

4. DIE VSA SE TOEKOMSTIGE MILITÊRE BETROKKENHEID IN SUB-SAHARA AFRIKA

Die volgende vraag is belangrik: Wat hou die toekoms in ten opsigte van voortgesette militêre betrokkenheid deur die VSA by veiligheid in SSA? Die eerste belangrike vertrekpunt is om te aanvaar dat dit onwaarskynlik is dat die VSA in die toekoms meer belange in SSA sal ontwikkel. Die kans is eerder groter dat die VSA die streek verder sal marginaliseer. Drie faktore sal in die

era na die Clinton-administrasie waarskynlik bepalend wees vir 'n moontlike verandering van die VSA se belange in SSA.

Die eerste is 'n verandering van globale geostrategiese omstandighede. Die aanvalle van 11 September 2001 op die VSA het die potensiaal om wel sodanige verandering teweeg te bring, gesien in die lig van die gevolglike wêreldwye operasies en optrede teen internasionale terrorisme en sogenaamde “skurkstate”. Dit is ook moontlik dat die houding van individuele state in SSA jeens die VSA in hierdie verband 'n herwaardering van die VSA se belange en militêre betrokkenheid in SSA tot gevolg kan hê. 'n Negatiewe houding het die potensiaal om die VSA tot groter militêre optrede in SSA, in die vorm van Soedan-tipe operasies, aan te spoor. Ander faktore, soos groter ekonomiese kompetisie tussen die VSA en ander ekonomieë, spesifiek die Europese Unie, kan egter ook geostrategiese veranderinge meebring.

Die veranderende aard van die veiligheidsituasie in SSA kan tweedens ook aanleiding gee tot die voortgesette onwilligheid van die VSA om militêr in SSA betrokke te raak, veral offensiewe militêre magsaanwending. Die potensiele agteruitgang of verslegting van die veiligheidsituasie in SSA is opgesluit in die voortslepende konflikpotensiaal in die streek; maatskaplike en ekonomiese agteruitgang; en die binnelandse situasie in spesifieke state. Die beleid en optrede van individuele state in SSA, met Zimbabwe as die mees onlangse voorbeeld, het die potensiaal om enersyds SSA nog meer te marginaliseer en andersyds die veiligheid in die streek nadelig te beïnvloed. Thom¹, in 'n artikel wat 'n baie negatiewe vooruitsig vir die toekomstige veiligheidsituasie in SSA bevat, stel dit soos volg: “In 10 years Africa will likely still be at war with itself, continuing the process of nation-building, as relatively strong, stable states survive, and weak, hopelessly fractured ones do not”.

Inisiatiewe vanuit SSA kan derdens die VSA se toekomstige militêre betrokkenheid in SSA beïnvloed. Hierdie inisiatiewe, waarvan een reeds tydens die Clinton-administrasie onder die dekmantel van 'n “Afrika Renaissance” beslag gekry het, word hoofsaaklik deur sleutelstate in SSA geïnisieer. NEPAD (“New Partnership for Africa's Development”) en die stigting van die Afrika Unie, is die mees onlangse voorbeelde in die verband.² Veral NEPAD is waarskynlik die eerste groot post-Koue Oorlog-inisiatief vanuit Afrika om self verantwoordelikheid vir die kontinent te aanvaar. Aan die een kant is die sukses van hierdie inisiatiewe gekoppel aan die VSA en ander Eerste Wêreldmoondhede se betrokkenheid daarby. Hierdie betrokkenheid hou grootliks verband met die vermoë van Afrikaleiers om die VSA en ander grootmoondhede te oortuig om hul steun aan die inisiatiewe toe te sê. Andersyds sal die ondersteuning en toewyding van die state in SSA

en hul leiers vir genoemde inisiatiewe bepalend wees vir die betrokkenheid van die VSA en ander grootmoondhede.

In die geheel gesien is dit egter duidelik dat daar omstandighede in SSA teenwoordig is wat kan aanleiding gee tot groter militêre betrokkenheid deur die VSA. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Daar bestaan die potensiaal vir 'n vermindering van die VSA se militêre betrokkenheid in SSA. Eksterne faktore sal wel 'n rol speel, maar in wese is die omstandighede wat die toekomstige aard van die VSA se militêre betrokkenheid gaan bepaal, in SSA self opgesluit.

5. VERWYSINGS

¹ Thom, W, "Africa's Security Issues Through 2010", *Military Review*, July-August 2000, pp 3-4.

² Kyk in die verband: Cilliers, J, "Peace, security and democracy in Africa? A summary of outcomes from the 2002 OAU/AU summits in Durban", *ISS Paper 60*, August 2002.

OPSOMMING

Onderwerp: Die militêre betrokkenheid van die Verenigde State van Amerika in sub-Sahara Afrika: 1993 - 2001.

Deur: A.J. Esterhuyse

Leier: Prof M. Hough

Departement: Politieke Wetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Graad: Magister in Veiligheidsstudies

Die doel van dié studie is om die militêre betrokkenheid van die VSA by veiligheid in sub-Sahara Afrika (SSA) tydens die Clinton-era (1993-2001) te ondersoek en te ontleed. Dit is gegrond op die aanname dat die VSA tydens die Clinton-era nie veel belang by veiligheid in SSA gehad het nie en daarom veral nie op militêre gebied in SSA betrokke wou raak nie. Uit die aard van die VSA se posisie as die enigste oorblywende supermoondheid in die post-Koue Oorlog-era, het daar egter wel 'n verantwoordelikheid op die VSA gerus om militêr betrokke te wees by die daarstelling van veiligheid in SSA. Die studie steun op twee teoretiese vertrekpunte. Aan die een kant word die veranderende aard van veiligheid wêreldwyd, in die besonder ook in SSA, tydens die post-Koue Oorlog as teoretiese vertrekpunt benut. Aan die ander kant word dit ondersteun deur 'n teoretiese fokus op die aard van militêre betrokkenheid op globale vlak met spesifieke verwysing na SSA in die era na die Koue Oorlog. Laasgenoemde staan in noue verband met die veranderende aard van militêre mag, sowel as die aanwending daarvan, in die post-Koue Oorlog-era.

Die militêre betrokkenheid van die VSA in die hantering van SSA se veiligheidsprobleme tydens die Clinton-era word ondersoek teen die agtergrond van die VSA se belange, beleid, en strategie – spesifiek die veiligheidstrategie. Daar word gewys op die realiteit dat die VSA geen konkrete belange in SSA gehad het nie. Gevolglik is SSA nie as 'n prioriteitsgebied in die VSA se buitelandse beleid beskou nie. Die VSA se beleidsdoelwitte in SSA was daarom gerig op die bevordering van demokrasie, die verbetering van die veiligheidsituasie en die ondersteuning van ekonomiese vooruitgang. Die VSA se onwilligheid om militêre magte in SSA te ontplooi, het gevolglik sy veiligheidstrategie en militêre betrokkenheid in SSA onderlê. Genoemde veiligheidstrategie was in wese voorkomend van aard in dié sin dat dit stabiliteit in die streek moes bevorder ten einde te voorkom dat bedreigings teen die VSA manifesteer.

Die VSA was egter op 'n verskeidenheid wyses militêr in SSA betrokke, waaronder die verskaffing van opleiding, militêre oefeninge en operasies. Dit was egter hoofsaaklik gerig op die bemagtiging van weermagte in SSA. Die argument was dat weermagte in SSA die kapasiteit moes ontwikkel

om demokratiese owerheidsvorms en ekonomiese vooruitgang in SSA te ondersteun. Die VSA-weermag se kapasiteitsbouprogramme in SSA was toegespits op verdedigingshervorming, militêre professionalisering, konfliktoplossings en vredesmagvermoëns, die voorsiening van uitrusting en die verbetering van gesondheids- en omgewingstoestande.

ABSTRACT

Topic: The military involvement of the United States of America in sub-Saharan Africa: 1993 - 2001.

By: A.J. Esterhuysen

Leader: Prof M. Hough

Department: Political Sciences, University of Pretoria.

Degree: Master in Security Studies

The aim of this study is to investigate and analyse the military involvement of the USA in the security of sub-Saharan Africa (SSA) during the era of the Clinton administration (1993-2001). The study is based on the assumption that the US did not have that much interest in the security of SSA during the Clinton era and that it did not want to become militarily involved in SSA. Its position as the only remaining superpower in the post-Cold War era, however placed a responsibility on the US to be militarily involved in the creation of a more secure SSA. The study relies on two theoretical constructs. On the one hand the changing nature of security in the post-Cold War world in general, but specifically in SSA, serves as a theoretical starting point. This is, on the other hand, supported by a theoretical focus on the nature of military involvement globally, but also specifically in SSA in the era after the Cold War. The latter is to a large extent related to the changing nature of military force and the use thereof in the post-Cold War era.

The military involvement of the US in the management of the security of SSA during the Clinton era is analysed against the background of the US interests, policy, and strategy – specifically its security strategy – in SSA. The reality of the absence of concrete US interests in SSA is highlighted. This lack of interest led to a situation whereby SSA could not be a priority in US foreign policy. The US policy objectives in SSA were nevertheless aimed at the promotion of democracy, the improvement of the security situation and the support of economic progress. The reluctance of the US to deploy military forces in SSA underpins its security strategy and military involvement in SSA. The security strategy of the US was in essence preventive in nature since it aimed at preventing the manifestation of threats from SSA against the US by promoting the stability of SSA.

However, the US was still militarily involved in SSA in a variety of ways, from the provision of military training and the conduct of military exercises to military operations. Military involvement centred around the empowerment of armed forces in SSA. It was argued that the capacity of the armed forces of SSA should be developed to support democratic governance and economic progress. The capacity building programmes of the US armed forces in SSA concentrated on defence reform, military professionalism, the creation of indigenous conflict resolution and peace support capabilities, the provision of equipment, and the improvement of health and environmental conditions.

SLEUTELTERME / KEY TERMS

Afrika veiligheid / African security

Clinton-administrasie / Clinton administration

Gewapende konflik / Armed Conflict

Militêre betrokkenheid / Military involvement

Militêre mag / Military force

Post-Koue Oorlog-veiligheid / Post-Cold War security

Sub-Sahara Afrika / Sub-Saharan Africa

VSA-veiligheidsbeleid / US security policy

VSA-veiligheidstrategie / US security strategy

VSA-weermag / US armed forces

BRONNELYS

1. Primêre Bronne

1.1 Owerheidspublikasies

RSA, South African National Defence Force, "USA: Security Policy Towards Africa", *Defence Intelligence Assessment*, No 19/2, 4 April 2002.

United Kingdom, *The Causes of Conflict in Africa*, Africa Policy and Economics Department, Department of International Development, Consultation Document, London, March 2001.

US, "U.S. Policy on Reforming Multilateral Peace Operations", *Presidential Decision Directive 25*, Bureau of International Organisational Affairs, U.S. State Department Publication 10161, 5 Mei 1994.

US, Department of State, "Fact Sheet: US Policy for a New Era in Sub-Sahara Africa", *US Department of State Dispatch*, Bureau of Public Affairs, Vol 4, No 3, 18 January 1993.

US, *A National Security Strategy for A New Century*, Washington DC, May 1997. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.fas.org/man/docs/strategy97.htm>]

US, *A National Security Strategy for a New Century*, Washington DC, October 1999. Beskikbaar op die internet by: [<http://www-cgsc.army.mil/djco/documents/nss1998.htm>]

US, *A Strategy of Flexible and Selective Engagement – National Military Strategy*, Joint Chiefs of Staff, Washington DC, February 1995. Beskikbaar op die internet by: [http://www.fas.org/man/docs/nms_feb95.htm]

US, Army Public Affairs, "U.S. Army Training and Operations Update", *US Army News Release No 98-007*, Washington DC, 8 April 1998.

US, Department of Defense, "DoD Launches African Center for Strategic Studies", News Release, 22 July 1999, Beskikbaar op die internet by: [http://www.defenselink.mil/news/Jul1999/b07221999_bt343-99.html]

US, Department of Defense, Office of African Affairs, *U.S. DoD Africa Strategy*, August 1995, Beskikbaar op die internet by: [http://www.defenselink.mil/policy/isa/a...office_african_affairs_strategy.html]

US, Department of Defense, *US Security Strategy for Sub-Sahara Africa*, US Department of Defense Office of International Security Affairs, Washington DC, August 1995, Beskikbaar op die internet by: [<http://www.defenselink.mil/speeches/1995/s19950801-report.html>]

US, Department of State, "Arms and Conflict in Africa", *Report of the Bureau of Intelligence and Research*, Bureau of Public Affairs, July 1999.

US, Department of State, "Bombings in Nairobi, Kenya and Dar es Salaam, Tanzania August 7, 1998", Fact sheet released by the Bureau of Public Affairs, 7 Augustus 1998.

US, Department of State, "Foreign Military Training and DoD Engagement Activities: Joint Report to Congress", Bureau of Political-Military Affairs, Washington DC, January 2001, Beskikbaar op die internet by: [<http://www.state.gov/t/pm/rls/rpt/fmtrpt/2001/2569.htm>]

US, Department of State, "Summary of the African Crisis Response Initiative", *International Information Programs*, Beskikbaar op die internet by: [<http://usinfo.state.gov/regional/af/acri/acrisumm.htm>]

1.2 Interowerheidspublikasies

Annan, K, "The Causes of Conflict and the Promotion of Durable Peace and Sustainable Development in Africa", *Secretary General's Report to the United Nations Security Council 16 April 1998*.

2. Sekondêre Bronne

2.1 Boeke

- Ayoob, M, *The Third World Security Predicament: State Making, Regional Conflict, and the International System*, Lynne Rienner, Boulder, 1995.
- Berman, E G & Sams, K E, *Peacekeeping in Africa: Capabilities and Culpabilities*, United Nations Publications, Geneva, 2000.
- Brown, M E (Ed), *The International Dimensions of Internal Conflict*, MIT Press, Cambridge, 1996.
- Brown, M E, et al (eds), *Theories of War and Peace*, MIT Press, London 2000.
- Buzan, B, *People, States and Fear: An Agenda For International Security Studies in the Post-Cold War Era*, Harvester Wheatsheaf, New York, 1994.
- Clough, M, *Free at Last? U.S. Policy Toward Africa and the end of the Cold War*, Council of Foreign Relations Press, New York, March 1992.
- Croft, S & Terriff, T (eds), *Critical Reflections on Security and Change*, Frank Cass, London, 2000.
- Dickson, D A, *United States Foreign Policy Towards Sub-Saharan Africa*, University Press of America, 1985.
- Du Plessis, L and Hough, M (eds), *Managing African Conflicts: The Challenge of Military Intervention*, HSRC, Pretoria, 2000.
- Furley, O, *Conflict in Africa*, Tauris, London, 1995.
- Haass, R N, *Intervention. The Use of American Military Force in the Post-Cold War World*, Carnegie Endowment for International Peace, Washington, 1994.
- Hale, W & Kiele, E (eds), *After the Cold War. Security and Democracy in Africa and Asia*, Tauris, London, 1997.
- Hammond, A, *Which World? Scenario's for the 21st Century*, Shearwater, Washington D.C. 1998.
- Holsti, K J, *International Relations: A Framework for Analysis*, Prentice-Hall, London, 7de Uitgawe, 1995.
- Job, B L (ed), *The Insecurity Dilemma: National Security of Third World States*, Lynne Rienner, London, 1992.
- Mandel, R, *The Changing Face of National Security. A Conceptual Analysis*, Greenwood Press, Westport/London, 1994.
- Mason, T, *The Aerospace Revolution: Role Revision and Technology an Overview*, Brassey's, London, 1998.
- Mathur, K M, *Crime, Human Rights and National Security*, Gyan Publishing House, New Delhi, 1996.

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- Schraeder, P J (ed), *Intervention into the 1990's. U.S. Foreign Policy in the Third World*, Lynne Reinner, Boulder, 1992.
- Schraeder, P J, *United States Foreign Policy Towards Africa: Incrementalism, Crisis and Change*, University Press, Cambridge, 1997.
- Shultz, R H et al (eds), *Security Studies for the 21st Century*, Brassey's, London, 1997.
- Snow, D M, *Uncivil Wars: International Security and the New Internal Conflicts*, Lynne Reiner, London, 1996.
- Snyder, C A (ed), *Contemporary Security and Strategy*, Routledge, New York, 1999.
- Sorbo, G M & Vale, P, *Out of Conflict. From War to Peace in Africa*, Nordiska Afrikainstitutet, Uppsala, 1997.

2.2 Tydskrifte en Joernale

- Albright, M, "The Making of U.S. Foreign Policy", *U.S Foreign Policy Agenda*, Vol 5, no 1, March 2000.
- Alden, C, "From Neglect to 'Virtual Engagement': The United States and Its New Paradigm for Africa", *African Affairs*, Vol 99, 2000.
- Art, R J, "Geopolitics Updated: The Strategy of Selective Engagement", *International Security*. Vol 23, No 3, Winter 1998/99.
- Bonnemaison, E, "Security Sector Planning in Africa: Military Force as a Public Good", *African Security Review*, Vol 11, No 2, 2002.
- Booker, S, "The Colour Line: US Foreign Policy and National Interest in Africa", *South African Journal of International Affairs*, Vol 8, No 1, Summer 2001.
- Bridgeman, M, "The US-Africa Binational Commission", *South African Journal of International Affairs*, Vol 8, No 1, Summer 2001.
- Brower, S E & Simons, A, "The ACRI Command and Control Challenge", *Parameters*, Winter 2000-01.
- Buzan, B, "National Security in the Post-Cold War Third World", *Strategic Review for Southern Africa*, Vol XVI, No 1, March 1994.
- Campbell, J E, "Sub-Sahara Africa and die Unified Command Plan", *Joint Forces Quarterly*, Autumn/Winter 2001-02.
- Catoire, R C, "A CINC for Sub-Saharan Africa: Rethinking the Unified Command Plan", *Parameters*, Vol XXX, no. 4, Winter 2000-01.
- Clark, M T, "The Future of Clinton's Foreign and Defense Policy: Multilateral Security", *Comparative Strategy*, Vol 13, 1994.
- Cochran, E S, "The Pivotal State: Post-Apartheid South Africa", *Parameters*, Vol XXX, no 4. Winter 2000-01.
- Diomandé, M, "Strategy for Increased Stability in Africa", *Naval War College Review*, Autumn 1994.
- Freedman, L, "The Revolution In Strategic Affairs", *Adelphi Paper 318*, The International Institute for Strategic Studies, Oxford University Press, London, 1998.
- Freedman, L, "The Changing Forms of Military Conflict", *Survival*, Vol 40, No 4, Winter 1998-99.

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- Gray, C S, "The Changing Nature of Warfare", *Naval War College Review*, Vol XLIX, No 2, Spring 1996.
- Gutteridge, W, "Undoing Military Coups in Africa", *Third World Quarterly*, Vol 7, No 1, January 1995.
- Higgs, R W, "The United States and Sub-Saharan Africa", *Naval War College Review*, Vol XLIX, No 1, Winter 1996.
- Kuperman, A J, "Rwanda in Retrospect", *Foreign Affairs*, Vol 79, No 1, January/February 2000.
- Levitt, J, "The African Crisis Response Initiative: A General Survey", *Africa Insight*, Vol 28 No 3/4, 1998.
- Maynard, W K, "Spears vs. Rifles: The New Equation of Military Power", *Parameters*, Vol XXIII, No 1, Spring 1993.
- Metz, S, "A Strategic Approach to African Security: Challenges and Prospects", *African Security Review*, Vol 9, No 3, 2000
- Mills, G, "South Africa, the United States and Africa", *South African Journal of International Affairs*, Vol 6, No 1, Summer 1998.
- Minter, W, "Africa", *Foreign Policy in Focus*, Overview Edition, Vol 2, No 26. March 1999.
- Minter, W, "America and Africa: Beyond the Double Standard", *Current History*, Vol 99, No 637, May 2000.
- Neethling, T & Esterhuyse, A J, "US Involvement in African Security Requirements: Some Notes and Reflections", *African Armed Forces Journal*, September 2000.
- Newson, E D, "Uniting the Tools of Force and Diplomacy to Enhance Security", *U.S. Foreign Policy Agenda*, Vol 5, No 1, March 2000.
- Newson, E D, "Security Assistance: The Bridge Between Diplomacy and the Use of Force", *U.S. Foreign Policy Agenda*, Vol 4, No 3, December 1999.
- Ngubane, S & Solomon, H, "Southern Africa's New Security Agenda", *Africa Insight*, Vol 32, No 1, March 2002.
- Nye, J S, "US Defence Interest in sub-Saharan Africa", *African Security Review*, Vol 4, No 6, 1995.
- Omach, P, "The African Crisis Response Initiative: Domestic Politics and Convergence of National Interests", *African Affairs*, Vol 99, 2000.
- Perry, H, "Defense in an Age of Hope", *Foreign Affairs*, Vol 75, No 6, November/December 1996.
- Prinslow, K E, "Building Military Relations in Africa", *Military Review*, May-June 1997.
- Rugumamu, S M, "State Sovereignty and Intervention in Africa", *Conflict Trends*, No 4/2001.
- Schreder, P J, "It's the Third World Stupid! Why the Third World Should be the Priority of the Clinton Administration", *Third World Quarterly*, Vol 14, No 2, 1993.
- Thom, W, "Africa's Security Issues Through 2010", *Military Review*, July-August 2000.
- Walker, N J & Hanauer, L, "EUCOM and Sub-Saharan Africa", *Joint Forces Quarterly*, Spring 1997.

2.3 Monografieë en Periodieke Publikasies

- Anon, "Chapter 8: Sub-Sahara Africa", *1998 Strategic Assessment: Engaging Power of Peace*, National Defense University, Institute for National Strategic Studies, 1998.
- Cilliers, J, "Peace, security and democracy in Africa? A summary of outcomes from the 2002 OAU/AU summits in Durban", *ISS Paper 60*, August 2002.

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- Fox, C W, "Military Medical Operations in Sub-Saharan Africa: The DoD 'Point of the Spear' for a New Century", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, 24 June 1997.
- Henk, D & Metz, S, "The United States and the Transformation of African Security: The African Crisis Response Initiative and Beyond", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, 5 December 1997.
- Henk, D, "Peace and Security in Africa: Contributions by the United States", *ISS Monograph No 35*, 1999.
- Henk, D, "Uncharted Paths, Uncertain Vision: U.S. Military Involvements in Sub-Saharan Africa in the Wake of the Cold War", *INSS Occasional Paper 18: Regional Series*, Institute for National Security Studies, US Air Force Academy, Colorado, March 1998.
- Lodge, T, "Towards an Understanding of Contemporary Armed Conflict in Africa", In: *Whither Peacekeeping in Africa? ISS Monograph No 36*, April 1999.
- Malan, M, "US Response to African Crises: An Overview and Preliminary Analysis of the ACRI", *ISS Papers No 24*, August 1997.
- Metz, S, "Refining American Strategy in Africa", *Strategic Studies Institute Monograph*, Strategic Studies Institute, US Army War College, Pennsylvania, February 2000.
- Minter, W, "United States and Africa: Starting Points for a New Policy Framework", *Foreign Policy Focus. Special Report #8*, November 1999.
- Romjue, J L, "The Evolution of American Army Doctrine", In: Gooch, J (ed), "The Origins of Contemporary Doctrine", *SCSI Occasional Paper No 30*, September 1997.
- Simpson, D H, "U.S. African Policy: Some Possible Course Adjustment", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, August 1994.
- Tilford, E H (ed), "World View: The 1998 Strategic Assessment from the Strategic Studies Institute", *Strategic Studies Institute Monograph*, US Army War College, Strategic Studies Institute, Pennsylvania, 26 February 1998.
- Williams, R, "Don't Hold the African Crisis Response Force Hostage to Unrealistic Demands", *ISS Papers No 20*, April 1997.

2.3 Koerante

Die Burger, (Kaapstad) 4 April 2002.

The New York Times, (New York) 8 January 2001.

3. Internetbronne

"African Crisis Response Initiative (ACRI): A Peacekeeping Alliance in Africa", *Project on Peacekeeping and the United Nations*, Beskikbaar op die internet by: [<http://www.clw.org/pub/clw/un/acri.html>]

African News Service, 22 October 1997. Beskikbaar op die internet by [<http://www.africanews.org>]

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

- CNN, *U.S. Choosy about Military Intervention*, 22 Mei 1996. Beskikbaar op die Internet by:
[<http://www.cnn.com/US/9605/22/us.military.africa/>]
- Global Issues*, "The Strike against Afghanistan and Sudan", Beskikbaar op die internet by:
[<http://www.globalissues.org/Geopolitics/MiddleEast/AfghanSudan.asp>]
- Issues 2002, *Al Gore on Foreign Policy*, Beskikbaar op die internet by:
[www.issues2000.org/Al_Gore_Foreign_Policy.htm]
- Kuperus, T, "Kosovo and Rwanda: Selective Interventionism?" *Public Justice Report*, The Center for Public Justice. Beskikbaar op die Internet by: [[http://www.cpjustice.org/stories/storyReader\\$646](http://www.cpjustice.org/stories/storyReader$646)]
- Lanham, R W, *Beyond the Clinton Doctrine: U.S. Military Intervention Policy*, 1997. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.globalsecurity.org/military/library/report/1997/Lanham.htm>]
- Mokhiber, J and Young, R, "The Uses of Force", *Frontline*, 1999. Beskikbaar op die internet by:
[<http://www.pbs.org/wgbh/pages/frontline/shows/military/force/>]
- Past Presidents, Biography of William J Clinton: Forty-Second President 1993-2001*, The White House, Washington DC. Beskikbaar op die Internet by:
[<http://www.whitehouse.gov/history/presidents/bc42.html>]
- Program on International Policy Attitudes, "Humanitarian Military Intervention in Africa", *Americans & The World*. Beskikbaar op die Internet by: [http://www.americans-world.org/digest/regional_issues/Africa/africa4.cfm]
- Webbladsy: *African Center for Strategic Studies*. [<http://www.africacenter.org/>]
- Webbladsy: *MPRI* [http://www.mpri.com/subchannels/int_africa.html]
- Webbladsy: *International Federation of the Red Cross and Red Crescent Societies*.
[<http://www.ifrc.org/WHAT/health/archi/fact/fmines.htm>]
- Webbladsy: *U.S. Department of Commerce, Africa Growth and Opportunity Act*.
[<http://www.agoa.gov/index.html>]

4. Ander Bronne

- Bacon, J *et al*, *Sub-Saharan Africa: Pragmatism in the National Interest*, Studentewerkstuk, National Defense University, National War College, 1998.
- Bridgeman, M, *Between 'Partnership' and Disengagement: Mapping the Contours of US Policy Towards Post-Apartheid South Africa*, Dissertation presented for the Degree of Doctor of Philosophy at the University of Stellenbosch, December 1999.
- Cilliers, J, "Security in Africa" Referaat gelewer tydens die Ministriële Konferensie rakende Veiligheid, Stabiliteit, Ontwikkeling en Samewerking in Abudja, Nigerië, 8 Mei 2000. Beskikbaar op die internet by: [<http://www.iss.co.za/Pubs/Other/Abudja.html>]
- Hooks, A, "Promoting Security in Africa – The U.S. Contribution". Referaat gelewer by "Council of Foreign Relations" in 'n reeks getitel *American Policymakers on Africa*, New York, 10 February 2000. Beskikbaar op die Internet: [<http://usinfo.state.gov/regional/af/acri/hookstx.htm>]

University of Pretoria etd – Esterhuyse, A J (2003)

Shaw, B, Aanbieding deur dr Bryant Shaw, Akademiese Dekaan van die ACSS, ACSS-Botswana Seminaar, 3 Julie 2000.

Verbrugge, K *et al*, "Sub-Saharan Africa: Adrift in a Sea of Misery. Defining U.S. National Strategy", Studentewerkstuk, National Defense University, National War College, 1997.